**APRIL 2016**
**BYLAE/SUPPLEMENT**

GRAAN SA GRAIN

# GRAAN SA/GRAIN SA NAMPO OESDAG/HARVEST DAY

## BOTHAVILLE

Na 50 jaar steeds landbou se toonaangewende vertoonvenster

After 50 years still agriculture's state of the art showcase


ticketpro

NAMPO toep/app

www.nampo.co.za • www.grainsa.co.za
www.nampo.mobi • www.ticketpro.co.za.

# A LEADING DISTRIBUTOR OF BEARINGS AND POWER TRANSMISSIONS

## WE HAVE ALL YOUR NEEDS COVERED

- 58 years experience
- Longstanding relationships with the world's best brands
- More than 46 branches nationwide network including Namibia
- Nationwide customer support for all emergencies

You can trust BI to provide the bearings and power transmission solutions you need efficiently and cost-effectively. We partner with you every step of the way. Our specialist teams are ready to take your call.

**www.bearings.co.za** | +27 11 899 0000 | info@bearings.co.za | **BI 24-HR HOTLINE:** 083 250 9191 for all emergencies
Visit us online for full branch listings. We're open from 8am to 4:30pm, Monday to Friday.

**NAMPO** (Hall 119, Stand 49-50)

BEARINGS INTERNATIONAL

BBBEE LEVEL 3 CONTRIBUTOR

ISO 9001 Certified

ALWAYS THERE, MAKING IT WORK.

A MEMBER OF THE Hudaco GROUP

# HIER VOEL JY TUIS



**Estie de Villiers**
Redakteur: *SA Graan/Grain*

Toe ons 'n paar jaar gelede in Nelspruit aangekom het, ook het ons aanvanklik *church hopping* gedoen: Verskillende gemeentes besoek totdat ons eendag by ons kerk ingestap het en sommer net tuis gevoel het. Gevoel het dit is waar ons hoort. Dit is ons plek dié.

Ek dink met Graan SA se NAMPO Oesdag is dit ook só: As jy vroegoggend (effens verkluim van die Vrystaatse koue) deur die hekke op NAMPO Park instap, voel jy sommer net: Dit is waar ek hoort. Dit is my mense dié. Hulle verstaan my. Hulle verstaan van die droogte. Hulle verstaan van mielies wat vanjaar witgebrand op die land staan. Van rooi lande waar net die wind dié jaar dwarrel en skape honger blêr.

Cobus van Coller (voorsitter van die NAMPO Oesdagkomitee) moedig produsente juis daarom aan om die Oesdag vanjaar te besoek. Volgens hom is dit noodsaaklik dat produsente met mekaar gesels en inligting uitruil tydens só 'n moeilike jaar.

"Die Oesdag is die platform waar jy met medeprodusente kan kommunikeer en mekaar kan ondersteun in 'n uitdagende seisoen soos vanjaar. Dit is die ideale geleentheid om vas te stel wat jy tot jou boerdery kan byvoeg om verdere waarde te skep en ook uit te vind watter planne of tegnologie ander produsente gebruik. Sodoende kan jy op hoogte bly van die nuutste tegnologie, dienste en produkte," sê hy. Lees meer op bladsy 6.

## Veels geluk!

Dit is natuurlik ook vanjaar die 50ste NAMPO Oesdag wat aangebied word en Graan SA wil graag die geleentheid benut om die mense agter die NAMPO Oesdag-skerms te bedank vir hul tyd en opofferings oor die afgelope 50 jaar.

Volgens Johan Loxton (bestuurder: Kommersiële Dienste, Graan SA), is hierdie jaar se Oesdag baie spesiaal. "Ons wil erkenning gee aan ál die vrywilligers wat oor 50 jaar sonder enige vergoeding hul tyd en energie aan die Oesdag gewy het." Die redaksie het ook met vier oud-Oesdagvoorsitters gaan gesels en hulle kyk op bladsy 94 en 96 breëbors terug.

Lees gerus ook meer oor die geskiedenis van die NAMPO Oesdag op bladsy 70 tot bladsy 78 van dié uitgawe. Die ou foto's wat uit die argiewe opgediep is en in die tydskrif gebruik is, hou vir my persoonlik 'n spesiale bekoring in! Ongelooflik om te sien hoe die Oesdag oor die jare verander en uitgebrei het.

## Doen jou beplanning vooraf

Vanjaar se Oesdag sal, soos alle voriges, weer aan besoekers die geleentheid gee om nuwe tegnologie, dienste en produkte alles onder die spreekwoordelike "een dak" en op een terrein te sien en te ervaar.

Hierdie spesiale *SA Graan/Grain* NAMPO Oesdag-uitgawe bied 'n goeie oorsig van wat jy van vanjaar se NAMPO kan verwag sodat jy jou besoek vooraf kan beplan, want 'n mens kan nie hier net doelloos ronddrentel en dink jy gaan alles by die Oesdag te siene kry nie – die terrein is eenvoudig te groot! En as jou bene net nie meer WIL of KAN nie, is daar spesiale trekker-en-sleepwaentjies wat drie verskillende roetes op die terrein diens. Klim gerus op en ry saam.

## Maak 'n draai by ons adverteerders

Die spesiale uitgawe is weer in afdelings ingedeel: Natuurlike hulpbronne en energie; bemesting; geldsake en finansiële dienste; werktuie, implemente en toerusting; landbou-algemeen; geïntegreerde plaagbeheer; saad; voertuie en toebehore; en diere.

Baie dankie aan diegene wat by ons geadverteer het. Sonder julle sou dit nie moontlik gewees het om hierdie handige produk aan ons lesers te bied nie.

Groetnis tot ons mekaar Meimaand by die Oesdag sien!

Estie

GRAIN SA
GRAAN SA

GRAAN SA GRAIN


ISSN 1814-1676

**EIENAAR/UITGEWER**
**GRAAN SA, POSBUS 88, BOTHAVILLE 9660**
**BESTURENDE REDAKTEUR:** Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
• E-pos: *johan@infoworks.biz*

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR**: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
Faks: 086 275 4157
• E-pos: *estiedv@mweb.co.za*

**ADVERTENSIEVERKOPE**
**KOLBE MEDIA** – Kaapstad
Jurgen van Onselen
Tel/Faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
• E-pos: *jurgenvo@iburst.co.za*

# INHOUD




## AKTUEEL/RELEVANT

4 Van toe tot nou...
Graan SA-lede is topprioriteit
6 NAMPO Oesdag: Na 50 jaar steeds landbou se toonaangewende vertoonvenster
12 Kom bemagtig jouself so kuier-kuier met inligting
18 Alles wat jy moet weet oor NAMPO onder een dak
20 Nuwigheid uit die geskiedenis
26 Ver stap nou iets van die verlede
27 Kom hop weer op die Mielie Hop
33 Jou gespreksgenoot in landbou
40 Laaste eer aan slagoffers van plaasmoorde
46 Akkommodasie vir elke smaak by Oesdag
59 Wat is NAMPO sonder 'n pannekoek of sosatie?
70 Vir produsente; deur produsente
– 'n halfeeu van Oesdaggeskiedenis
85 Dames, beplan jou inkopie-padkaart
92 Neem 'n ingeligte besluit by saadplotte
93 Meld probleme hiér aan
94 Vier Oesdagvoorsitters kyk terug...
95 Deel die nuus oor NAMPO
97 Koop jou kaartjies aanlyn
104 Kom ervaar die opwinding
108 Boerepatente-inskrywingsvorm
110 Boerepatentekompetisie – gee jou verbeelding vrye teuels
111 Die viervoetiges by NAMPO – altyd die moeite werd om te sien
112 Terreinkaart van NAMPO Park

## 5 NATUURLIKE HULPBRONNE EN ENERGIE/ NATURAL RESOURCES AND ENERGY

8 A survival guide in times of a water crisis

## 9 BEMESTING/FERTILISER

11 Verhoogde opbrengs met verbeterde effektiwiteit

## 13 GELDSAKE EN FINANSIËLE DIENSTE/ MONEY MATTERS AND FINANCIAL SERVICES

15 Trek só die wa deur die (droë) drif

## 17 WERKTUIE, IMPLEMENTE EN TOERUSTING/ MACHINERY, IMPLEMENTS AND EQUIPMENT

23 Werk suinig met skaars water
24 New series added to best-in-class tractors
29 Dié rusperbandtrekkers is die ware Jakob
31 Tegnologies die regte opsie vir jou boerdery




32 Breakthrough technology reduces costs on an annual basis
34 Hele reeks van dié trekkerstal by NAMPO ten toon gestel
37 Cordless convenience and power
38 One of the most efficient methods of drying grain
39 Jongste tegnologie verseker dat besproeiing glad verloop
43 Alfalfa: Get the water back on
45 Die eerste keuse vir 'n vol reeks meganisasietoerusting
49 The producer's fire management friend – finalise your 2016 fire management plan
50 Breakthrough technology reduces costs on an annual basis – new brand identity to be unveiled at NAMPO
51 TLB: The muscle one needs
53 Betroubare implemente al vir 51 jaar
54 Internetbeheer bied toegang tot beheeropsies van spilpunte
55 Stewige strukture in 'n japtrap
57 Gereed met nuwe oplossing vir die mark
59 50 jaar oud in 2017
61 Draf nouer rywydtes een-twee-drie kaf met dié planter
62 Fokus op nuwe reeks by Oesdag
64 The power of precision – helps increase productivity, reduce inputs and maximise yield potential
67 Vind hier meer uit oor bande (terwyl jou voete rus)

69 LANDBOU-ALGEMEEN/AGRI-GENERAL
80 Droogtebul by die horings gepak in Noordwes

83 GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER/ INTEGRATED PEST CONTROL
86 Nuwe, revolusionêre voor-opkoms-onkruidbeheeroplossing vir mielies

89 SAAD/SEED
91 Produkreeks bereik nuwe hoogtes
98 Verbind tot die ontwikkeling van 'n wye reeks geïntegreerde oplossings
101 Harnessing technology for producers

103 VOERTUIE EN TOEBEHORE/ VEHICLES AND EQUIPMENT
107 New tougher, smarter, more capable *bakkie*

109 DIERE/ANIMALS


## Medewerkers vir hierdie uitgawe:


Ashley Erasmus en Jesseme Ross (uitlegkunstenaars), Elmien Bosch, Elizabeth Botha, Louise Kunz, Ruth Schultz, Johan Smit, Adri Theron en Landé Willemse asook Johan Loxton, Wim Venter en Rialeen Lombard van Graan SA.

# VAN TOE TOT NOU...

## Graan SA-lede is topprioriteit

**Alzena Gomes, skakelbeampte: Graan SA**

Nie eers met die verskuiwing van die Graan SA-ledelokaal twee jaar terug het die opgewondenheid met die opbou na die Graan SA NAMPO Oesdag só sterk geheers nie! En met dié dat ons Graan SA se NAMPO Oesdag se 50ste aanbieding vier, is daar soveel te meer rede om hierdie jaar uit te sien na 'n onvergeetlike week!

Graan SA-lede word jaarliks met trots op NAMPO Park by die eksklusiewe parkeerarea ontvang. Alle lede het gratis toegang en die gebruiklike gholfkarretjie-ritte vanaf die ledehek tot by die ledelokaal verseker dat elke lid se ervaring van die Oesdag op 'n hartlike noot begin.

Die stomende koppie boeretroos of warm sjokolade en vroeg-oggend-beskuit, gee ook aan ons lede die nodige hupstoot om die koue buite aan te durf vir die groot NAMPO-staptog. Die Graan SA-ledelokaal bied verder verversings deur die dag, 'n koel lafenis tydens die middaghitte en 'n gemaklike rusplek vir oud en jonk, sowel as 'n lekker kuierplek op die stoep terwyl die dag einde se kant toe begin staan – beslis dié plek om gesien te word!

Die ledelokaal sal weer voorsiening maak vir lewendige Safex-skerms waar produsente op hoogte kan bly van enige verandering in die markte, met die Graan SA-ekonome byderhand om produsente met navrae by te staan.

Benewens die inligting wat aan produsente beskikbaar gestel sal word, kan lede ook uitsien na 'n eenstopdiens met personeel byderhand om hul van hulp te wees. Verder bied die ledelokaal ook aan Graan SA-hoofbestuur en -personeel die geleentheid om ons lede van nader te leer ken. Ter viering van NAMPO se 50ste aanbieding, bied ons jou 'n interessante kykie op die gebeure van toe tot nou – en met dié tema (wat ook in die Graan SA-uitstalling uitgebeeld sal word) nooi ons jou om die besondere mylpaal saam met ons te vier.

Die gewilde *Nasie in Gesprek*-aanbieding, nou in sy vierde jaar, beloof hierdie jaar om weer eens, onder leiding van die ekonoom mnr Theo Vorster, 'n platform aan landbourolspelers en -leiers te bied om op 'n enkele platform landbousake van nasionale belang te bespreek, te debatteer en konstruktief te benader en sodoende die volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika te bevorder.

Graan SA-lede kan beide die Afrikaanse gesprek in die oggend en Engelse gesprek in die middag regstreeks vanuit die gerief van die ledelokaal volg. Dié Senwes-inisiatief word op *kykNET* uitgesaai en die vennootskap bied die bykomende geleentheid aan Graan SA om bewustheid te skep van die noodsaaklikheid van ons graanprodusente se aktiwiteite om voedselsekerheid in ons land te verseker.

Die 2016 NAMPO Oesdag gaan alle verwagtinge oortref en bied aan ons lede die ideale plek om met landbourolspelers en verskaffers te netwerk, vriendskapsbande uit te brei en selfs, te midde van die knellende droogte, die aanbiedinge van die grootste landboutentoonstelling in die Suidelike Halfrond te kom geniet.

Graan SA-lede sal per e-pos toegangreëlings ontvang en ons sien daarna uit om elke lid in die Graan SA-ledelokaal te verwelkom. ■



**Burrie Erasmus, Will Hanekom en Johan van der Merwe (almal van Hartswater) het verlede jaar 'n draai by die ledelokaal gemaak en 'n koppie boeretroos geniet.**



**Albert, Righard, Arnel en Mia le Roux (al die pad van Windhoek) het verlede jaar die Oesdag saam met oupa Louis en ouma Maxie Alberts (Lichtenburg) kom geniet.**



**Lede van Fouriesburg en Kestell ontspan laatmiddag op die stoep by die ledelokaal. Voor: Paul en Tia de Wet en Jan en Amelia Scheepers. Agter: Fanie en Zanet Scheepers.**

GRAAN SA/GRAIN SA

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY

# NATUURLIKE HULPBRONNE EN ENERGIE






▲ Die eerste geboue het in 1974 op die permanente Oesdagterrein verrys. Hier word die vloer van een van die restaurante gegooi.

▶ Die plaas Marthaville naby Bothaville is sedert 1974 die permanente tuiste van die Oesdag.

# NAMPO OESDAG:

## Na 50 jaar steeds landbou se toonaangewende vertoonvenster

***SA Graan/Grain* redaksie**



▲ Johan Loxton en Cobus van Coller deel 'n ligte oomblik tydens verlede jaar se NAMPO Oesdag.

Met die 50ste NAMPO Oesdag wat aangebied word, wil Graan SA graag die geleentheid benut om die mense agter die skerms te bedank vir hul tyd en opofferings die afgelope 50 jaar.

Volgens mnr Johan Loxton (bestuurder: Kommersiële Dienste, Graan SA), is hierdie jaar se Oesdag baie spesiaal. Ons wil erkenning gee aan al die vrywilligers Hoofbestuurslede en personeel wat oor 50 jaar hulle tyd en energie aan die Oesdag gewy het.

"Tydens die 50ste NAMPO Oesdag sal daar 'n geleentheid vir geskep word om mekaar weer te sien of om nuwe vriendskappe te smee en sommer net lekker gesellig saam te kuier." Graan SA beplan 'n saamkuier en middagete vir al die staatmakers tydens die Vrydagmiddag van vanjaar se Oesdag. Loxton noem ook dat 'n ererol saamgestel word met name van persone wat oor die jare, reg vanaf die ontstaan van die Oesdag, betrokke was en sodoende verseker het dat die Oesdag van krag tot krag gaan.

"Wat verblydend is, is dat die agt uitstallers wat by die eerste Oesdag uitgestal het, nog steeds – na 'n halwe dekade – hier uitstal. Party van hierdie uitstallers se name het wel intussen verander of hulle is oorgeneem deur ander maatskappye." Loxton noem verder dat die uitstallers wat van die begin af op die huidige terrein uitgestal het, geïdentifiseer is en ook erkenning sal ontvang. Hy sê dat hierdie jaar se Oesdag, soos alle voriges, weer aan besoekers die geleentheid sal gee om nuwe tegnologie, dienste en produkte alles onder die spreekwoordelike "een dak" en op een terrein te sien en te ervaar.

"Wat die Oesdag gewild maak onder besoekers, is die feit dat daar jaarliks verskeie nuwe bekendstellings is. "Baie uitstallers benut die Oesdag as die ideale platform om nuwe produkte en dienste aan die publiek bekend stel.

Een van die redes daarvoor is omdat die uitstallers weet dat die regte mark direk bereik word by die Oesdag," volgens Loxton.

Mnr Cobus van Coller (voorsitter van die NAMPO Oesdag-komitee), stem heelhartig saam en voeg by dat dit veral tydens hierdie droogtejaar noodsaaklik vir produsente is om NAMPO Oesdag te besoek. Sodoende sal produsente op hoogte bly van die nuutste tegnologie, dienste en produkte.

"Die tweede doel wat jy bereik tydens jou besoek aan die Oesdag, is om vas te stel wat jy by jou boerdery kan voeg om verdere waarde toe te voeg. NAMPO is die ideale geleentheid om dit te doen en ook uit te vind watter planne of tegnologie ander produsente gebruik."

Volgens Van Coller is dit noodsaaklik dat produsente met mekaar gesels en inligting uitruil tydens 'n moeilike jaar. "Die Oesdag is die platform waar jy met medeprodusente kan kommunikeer en mekaar kan ondersteun in 'n uitdagende seisoen soos vanjaar."

Volgens Loxton en Van Coller behoort die droogte nie 'n noemenswaardige invloed op die bywoning te hê nie en die aantal uitstallers sal ook min of meer dieselfde as verlede jaar wees.

"Ons ontvang jaarliks meer aansoeke as kansellasies en hierdie jaar is geen uitsondering nie," noem Loxton. "Dit bewys weer eens dat uitstallers die moeite doen om selfs tydens moeilike jare uit te stal en sodoende steeds hul nuutste produkte en dienste aan potensiële kliënte kom ten toon stel. "Oor die afgelope 50 jaar van die Oesdag se bestaan, het dit steeds die mees toonaangewende landboutentoonstelling gebly," aldus Loxton. "Die Oesdag bied jaarliks aan die produsent dié vertoonvenster van die nuutste tegnologie, produkte en dienste en ek is net so opgewonde oor hierdie een as met al die vorige Oesdae."

Loxton noem ook die immer gewilde *Nasie in Gesprek*-gespreksforum weer die jaar een van die hoogtepunte op die program sal wees. Daar word verskeie temas vir elke dag beplan en dit sal ook weer op *KykNet* uitgesaai word. Die temas wat bespreek gaan word, sal aktueel en van toepassing wees op die produsent en landbou in Suid-Afrika.

Die 4x4-demonstrasies bly ook jaarliks saam met die Boerepatentekompetisie 'n toeskouergunsteling en behoort weer goeie aftrek te kry.

Die nasionale afslaerskompetisie is verlede jaar die eerste keer aangebied en het reeds baie belangstelling gelok. Die Toyota-afslaerskompetisie, aangebied deur *Veeplaas* in samewerking met Graan SA, is oop vir enige persoon wat sy afslaerstalent wil meet teen ander kandidate.

'n Moet op die produsent se NAMPO-lysie is 'n besoek aan die saadplotte waar saadmaatskappye hul kultivars aanplant en eerstehands aan produsente en verbruikers ten toon stel.

Loxton noem dat die terrein jaarliks volgens prioriteit en soos fondse beskikbaar raak, opgegradeer en verbeter word. "Ons doen alles in ons vermoë om te verseker dat die besoekers en uitstallers die beste moontlike geriewe geniet."

Van die opgraderings vanjaar sluit in die plavei van die toegangspad vanaf Hek 1 tot langs die 4x4-baan. Daar is ook heelwat ander opgraderings en uitbreidings aan die algemene infrastruktuur op die terrein gedoen.

Om hierby aan te sluit, word die nuutste tegnologie ook jaarliks deur Graan SA ingespan om die aanbieding van die Oesdag glad te laat verloop. "Tegnologie word onder andere benut om die watertoevoer en die werking van die rioolstelsel te monitor," aldus Loxton. ■




# A survival guide in times of a water crisis

**RENE REECE,** Elsumo

The South African farming industry, amongst many others worldwide, is in a state of panic. We are all only too aware of the dramatic droughts and water shortage problems not only within South Africa, but on the continent at large. One could blame it on bad resource governance, inefficient infrastructures and global warming. The truth remains that at the end of the day, you have to ensure your farming business survives, and that, as you know, is only possible with water.

The recent drought has been a harsh yet realistic reminder of things to come. The farming and agricultural industry has been hard hit by the effects, and now is a crucial time to plan for the future.

## How are you optimising on your water supply?

If you have a limited water supply, you need to optimise your usage. Getting through a drought is a combination of having enough water stored and utilising your water supply in the most efficient way possible. Ensure that your irrigation system is not over-designed and that you are not overusing the available supply of water. Without a continuous water source, you need to consider storage.

When planning your storage, ensure that you optimise its purpose. This may be to enlarge the storage volume, and where possible cover it to avoid excess evaporation. Eradicating leakages is vital, as large volumes of water are lost over time. Once you have storage, optimise and extend the time of your water availability.

At Elsumo we supply energy efficient water supply equipment, combined with over 100 years of expertise. With our technical advice and guidance, you'll soon be headed in the direction of making the most of your valuable resource, and survive it through the worst of times.

Visit us at Grain SA's NAMPO Harvest Day – at stand 187. For any questions and/or advice on how to implement a reliable and sustainable system, feel free to come and talk to us. ■

Elsumo
your reliable water supply and effluent transfer brand

TECH NOTE
Unit of flow relationship
ℓ/s = ℓ/m = ℓ/h = m³/h ÷ 3.6 = G/m = G/h
1 = 60 = 3600 = 3.6 = 13.2 = 792



VISIT US AT NAMPO STAND 187

**PROVIDERS OF:** Pumps, pipes, valves, fittings, tanks, control equipment, irrigation fittings, hydro-installation tools, solar pumping equipment and much more..


**PRODUCTS AND SERVICES INCLUDE:**
- Irrigation and water transfer advice
- Solar advice and/or design
- Water supply and effluent transfer pumps and accessories
- Energy and cost saving methods
- Problem assessment and maintenance support

**OUR BRANCHES**

Western Cape,
Tel: +27 (0)21 875 5781
Fax: +27 (0)21 875 5787


Gauteng Province,
Tel: +27 (0)11 452 4981
Fax: +27 (0)11 452 4982

Windhoek, Namibia,
Tel: +264 (0)61 310 550
Fax: +264 (0)61 310 555



Borehole Pumps


Drainage Pumps


Booster Pumps


Sewage Pumps

www.elsumo.co
info@elsumo.co



GRAAN SA/GRAIN SA

NAMPO


OESDAG/HARVEST DAY

# BEMESTING



'n Foto wat dateer uit die laat sewentigerjare beeld die opwinding uit van 'n demonstrasie deur 'n bespuitingsvliegtuig tydens die Oesdag.

# Voeding volgens **plantontwikkeling**




uppe marketing A13974/SAGNB

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting toedien volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat jou **mielieplante kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het**. Boonop het jy gemoedsrus, omdat jy weet, met Kynoch op jou plaas van meet af aan, haal jy net die beste uit jou mielies en is jy verseker van verbeterde doeltreffendheid in graankwaliteit en opbrengspotensiaal.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

Kynoch

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**
Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

**Farmisco (Edms) Bpk.** h/a Kynoch Fertilizer Reg. No. 2009/0092541/07

**KynoPlus**™ is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No. K8024, **KynoPop**™ Reg. No. K9101, **Mielie OEMFF**® Reg. No. K8702, **Foli-Grande**™ Reg. No. K8045 en **Foli-Plus**™ Reg. In proses (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

# Verhoogde opbrengs met verbeterde effektiwiteit

**JOHAN VAN BILJON,** Kynoch Kunsmis

Die Suid-Afrikaanse graanprodusent het opbrengs oor tyd betekenisvol verhoog met verbeterde praktyke en produkte. Hierdie prestasie is nog meer merkwaardig as ons relatiewe lae en wisselvallige reënval in ag geneem word.

## Opbrengsverhoging

Indien daar na opbrengs oor tyd gekyk word, was mielie-opbrengs gedurende 1920 ongeveer 0,5 t/ha. Die opbrengs (vyf jaar-gegroepeerde opbrengs – dit wil sê elke punt is die gemiddelde nasionale opbrengs vir die voorafgaande vyf jaar) het geleidelik toegeneem tot ongeveer 1 t/ha gedurende 1960, wat 'n opbrengsverhoging van ongeveer 12,5 kg/ha per jaar beteken. Die tydperk vanaf 1960 tot 2015 het veel beter groei getoon en kan hoofsaaklik in vier tydperke (**Grafiek 1**) verdeel word:

## Tydperk 1: 1960 tot 1970

Gedurende hierdie tien jaar-periode het die gemiddelde opbrengs van ongeveer 1 t/ha tot ongeveer 1,4 t/ha gestyg, wat 'n opbrengsverhoging van ongeveer 40 kg/ha per jaar beteken – aansienlik hoër as die 12,5 kg/ha per jaar van die vorige 40 jaar. Gedurende hierdie tydperk het kragtiger trekkers met gevolglike dieper ploegbewerking begin toeneem. Die gevolg hiervan was dat meer organiese materiaal afgebreek is en meer voedingstowwe vir die gewasse beskikbaar geraak het. Die voordeel hiervan was dat opbrengs verhoog het, maar dat die organiese materiaalinhoud van die grond, met nadelige effekte, verlaag het. Gedurende hierdie tydperk is bastermielies ook bekend gestel – wat ook 'n bydrae tot die verhoging in opbrengs gemaak het.

## Tydperk 2: 1970 tot 1980

Gedurende hierdie tien jaar het die opbrengs van ongeveer 1,4 t/ha tot ongeveer 2,1 t/ha gestyg. Hierdie styging is ongeveer 70 kg/ha per jaar – wat nog hoër as die vorige tien jaar was. Gedurende hierdie tydperk is daar veral op bemestingsnavorsing gekonsentreer. Bemestingsriglyne is vir verskillende gewasse ontwikkel en veral mielienavorsing het baie aandag geniet. Na aanleiding van hierdie navorsing is grondontledings, met gevolglike bemestingsbeplanning (met inagneming van die voedingstofstatus van die grond en ook die beplanningsopbrengs), al hoe meer gebruik. Die gebruik van stikstof as topbemesting is ook al hoe meer gebruik, wat dan ook 'n bydrae tot die verhoging in opbrengs gemaak het.

## Tydperk 3: 1980 tot 1995

Gedurende hierdie 15 jaar het die opbrengs op ongeveer 2,1 t/ha sywaarts beweeg. Dit is dan ook gedurende hierdie tydperk wat sanksies teen Suid-Afrika ingestel is. Voedselsekerheid was krities en die regering het uit hulle pad gegaan om veral mielieproduksie aan te moedig. Dit het meegebring dat mielies ook op marginale gronde, wat nie vir mielieproduksie geskik is nie, geplant is. Hierdie "swakker" gronde het dan veroorsaak dat die gemiddelde opbrengs nie gestyg het nie. Die sanksies het ook tot gevolg gehad dat nuwe tegnologie nie die land binnegekom het nie en daar eers tot die volgende tydperk gewag moes word voordat hierdie nuwe tegnologie 'n bydrae tot verhoogde opbrengs kon maak.

## Tydperk 4: 1995 tot 2015

Gedurende die afgelope 20 jaar is ongekende verhoging in mielie-opbrengs behaal. Die opbrengs het van ongeveer 2,1 t/ha tot ongeveer 4,4 t/ha gestyg. Dit gee 'n ongekende verhoging van ongeveer 115 kg/ha per jaar, die hoogste in die geskiedenis tot nou toe. Een van die groot veranderings gedurende hierdie tydperk was die instelling van die vryemarkstelsel. Oornag het die speelveld verander en moes aanpassings gemaak word om te kan oorleef. Een van die aanpassings was om marginale gronde uit mielieproduksie te onttrek. Dit het meegebring dat mielies net op die beter gronde geplant is – wat 'n groot bydrae tot die verhoging in mielie-opbrengs gemaak het.


Die bekendstelling van die nuwe generasie kultivars, naamlik geneties-gemodifiseerde organismes, het 'n totaal nuwe dimensie aan gewasverbouing gegee. Die opbrengspotensiaal van kultivars het oornag gestyg en ander nuwe tegnologie is in plek gestel om hierdie potensiaal te benut. Nie net is daar meer en meer van bewaringsbewerkingspraktyke gebruik gemaak nie, maar is tegnologie soos presisieboerdery ingespan om gewasproduksie meer effektief te maak. Bemestingspraktyke is ook aangepas en nuwe produkte is ontwikkel om hierdie nuwe potensiaal te benut.

## Nuwe benadering in bemesting

Die verhoging van die opbrengspotensiaal het genoodsaak dat bemestingspraktyke aangepas moet word om die potensiaal te benut. Die nuwe generasie kultivars het ook meegebring dat die gronddrumpelwaardes van verskeie voedingstowwe verhoog moes word. Die aanpassings het nie hier gestop nie, want nuwe generasieprodukte moes ook ontwikkel word om in die nuwe behoeftes te voorsien. Só het Kynoch Kunsmis begin om die effektiwiteit van kunsmisprodukte, sowel as die effektiwiteit van gewasse, te verbeter. Tesame hiermee word daar van 'n plekspesifieke-, gewasspesifieke- en groeistadiumspesifieke benadering gebruik gemaak. Dit is juis 'n kombinasie van hierdie produkte en benaderings wat die gewasprodusent in staat stel om die potensiaal wat vir elke jaar beskikbaar is, maksimaal te benut.

Kom besoek Kynoch by Graan SA se NAMPO Oesdag op standplaas 33 en kyk self wat beteken: "Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie". ■

**GRAFIEK 1: GEGROEPEERDE GEMIDDELDE MIELIE-OPBRENGS VANAF 1960 TOT 2015.**



# KOM BEMAGTIG JOUSELF
## so kuier-kuier met inligting

***SA Graan/Grain* redaksie**

"In samesyn kan die mensdom sterk staan, maar verdeeld sal ons val." Hierdie gesegde loop al vir generasies hand-aan-hand met die mensdom en is dan ook die boodskap wat mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) aan produsente regoor die land wil oordra.

Hy noem dat baie produsente platgeslaan en moedeloos voel as gevolg van die landwye droogte wat die land se grootste natuurramp in 30 jaar is. Suid-Afrika se landbou het alreeds ongeveer R16 miljard verloor as gevolg van die droogte. Dit gaan gepaard met werkverliese, verdere ekonomiese verval en maatskaplike onstabiliteit.

"Dit is ook hoekom dit so belangrik vir die produsent is om die 50ste Graan SA NAMPO Oesdag by te woon," noem De Villiers.

"Die samesyn by die Oesdag is altyd bemoedigend en sal nog soveel te meer só wees tydens hierdie swaarkry-tyd."

De Villiers hoop dat produsente wat moedeloos voel 'n mate van emosionele genesing sal ervaar tydens die Oesdag. "Dit is ook die ideale geleentheid vir produsente om met mekaar te kommunikeer en moontlike oplossings uit te ruil vir volhoubare landbouproduksie op plaasvlak."



▲ Jannie de Villiers saam met minister Senzeni Zokwana (Minister van Landbou, Bosbou en Visserye) – wat verlede jaar die NAMPO Oesdag besoek het.

Hy noem daarby dat, soos die grense in ons land al hoe meer krimp, samesyn selfs meer belangrik geword het. "Dit is slegs wanneer ons in gees saamstaan, dat ons waarlik die uitdagings wat ons in die gesig staar, kan hanteer."

De Villiers reken verder dat die Oesdag 'n ongelooflike belangrike gebeurtenis is. "Dit is een van Graan SA se prominente doelwitte om die volhoubaarheid van landbou vir produsente te ondersteun." Hy verduidelik dat Graan SA 'n visie het om te verseker dat die nuutste tegnologie binne die bereik van die produsent is en om graanprodusente te ondersteun deur produktiwiteit en winsgewendheid te verhoog.

"Graan SA se NAMPO Oesdag is dus die perfekte geleentheid om hierdie nuwer tegnologie en ander produkte met mekaar op een terrein te vergelyk en te besluit watter produk, patent of tegnologie die beste op jou plaas toegepas kan word."

Nog 'n belangrike doel wat tydens die Oesdag bereik word, is natuurlik die netwerkgeleenthede wat geskep word. "Jy as produsent kan nie bekostig om nié daar te wees nie," skerts De Villiers. "Dit is daar waar mense met mekaar praat en transaksies gesluit word."

Daar is ruim geleentheid om met verskaffers te kommunikeer oor produkte en dienste aangesien die hele waardeketting se verteenwoordigers na Graan SA se NAMPO Oesdag toe gaan. Dit is die tyd wanneer bande versterk en vriendskappe gesmee word.

NAMPO bly die beste vertoonvenster van Suid-Afrikaanse landbou. "Dit is ook belangrik om te sien dat boerdery 'n wetenskap is en bly en hier kry besoekers die geleentheid om eerstehands met die nuutste tegnologie kennis te maak."

Op die vraag waarom NAMPO 'n vertoonvenster vir landbou is, antwoord De Villiers sonder aarseling: "Daar is altyd nuwe ontwikkelinge en veranderinge in die landboubedryf en ons wil verseker dat ons en Oesdaggangers aan die voorpunt daarvan bly."

Hy verduidelik dat die hele landbouwaardeketting ten toon gestel word en dat NAMPO gewoonlik die verhoog is waar produkverteenwoordigers nuwe produkte of kultivars bekendstel. "Besoekers kan hulle vergewis van moontlike nuwighede en natuurlik ook toekomstige produkte en dienste."

De Villiers praat ook opgewonde oor wat *Nasie in Gesprek* oor die jare bygedra het om landbou se saak te stel. "Dit is 'n baie interessante manier om gewone mense aan landbou bloot te stel. Hulle kom neem deel aan die debat en sien wat alles op NAMPO aangaan."

De Villiers verduidelik verder dat dit ook 'n belangrike geleentheid vir die organisasie is om 'n inkomste te genereer.

GRAAN SA/GRAIN SA
50 NAMPO
OESDAG/HARVEST DAY

# GELDSAKE EN FINANSIËLE DIENSTE



▲ In die beginjare het 'n hoofspreker deel uitgemaak van die Oesdagprogram. Dr AJA Roux, voorsitter van die Raad op Atoomkrag, was 1968 se hoofspreker.

# Het jy 'n blaaskans nodig?

## 'n Laer deposito?
## Eerste paaiement eers in 2017?

# Hoe klink dit?




Geldig vir alle nuwe John Deere-produkte.
Vir meer inligting, kontak jou naaste John Deere-handelaar of John Deere Financial-bemarker.

## Finansiering gebou vir jou

Ondersteun deur

ABSA

JOHN DEERE FINANCIAL

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.
Bepalings en voorwaardes geld.

www.JohnDeere.co.za

BigDoor22018



Antois van der Westhuizen

# Trek só die wa deur die (droë) drif

**MARIEKE SNYMAN,** namens John Deere Financial

Met die knellende droogte wat groot druk op die landboubedryf plaas, het John Deere Financial aan maniere gedink om produsente in hierdie moeilike tye te ondersteun.

"Die droogte beïnvloed die produsente se produktiwiteit en ons is saam met hulle bekommerd. Produsente se kontantvloei is onder druk en dit het 'n groot invloed op hul daaglikse lewens," sê mnr Antois van der Westhuizen (besturende direkteur: John Deere Financial vir Sub Sahara Afrika).

John Deere Financial se hoofdoel is om dit makliker te maak om John Deere se produkte aan te koop. Daarom is daar in 2005 'n ooreenkoms met Absa in Suid-Afrika gesluit om hierdie voordeel ook aan Suid-Afrikaanse produsente te bied.

Dit is juis vanuit hierdie perspektief dat produsente moet weet John Deere en John Deere Financial is deurgaans aan hulle sy. "Ons het gaan kyk wat ons kan doen om dinge in die huidige omstandighede vir die produsente makliker te maak om onnodige druk op hul kontantvloei te voorkom," sê Van der Westhuizen.

Tot dusver was dit nie 'n maklike seisoen nie. Dit reën nie soos wat dit moet nie en bedryfskoste het ook gestyg. Daarom het die maatskappy besluit om een van die laste te verlig: Die paaiement wat produsente vanjaar op nuwe tegnologie moet betaal, word vir kwalifiserende produsente só gestruktureer dat dit eers volgende jaar betaalbaar is.

"Met die voortdurende veranderinge in tegnologie is dit vir produsente belangrik om hul vervangingsprogramme op datum te hou. Daarom is dit vir ons ook belangrik om die produsent in staat te stel om die toerusting sonder te veel finansiële druk te vervang en aan te koop," sê hy.

"Die gedagte is dat die produsent nie die oes wat nou op die lande is, hoef te gebruik om te begin om die finansieringsverpligtinge na te kom nie. Daarom is een van die opsies om die paaiemente van aankope van nuwe John Deere-produkte só te struktureer dat produsente eers volgende jaar hoef te begin terugbetaal. Produsente hoef dus eers met die volgende oes sy eerste paaiement te betaal," verduidelik Van der Westhuizen.

## Deposito

Hulle het ook gaan kyk na hoe hulle moontlik die depositovereistes kan verlaag, omdat 'n groot deposito nét soveel druk op 'n produsent kan plaas. "Deur middel van die bogenoemde strukture sal die produsent se toerusting dus nie agteruitgaan nie en sal hy beter produktiwiteit met beter tegnologie ervaar. Hierdie nuwe strukture is van toepassing op al ons produkte. Ons slagspreuk sê immers: 'Finansiering gebou vir jou.' Die finansiering is persoonlik en word rondom die produsent se unieke omstandighede en kontantvloei saamgestel."

## Rentekoers

Dit is bekend dat John Deere Financial nuwe John Deere-produkte finansier teen minder as die prima uitleenkoers, gegrond op die produsent se unieke finansieringstruktuur. Die maatskappy sal voortgaan met die aanbiedinge en kyk waar hulle die koerse dalk nog laer kan druk.

Van der Westhuizen meen daar is heelwat voordele vir produsente wanneer hulle van hul finansieringstrukture gebruik wil maak. "Ons strukture word pasgemaak vir die produsent en sy unieke omstandighede. Daar is nie een plan vir almal nie. Daar is verskillende strukture vir verskillende produsente en dit beïnvloed uiteraard die rentekoers wat die produsent moet betaal. Dit maak nie saak watter struktuur vir die produsent uitgewerk word nie, hy sal wel 'n verlaagde rentekoers kry," sê Van der Westhuizen.

Produsente is nie verplig om binne een van die verskeie aanbiedingstrukture wat kort-kort geadverteer word hul aankope te maak nie. Al die promosies wat in die gedrukte media aangebied word, is uitgewerk op 'n bepaalde struktuur ten einde die koerse aan die landboubedryf deur te gee. Die aanbiedingstruktuur is slegs 'n aanduiding van wat moontlik is – daar is verskeie strukture beskikbaar – en kan aangepas word om by elke produsent se omstandighede aan te pas.

Die langtermynvoordeel vir die produsent is die kostebesparing danksy die laer rentekoerse. Hy gaan die beste tegnologie wat hy kan koop, op sy plaas hê om sy produksie te laat groei. Daarby het die produsent ook die ondersteuning van die John Deere-handelaarsnetwerk wat vir hom tegniese raad sal gee en seker maak dat sy produkte in stand gehou word.

## Navrae

Vir meer inligting oor 'n finansiële plan wat aan jou behoeftes voldoen, kontak of besoek gerus jou naaste John Deere-handelaar, wat die kontakbesonderhede van die John Deere Financial-bemarker in jou omgewing aan jou sal verskaf. Alternatiewelik kontak John Deere-hoofkantoor of produsente kan ook 'n draai gaan maak by Graan SA se NAMPO Oesdag op John Deere se standplaas 62 tot 64. ■

# KOM BEMAGTIG JOUSELF
## so kuier-kuier met inligting

"NAMPO is 'n inkomstebron vir Graan SA, wat die fondse aanwend vir navorsing en ander dienste wat indirek weer vir die produsent voordelig is. Die wins uit die NAMPO Oesdag word aangewend om beter markinligting en navorsing aan sy lede te bied, sowel as beeldbou en onderhandeling met die regering," het De Villiers gesê.

### Wat bied die Oesdag sy lede?

Sonder sy lede is Graan SA niks. Graan SA-lede bly dus altyd die belangrikste prioriteit en daar word altyd verseker dat hulle rooitapyt-behandeling ontvang. De Villiers beklemtoon dat Graan SA sy waardering vir sy lojale lede wil uitspreek en illustreer.

Lede kry gratis toegang en parkering naby aan die spesiale ingangshek vir lede. Van daar word hulle met gholfkarretjies tot by die ledelokaal vervoer. By die ledelokaal sal hulle op die hande gedra word met gratis verversings en kan hulle sommer net lekker gesellig saam met vriende en familie verkeer.

### Dit is belangrik dat produsente die Oesdag besoek

Dit is die ideale geleentheid vir produsente om te sien wat is nuut vir aanwending in hul boerderye en watter nuwe planne gemaak kan word om hoër winsgewendheid vir produsente te verseker. Produsente kry die geleentheid om op een dag, onder een Oesdagsambreel, 'n verskeidenheid produkte direk met mekaar te kan vergelyk.

Laasgenoemde lei tot mededinging, wat lei tot 'n verhoging in innovasie van dienste en produkte. NAMPO bied ook 'n gevoel van samesyn vir produsente. Dit is gewoonlik hier waar boerderyvrae sommer so gesels-gesels beantwoord word.

### Hoekom word die publiek uitgenooi na die Oesdag?

"Waar kom jou kos vandaan? Hoekom is die volhoubaarheid van landbou bitter belangrik vir die man op die straat? Al hierdie vrae word sommer met die intrapslag by NAMPO Oesdag beantwoord. Sonder die produsent sal daar nie meer voedsel vir jou gesin wees nie. Geen brood, geen melk, geen groente, vleis of vrugte nie. By NAMPO kan jy meer leer oor die belangrikheid van landbou in Suid-Afrika," verduidelik De Villiers. "En die Oesdag is sommer in ieder geval 'n heerlike plattelandse uitstappie vir jou en jou gesin."

De Villiers sluit die onderhoud af deur te beklemtoon hoe belangrik dit vir staatsamptenare en ministers is om NAMPO te besoek. "Dit is hier waar hulle die kommersiële landbouprodusente ontmoet en meer leer oor die onderwerpe waaroor hulle as staatsamptenare besluite moet neem. Dit is dus bitter belangrik dat hulle deel word van die ketting en die produkte en dienste verstaan. Ek voel as hulle landbou se mense leer ken, hulle beter besluite sal kan neem en hul besluite beter kan evalueer, maar natuurlik bly ons belangrikste doel om die plaaslike produsent te bemagtig met inligting en opsies." ■



▲ Maak gerus 'n draai by die NAMPO Oesdag van 17 tot 20 Mei op NAMPO Park naby Bothaville.

GRAAN SA/GRAIN SA
NAMPO
OESDAG/HARVEST DAY

# WERKTUIE, IMPLEMENTE EN TOERUSTING



▲ Praktiese demonstrasies van landboutoerusting op 'n nie-mededingende basis was sedert die ontstaan van die Oesdag vir sowat 40 jaar lank 'n kernfokus.

▼ **Die eerste gekombineerde Oesdag is in 1973 op 'n plaas naby Ottosdal aangebied. Om die voorafgaande Oesdae van die Vrystaat en die Oos-Transvaal daar te akkommodeer, is die terrein met nagenoeg 100 morge vergroot.**









# ALLES wat jy moet weet oor NAMPO onder een dak

**SA Graan/Grain redaksie**

Waar kan ek oorbly tydens Graan SA se NAMPO Oesdag? Watter vervoeropsies is daar na en van NAMPO Park? Watter uitstallers gaan vanjaar by NAMPO wees? Waar kan ek vooraf my NAMPO-toegangskaartjie koop? Doen jou beplanning vooraf en kry jou antwoord op dié vrae en meer op die NAMPO Oesdag-webblad by *www.nampo.co.za.*

Nadat jy jou verblyf, vervoer en toegangskaartjie gereël het, kan jy die opgedateerde Oesdagprogram en 'n kaart van die uitstalruimtes op dié webblad gaan aflaai. Sou jy van jou eie vervoer gebruik maak, is daar ook 'n roetekaart na NAMPO Park op die webblad beskikbaar. Verkies jy om te vlieg? Kry die koördinate en meer inligting oor die vliegveld ook hier. Indien jy enige ander vrae oor die Oesdag het, is jy welkom om die kontakpersone op die webblad te skakel vir meer inligting. Die NAMPO Inligtingskantoor op NAMPO Park sal aan besoekers onder andere inligting gee oor uitstallers, produkte, verversingspunte en algemene navrae oor die Oesdag.

## Laai die toepassing af

Besoekers aan die Oesdag sal vanjaar weer in staat wees om die NAMPO toepassing (*app*) op hul slimfoon af te laai, wat die




▼ **Teen 2002 is bykans 80 ha vir praktiese demonstrasies op die Oesdagterrein aangewend. Die grootste hoeveelheid werktuie in die geskiedenis van die Oesdag is in 2004 op 'n wydte van byna 4 km oor die vier dae gedemonstreer.**





besoeker in staat sal stel om QR-kodes met sy slimfoon te skandeer en sodoende inligting oor die betrokke uitstallers wat geregistreer is, se produkte te ontvang. Die uitstaller sal ook deur middel van dié toepassing inligting oor die besoeker ontvang. Die daaglikse program, asook uitstallers- en produkinligting sal ook op die toepassing beskikbaar wees.

Met jou aankoms op NAMPO sal jy 'n gratis kopie van die hekprogram ontvang – daarin sal jy ook die Oesdagprogram, terreinkaart en al die uitstallers se besonderhede kry. Terwyl jy middagete onder die bome op die terrein geniet, besoek die webblad op jou foon by *www.nampo.co.za* en vind uit hoe die Oesdag tot stand gekom het. Deel ook interessante NAMPO-feite en -syfers op die webblad met jou familie en vriende – ons vier immers die 50ste Oesdag vanjaar! ■



▲ **Maak 'n draai by *www.nampo.co.za.***

# NUWIGHEID uit die geskiedenis

*SA Graan/Grain* **redaksie**

Mense sê gereeld dat hulle terugverlang na die goeie ou dae. 'n Besoek aan die Engen Museum op NAMPO Park sal produsente wat van hoogs moderne tegnologie gebruik maak, dalk dié woorde laat sluk! Dit bly egter opwindend om te sien hoe masjinerie en plaasimplemente deur die eeue heen verander het.


## Moet dit nie misloop nie!

Oesdaggangers mag beslis nie die gerestoureerde 1934 Chevrolet 1½ ton Truck Master in die museum misloop nie.

Dié model is in 1934 deur mnr Koos Roux aangekoop vir sy vrugteboerdery op die plaas, Radyn, in die Villiersdorp-distrik. Dit is ingevoer as 'n *chassis cab* – wat beteken dat dit sonder 'n bak of kajuit deur die VSA aan Suid-Afrika gelewer is. Sogenaamde wamakers (*coach builders*) moes eers, volgens hul kontrak met General Motors, 'n kajuit en laaibak vir hierdie ingevoerde voertuig bou.

In 1936 is hierdie Chevy vanaf Villiersdorp na Bothaville gery, waar dit in die boerdery op Roux se plaas, Driehoek, gebruik is. In 1963 het meganiese probleme veroorsaak dat dit onder 'n afdak getrek is. Die voertuig is deur Roux se seun, Kotie, aan NAMPO geskenk en is tot 2008 by NAMPO Park in die museum ten toon gestel in sy gebruikte toestand.

Mnr Jaco Zeeman, wat oorspronklik die Chevy op mnr Andries Roux, Kotie se broer, se plaas raakgesien het, het in 2010 begin met restourasiewerk nadat hy baie navorsing gedoen het oor







1 en 2: ***Before and after***: 'n 1934 Chevrolet 1½ ton Truck Master wat gerestoureer is. Die voertuig word soos volg geklassifiseer: ***CLASS D Post Vintage, built between January 1931 and 31 December 1945***.

kleure en spesifikasies van dié modelle. Zeeman het selfs vir 'n Amerikaanse Classic Chevy Club geskryf en sy navraag en 'n foto is in een van hulle maandblaaie geplaas.

Met genoeg beskikbare hande is die Chevy onder Zeeman se wakende oog uitmekaar gehaal, die bakpanele is geklop, ontroes en geverf. Van die panele is vervang. Die kajuitraam is versterk en alle verweerde stukke hout is vervang om stabiliteit te verseker. Die hele onderstel is skoon geskuur, roes is verwyder en dit is oorgeverf. Behalwe vir die twee drabalke op die onderstelraam, is die hele bak met essehout oorgebou. Selfs die enjin is uitmekaar gehaal, skoongemaak en oorgedoen. Zeeman noem dat die groen kleur, "Brewster Green," een van die standaard kleure was.

In 2011 is die nuwe ou Chevy toetsbestuur, waarna die wiele ook 'n nuwe voorkoms gekry het. "Die geel was nie veronderstel om so helder te wees nie!" voeg Zeeman by. Hy noem verder dat twee van die bande, asook al die binnebande op die Chevy, oorspronklik is – wat beteken dat hulle teen 1963 reeds op die voertuig was!

Danksy Zeeman is hierdie pronkstuk vandag in 'n honderd persent lopende toestand.

Die hele restourasieprojek het byna vier jaar geneem en vanjaar kry Graan SA se NAMPO Oesdagbesoekers die geleentheid om Zeeman en sy span se handewerk by die museum te sien – wat agter die ledelokaal en naby die Fanie Ferreira-saal geleë is. ■


DRAGO

Cerealis

Stroop nou ook *Sonneblom met dieselfde Gemak & Presisie as Mielies!



*DRAGO se Sonneblom 'kit' word vinnig + maklik gemonteer en is geskik vir enige stropermodel.



Nuwe Drago GT

Al DRAGO se unieke eienskappe, plus nuwe tegnologiese eerstes vir stropertafels:

- Dubbel 'chopper'-sisteem.
- Hoë-verrigting, minimum instandhouding ratkas.
- Vergrote sluk en - 'auger' vir meer effektiewe invoer van materiaal tydens hoë-spoed stroop.

DRAGO Series 2

- Die beproefde & betroubare oorspronklike model.
- Meer as 150 tafels in 3 jaar in die veld.



Besoek ons by Nampo, Standplaas 161B

- (018) 632 0362 Kantoor
- (083) 381 1907 Anton
- (082) 333 1330 Francois
- (082) 707 6051 Johnathan







BETROUBAAR * DUURSAAM * PRESISIE * MAKLIK BRUIKBAAR * REAGEER

# Valley® Irrigation in Sub-Sahara Afrika

Vervaardigers en verskaffers van spilpunte en lineêre in hoë en ultra-hoë profiele asook sleepbare opsies. Gekomineerd met die Valley reeks van GPS gereed-beheerdepanele en afstandbeheerde opsies, is Valley die nommer 1 keuse wêreldwyd!




**Valley Irrigation of Southern Africa (Pty) LTD.**
**+27 (10) 350 0050 | infosa@valmont.com | www.valleyirrigation.com/za**

# WERK SUINIG met skaars water

**JOHANN VAN ZYL,** namens Valley

Een van die grootste uitdagings in erge droogtejare soos vanjaar, is dat die beskikbare besproeiingswater so doeltreffend moontlik op plase aangewend moet word.

"Vanjaar rus daar 'n massiewe las op Suid-Afrika se besproeiingsprodusente om die verwagte uiters beskeie voedselaanbod van droëlandprodusente aan te vul," sê mnr Gert van der Werff (verkoopsbestuurder: Valley in Suid-Afrika).

"Die kwynende watervlakke van damme vereis dat elke druppel water wat deur landbouers gebruik word, verantwoordelik en doeltreffend aangewend moet word om voedsel te produseer. Water is uiteraard dié kosbaarste hulpbron."

Gelukkig is die besproeiingsreus Valley op waterbesparende toerusting ingestel, sê Van der Werff. Valmont, Valley se moedermaatskappy, het hom sedert sy stigting in 1946 daarvoor beywer. Oor sewe dekades heen het dié maatskappy groot erkenning vir sy tegnologie ontvang, insluitend verskeie innovasietoekennings vir sy produkte. Dit sluit toekennings in van die American Society of Agricultural and Biological Engineers (Asabe) en ook gesogte toekennings van die gerekende Irrigation Association vir vernuwende produkte.

"Die maatskappy het die heel eerste spilpunt ter wêreld in die Amerikaanse staat Nebraska vervaardig en vandag word sowat 10 miljoen hektaar in meer as 100 lande deur meer as 200 000 Valley-stelsels besproei. Die maatskappy beywer hom deurlopend daarvoor om sy leiersposisie deur passie en integriteit en 'n uitstekende netwerk van 450 handelaars te behou."

Wat Suid-Afrika betref, het die destydse Vetsak reeds in die jare sewentig met Valley begin sake doen. "Dit maak spilpuntbesproeiing en Valley sinoniem in Suid-Afrika," sê Van der Werff. "Dit was gevolglik 'n logiese uitvloeisel van die land se verbintenis met die maatskappy om in 1999 plaaslike vervaardigingsgeriewe vir die maatskappy te open. Hier word dieselfde streng standaarde as in Amerika gevolg. En daarby verstaan die handelaars dat 'n gehalteproduk nie die nodige erkenning sal kry indien dit nie deur gehaltekennis, die beskikbaarheid van die toerusting en uitstaande nasorgdiens gekomplementeer word nie."

Wat die huidige droogte betref, het daar ook goeie dinge na vore gekom, verseker Van der Werff. "Produsente is weer baie bedag op die noodsaaklikheid van goeie waterverspreiding. Watervermorsing moet minimaal wees, wat onder meer inhou dat ondoeltreffende spuitpakkette en onderdele vervang word. Dit bly gewoonlik jare lank agterweë wanneer water oorvloedig voorkom en sente nie soveel omgedraai word nie."

Hy sê daar is tans groot winste te maak indien produsente se stelsels doeltreffend is, besproeiing optimaal geskied en die water natuurlik nie opdroog nie. "Suid-Afrika se damvlakke is tans baie laag en ons sal eers teen die einde van Maart of vroeg in April weet wat die volgende seisoen op ons wag. Dink net hoe dit produksie kan ontwrig as daar nie in die komende seisoen genoeg water beskikbaar is nie. Dit help nie die mielieprys is hemelhoog, maar jy het nie water om 10 t/ha tot 20 t/ha te verseker nie."

Hy is oortuig daarvan dat besproeiing 'n al hoe groter rol in die toekoms gaan speel. "Onthou dat Suid-Afrika 'n waterarm land is en dat die druk op produsente om voldoende voedsel vir die groeiende bevolking op minder beskikbare grond te produseer, groter gaan word."

## Nuwe besproeiingsgebiede

Die T8.435 spog met 30 duim-breë rusperbande agter en hierdie is ook die eerste trekker in New Holland SA se stal wat toegerus is met *constant variable transmission* (CVT). Hierdie transmissie verseker dat diesel optimaal verbruik word vir die betrokke toepassing, aangesien die effektiwiteit ten volle benut word deur vier direkte koppelings tussen die 9 liter-enjin en die swaardiens agteras. Hierdie trekkers spog ook met kajuitsuspensie vir die hoogste vlak van operateursgerief.

Die kleiner T8.380 (230 kW) sal ook in die SmartTrax-konfigurasie beskikbaar gestel word met smaller 24 duim-rusperbande vir spesifieke in-rybewerking.

Die eerste T8.410 (250 kW) sal ook ten toon gestel word met dubbel voor- en agterbande. Hierdie kragreus is toegerus met 'n ekstra swaardiens-agteras.

## New Holland TT4

Die nuwe TT4.90 (66 kW)-trekker gaan ook sy plek vol staan op NAMPO 2016. Hierdie trekker spog met nuwe stilering en 'n ligte uitleg – wat uniek is aan New Holland. 'n Platform met *roll over protection structure* (ROPS) en 'n doelgerigte kontrole-uitleg verseker die beste operateursgerief. Kom kyk waarom hierdie trekker die ideale keuse is vir enige toepassing, aangesien sy swaardiens-agteras hom by sy teenstaanders laat uitstaan. 'n 3.9L Fiat Powertrain (FPT)-enjin word hier gekoppel aan 'n 12x12 gesinkroniseerde transmissie om effektiewe kragoordrag te verseker.

## New Holland-stropers

Twee modelle uit die CR-reeks, naamlik die klas 8, CR8070 en die klas 9, CR9080 sal weer ten toon gestel word met meer opsies as ooit – wat dubbel-aandryfwiele insluit.

New Holland se unieke *varifeed* en *flex* fyngraantafels en onverbeterlike Geringhoff-mielieplukkerkoppe vorm deel van die uitstalling om enige gewas met sorg van die land af te kry.

Die bekendstelling van New Holland se nuwe klas 6-dubbelrotor-stroper bly 'n verrassing. Kom vind gerus meer uit en kyk wat die masjien behels.

'n Vol reeks New Holland-hooimaakmasjinerie, wat driepunt- en sleeptipe snymasjiene, sleeptipe snyerkneusers, harke, vierkantige en ronde balers insluit, word ook ten toon gestel.

Die alombekende Santa Isabel-kontrasny-êe sal weer te sien wees, Camara-misstrooiers, -spuite en vele meer.

Mascio Gaspardo-implemente het geen bekendstelling nodig nie: Van grondvoorbereidingswerktuie tot planters uit die reeks sal ook uitgestal word.

Kom drink 'n koppie koffie by ons standplaas en kyk na die hoëkwaliteittoerusting waar New Holland SA se personeel wag om jou by te staan. ■

1


2



▲ 1: Die nuwe T8.435 SmatrTrax in aksie.
▲ 2: Die TT4 met ROPS en 'n doelgerigte kontrole-uitleg verseker die beste operateursgerief.




NAMPO
ORTHMAN STALLETJIE 31
OESDAG 17-20 MEI

Die **1tRIPr**® bied terugbetaling op jou bewerking om koste en hulpbronne te bespaar, sowel as die verbetering van jou opbrengs – en die verhoging van jou wins.

- Nou beskikbaar by handelaars in Afrika
- 4 tot 18 rywydtes, gemonteer of sleep raam
- XD weergawe bied aan boord kunsmis opsies, met jou keuse van droë of vloeibare kunsmis
- Opsionele agterste haak vir kunsmis tenks



Die **1tRIPr**® het meer hektaar onder die belt as enige ander Masjien in die wêreld, want in net een bewerking bied dit **AL DRIE** voordele van die ware presisie strook-bewerking:

- **Ideale saadbedvoorbereiding**
- **Presisie voedingstowwe plasing**
- **Optimale wortel-sone kondisionering**

ORTHMAN

*Besoek jou plaaslike Orthman handelaar, of besoek ons aanlyn by Orthman.com*

*Of Kontak: Craig Ivins +2782 997 0179 civins@orthman.com*


GRAAN SA/GRAIN SA NAMPO 2016 OESDAG/HARVEST DAY

# AKKOMMODASIE
## vir elke smaak by Oesdag

***SA Graan/Grain* redaksie**

Die NAMPO Oesdag, wat deur Graan SA aangebied word, lok elke jaar duisende besoekers na die Bothaville-omgewing. Die mense en gastehuise van Bothaville en omliggende dorpe maak dan hulle deure oop vir besoekers en uitstallers wat na dié hoogtepunt op die landboukalender stroom.

Die gastehuisprojek en tentehotel is twee van die gewildste opsies vir huisvesting waaruit besoekers aan die NAMPO Oesdag vanjaar kan kies.

### Gastehuisprojek

Volgens me Hanlie Mouton (skakelbeampte by Bothaville Info) het die gastehuisprojek deur die jare so gewild geraak dat aangrensende dorpe soos Orkney, Wesselsbron, Kroonstad, Welkom en selfs Potchefstroom betrokke geraak het.

Sy sê 'n totaal van 200 gastehuise in Bothaville en die omgewing kan vanjaar akkommodasie aan ongeveer 5 400 besoekers verskaf. Gaste kan uit verskillende graderings kies om by hulle persoonlike smaak te pas – hulle het 'n keuse van 'n goue-, wit-, geel- of groenmielie-gegradeerde gastehuis.

"Ons ontvang jaarliks besoekers vanuit alle uithoeke van die wêreld by die NAMPO Oesdag, wat die grootste landbougebeurtenis op Suid-Afrikaanse bodem is. Gastehuise en eienaars van privaat wonings toon in dié tyd tipiese Vrystaatse gasvryheid deur vreemdelinge in hul huise en om hul etenstafels te verwelkom.

"Besoekers kan ná 'n besige dag by die Oesdag uitsien na 'n heerlike bord kos en warm bad of stort, asook die gasvryheid en vriendelikheid van ons plaaslike gemeenskap," sê sy.

Kontak Mouton by 056 515 3042, 082 396 7556 of *hanlie@bothaville.info* vir enige akkommodasiebehoeftes of inligting oor die dorp, sy mense en ondernemings. Besoek alternatiewelik Bothaville Info se webtuiste by *www.bothaville.info* vir meer inligting oor wat elke gradering van die verskillende gastehuise behels.

### Tentehotel

Me Celia Hattingh, organiseerder van die Harambee Tentehotel, sê dié akkommodasie word reg langs NAMPO Park en binne stapafstand vanaf die NAMPO-terrein opgerig – slegs sowat 300 m vanaf die ingangshek. Gaste kan kies uit verblyf met dubbel- of enkelbeddens.

Die prys sluit ontbyt in en gaste kan aandete bestel indien hulle dit so verkies. Braaigeriewe en 'n kroeg is ook beskikbaar.



Dit is die tweede agtereenvolgende jaar wat die Harambee Tentehotel vir akkommodasie beskikbaar is by die NAMPO Oesdag.

"Ons rig ons tentekamp op waar dit ook al benodig word en beplan ons kampuitleg volgens die spesifieke behoeftes van ons gaste en die gebeurtenis wat hulle bywoon. Ons maak seker dat elke tent so gemaklik as moontlik is. Ons luukse A-raam tente word toegerus met 'n dubbelbed of enkelbeddens, 'n tafeltjie langs die bed, 'n lamp, beddegoed, handdoeke en 'n kragpunt vir die herlaai van elektroniese toerusting. Warm storte en gerieflike toilette is beskikbaar.

"Ons maak jou in die oggend wakker met 'n vars beker filterkoffie en tuisgemaakte beskuit. Sodra jy gereed is, bedien ons vir jou 'n warm ontbyt wat volgens jou spesifieke behoeftes voorberei is," vertel Hattingh.

Die Swahili-woord "Harambee" beteken *"let us all pull together"* en verteenwoordig die groep vriende en familie wat die Harambee Hotel tot stand gebring het.

Sy sê die konsep word deur 'n groep ywerige "ontdekkingsreisigers" bedryf en dit is moeilik om hulle aan 'n vaste adres te verbind. In plaas van 'n fisiese adres, kan die Harambee Hotel op enige plek gevind word waar die behoefte ontstaan om uit te span en te ontspan.

Dit is die tweede agtereenvolgende jaar wat die Harambee Tentehotel by die NAMPO Oesdag beskikbaar is.

Hattingh sê hulle verstaan wat dit beteken om ná 'n lang dag in die stof en hitte terug te kom na 'n gemaklike bed en warm stort.

"Die Harambee Hotel is 'n unieke en luukse kampervaring wat die romanse en genot van kampering vasvat, sonder die beslommernis daarvan om enigiets self te doen." Vir besprekings en meer inligting oor die tentehotel, skakel haar by 082 745 9540, stuur 'n epos aan *info@harambeehotel.com* of besoek die webtuiste *www.harambeehotel.com.* ■


ORTHMAN
GEMAGTIGDE HANDELAARS

Produsente regoor Afrika leer van die voordele van Orthman Presisie bewerking produkte, en ons handelaar netwerk groei. Besoek jou plaaslike Orthman handelaar vir meer inligting.

AFGRI
Bethal, Bethlehem, Brits, Delmas, Ermelo, Frankfort, Grootvlei, Harrismith, Lydenburg, Marble Hall, Marquard, Middelburg, Standerton, Thabazimbi, Ghana, Zambië, Zimbabwe

Senwes
Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Hartswater, Heilbron, Hoopstad, Klerksdorp, Koppies, Kroonstad, Lichtenburg, Ottosdal, Parys, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Theunissen, Ventersdorp, Wolmaransstad

MASCOR
Dalton, Greytown, Harding, Kokstad, Komatipoort, Malelane, Newcastle, Pietermaritzburg, Port Shepstone, Salt Rock, Vryheid, Winterton, Kenia, Uganda

GWK innovate agriculture
Barkley-Wes, Douglas, Hopetown, Luckhoff, Modderrivier, Prieska

JWL INDUSTRIELE EN LANDBOU VOORSIENERS
Ermelo

LEER MEER BY NAMPO
ORTHMAN STALLETJIE 31
OESDAG 17-20 MEI
ORTHMAN
Craig Ivins, Verkoops Bestuurder
+2782 997 0179 civins@orthman.com






## HUSQVARNA 570BTS BLOWER

65.6 cc · 2.9 kW · 105.6 m/s · 11.2 kg

Husqvarna 570BTS is 'n kragtige kommersiële rugsak blaser ontwerp vir veeleisende take. Groot lugvloei en hoë lugspoed word deur 'n doeltreffende waaier ontwerp tesame met die kragtige X-Torg enjin. Kommersiële graad lugfilter gee lang bedryfstelsel tyd en moeite vrye gebruik. Die harnas het breë skouer bande.



## HUSQVARNA 580BTS BLOWER

75.6 cc · 3.1 kW · 92.2 m/s · 11.8 kg

Een van die mees kragtige rugsak blasers in die wêreld, die Husqvarna 580BTS het sy reputasie verdien as 'n hoogs effektiewe vuur beheer instrument vir bosbouers, boere en grondeienaars. Vandag spog die 580BTS met die hoogste lugvloei van alle blasers op die mark, die 580BTS het ook die hoogste lugspoed, dus ideaal vir die blus van klein of kort gras brande.

### ONTWERP VIR MOEILIKE WERK

- Komersieële lug vultreerder
- Verleng werksvermoë

### HOË WERKVERRIGTING

- Lug spoed van 92.2 m/s tot 105.6 m/s
- Lug vloei van $27.5 m^3$ / min tot $29 m^3$ / min
- Kratige X-Torq® motor

Husqvarna®
GEREED WANNEER U IS

GRAAN SA/GRAIN SA NAMPO 2016 OESDAG/HARVEST DAY

# The producer's fire management friend

## – finalise your 2016 fire management plan

**JACQUI COCHRAN,** marketing manager: Husqvarna

Wildfires are a necessary part of Nature's life cycle, but if they are uncontrolled or occur too frequently, they can destroy forests, farmlands and homes and may cause severe damage to our biological diversity. In an effort to limit fire damage, South African legislation has set out a number of preventative measures to help reduce the number and severity of wildfires.

It is now a legal requirement that every landowner must establish a system of fire breaks and must have personnel and equipment at their disposal to fight fires.

With autumn – and the start of fire burning season – just around the corner, now is the time to consolidate your fire management plan, which should entail the following:

- All fire hazards on your property.
- The best location for establishing fire breaks.
- A schedule for controlled burns.
- An inventory of fire-ready equipment and trained personnel who are qualified to carry out fire management tasks.
- Communication with neighbours regarding all fire management activities.

### Working fast and staying safe

As an industry leader in research and development and as product innovator, Husqvarna recognised years ago that the challenging and potentially dangerous job of fire management could be costly and labour-intensive, which is why the company set out to find a smarter way to execute controlled burning than the traditional method of using rakes and fire beaters. 'The answer clearly lay in the speed and efficiency of mechanised equipment, which is why the introduction of the Husqvarna 380BTS blower into the South African market six years ago, elevated fire control to the next level,' says Mr Bronson Gunter (general manager: Product Support, Husqvarna SA).

One of the most powerful, commercial backpack blowers in the world, the 580BTS, has earned its reputation as a highly effective fire control tool for foresters and producers. Gunter explains, 'With its powerful X-Torq® engine, the 580BTS produces the highest air flow of all backpack blowers on the market today, pushing out close to 26 m³ of air per minute. The 580BTS is also equipped with Air Injection™, which cleans the in-take air before entering the engine, an important function when working in dusty, sooty environments.'

Mr Don Robertson, owner of Timberwise Trading, has been working as a fire management contractor in KwaZulu-Natal for 16 years. He first introduced Husqvarna blowers into his fleet four years ago. When asked what impact mechanised blowers have had on the efficiency of his operation, Robertson explains: 'One operator using a Husky blower is equivalent to six to eight of my staff using traditional fire beaters. There's no doubt that my team is much more efficient with the use of such powerful blowers.'



▲ The 580BTS blower in action at a recent controlled burn in KwaZulu-Natal.

The 580BTS, however, is not the only product in their fire control line-up. Recent in-field research has shown that whilst the volume of air exiting the nozzle of the 570BTS is lower than the 580BTS, the higher air speed achieved by the 570BTS, which exits the nozzle at 105,5 m/s, means that it is also an effective tool in fire control applications. So, depending on the size and scope of the fire you need to control, the 570BTS may well cater for your needs – especially if cost is a determining factor.

Robertson has also started using a Husqvarna 325S25 motorised sprayer to burn tracer lines. He explains that one operator using this sprayer is as effective as three operators using manual knapsack sprayers.

### Behind every good producer is a well-stocked shed

But fire management is not just about burning fire breaks once a year. Land owners need to ensure that properties are well maintained throughout the year, which means that every producer's shed should be stocked with other reliable equipment such as chainsaws and brushcutters.

Tough and easy to handle, the Husqvarna 455 Rancher is an ever-popular saw amongst producers. The X-Torq engine delivers a 20% - 30% fuel saving whilst AutoTune, their on-board management system, ensures optimum performance without the need for manual adjustments. The rugged and robust nature of the tried and tested Husqvarna 143RII brushcutter makes this machine the ideal match for Africa's tough conditions. This fuss-free unit is both simple to maintain and operate.

Visit Husqvarna at Grain SA's NAMPO Harvest Day at stand 237. ■

# Breakthrough technology reduces costs on an annual basis

## – new brand identity to be unveiled at NAMPO

**BEARINGS INTERNATIONAL**

Bearings International (BI), will be unveiling its new brand identity to the agricultural sector at this year's NAMPO Harvest Day from 17 to 20 May 2016.

The NAMPO Harvest Day is an important platform for BI to showcase its comprehensive range of bearings and power transmission products, which are essential components for the optimal efficiency and productivity of farming equipment.

One of the largest privately organised and owned exhibitions in the Southern Hemisphere, as well as the biggest showcase of agricultural machinery and livestock in this hemisphere, NAMPO Harvest Day takes place annually on the outskirts of Bothaville in the Free State.

Organised by Grain SA, NAMPO Harvest Day provides a unique opportunity for all manufacturers and distributors of agricultural machinery, products and ancillary services to exhibit, as well as to demonstrate, their wares to the South African farming community.

Mr Burtie Roberts (CEO: BI) says that the 2016 event will be an ideal platform to unveil the company's new brand identity to the agricultural community, which includes a streamlined logo and corporate livery, in conjunction with improved customer service and focus.

'Our aim is to provide a cost-effective, quality service to internal and external customers. Our segmented, targeted product offering allows us to compete more effectively, without focusing on price,' Roberts comments.

With NAMPO Harvest Day increasingly seen as a showcase for the introduction of the newest technology and products for the agricultural sector, BI's long-standing presence at the event is an important endorsement of the latest developments.

BI's diverse product line-up meets a broad spectrum of requirements of the South African agricultural sector. This runs the gamut from supplying bearings and chains to couplings and transmission products for arduous farming applications such as ploughing, planting, harvesting and baling.

BI is also able to provide expert advice on keeping farming equipment operating at optimum efficiency, in addition to outlining the most optimal maintenance procedures. It carries a comprehensive stockholding of spares, in addition to chains and V-belt drives. 'We work together with our customers, with the understanding that the current economic environment places more pressure on them to do more with less; together we ensure they grow, while we grow,' Ms Gugulethu Nkutha, BI marketing manager, concludes.

A highlight of BI's participation at this year's event will be the presence of a dedicated sales team and product managers to answer all customer queries and to provide comprehensive information on the brands represented.

The main brands on display at stand 49 and 50 at NAMPO Park will be:

- KML: An international market leader in bearings and transmission components.
- Loctite: A global market leader in adhesives, sealants and surface treatment.
- FAG: A specialist manufacturer of a comprehensive range of world-class bearings.
- Citronol: A manufacturer of industrial hand cleaners (with or without grit), barrier creams, multipurpose cleaners, heavy-duty cleaners/degreasers, liquid hand soap, pine gel, all-purpose cleaner and dishwashing liquid.
- Makita: A global supplier of power tools that assist people in creating homes and living environments, in addition to outdoor power equipment.
- Rocol: An American multinational that develops, manufactures and markets technically-advanced lubricants.
- Dodge: A world-leading manufacturer of housed bearings.

Additional brands on display will be KML, Agri Chain, Rocol, Loctite, TR Gearboxes, FAG, Opti/Goodyear, Jonnesway and Citronol. ■



▲ **BI's aim is to provide a cost-effective, quality service to internal and external customers. Their segmented, targeted product offering allows them to compete more effectively, without focusing on price.**

# **TLB:** The muscle one needs

**DERICK VAN DER WALT,** for Smith Power Equipment

Smith Power Equipment (SPE) recently introduced the Kubota L45 diesel TLB (tractor, loader, and backhoe) into the southern African market. With its hydrostatic transmission L45 is ideal for contractors, landscapers, rental users and homeowners wanting professional results as it is packed with power. Mr Deon Engelke, SPE's Kubota brand manager, says that the Kubota L45 TLB not only has the muscle one needs for almost any job, but its advanced technologies provide the versatility that is required in the segments in which this machine operates.

'The L45 was not built only for power and versatility. It was also designed to be comfortable for the operator. In line with Kubota's obsession to ensure that a comfortable operator is a productive one, it has increased the width between the fenders on the L45 by nearly 75 mm and has used some of that room to add armrests. The L45 also features a full flat deck for easy mounting and dismounting, as well as the always easy-to-read Intellipanel®,' Engelke says. In addition, the L45's distinctive slant new hood design is not just for good looks. This unique styling offers operators a greater field of view, allowing them to see more of what is in front of them. 'Importantly with a machine that has so many functions, the hydraulic engineering is all-important. All hydraulic hoses are routed through the boom and arm for improved hose protection and durability – not to mention the improved visibility,' he adds.

## Backhoe

With the L45's HST Plus transmission its heavy-duty backhoe operates more effectively than ever and combining the HST Plus with the new backhoe crawling mode significantly increases productivity.

The backhoe has a 3 m digging depth. Also, the optional quick coupler helps to change buckets in a 'snap'. This is the perfect option for those who do a lot of bucket work and frequently change bucket types.

## Front loader

Excellent operation, better visibility and superior versatility are just some of the reasons the L45's performance-matched loader is considered unrivalled for power and productivity. With a 1 600 kg of break-out force, 1 000 kg of lift capacity and a 2,8 m lift-height, these robust loaders have the strength and reach for most projects. An important feature when using the front loader is the slanted boom, which matches the L45's hood and provides operators with a greater field view when changing attachments. It is simple to use and no tools are required for easy on/off buckets and pallet forks. The L45's independent PTO allows you to engage and disengage the rear PTO while the tractor is in motion. This means there is no need to stop the tractor to engage or disengage the rear PTO ensuring the enormously high productivity levels that Kubota has become famous for. Also, for safer and more convenient PTO use, the L45 features an auto shut-off and protective slip-up shield. Visit them during NAMPO at stand 139. ■



# Radium Engineering

**Adres:** Derde Straat 30, Babelegi, Noordwes Provinsie,
**Tel:** +27 (0)12 719 9063 /62/20
**E-pos:** sales@radium.co.za
**Webwerf:** www.radium.co.za

**Kontak die Verkoopsverteenwoordiger in jou area:**
**Paul:** vir NK, LP & MP op 076 687 1339
**Evan:** vir KZN & OVS op 083 629 7100
**Gareth:** vir NW, WK, OK, GP & KZN op 082 432 6907
**Kudzi:** vir Interne verkope op 072 927 1373



**Strooiers**



**Beitelploeë**



**Klipopteller**



**Kliphark**



**Schulte Swaailemsnyers**



**Skrapers**



**Vertikale Voermengers**




**Horisontale Voermengers**

# Betroubare implemente al vir 51 jaar

**NERISSA HECHTER,** bemarkingsbestuurder: Radium Engineering

Die Radium Engineering-span sal weer eens by standplaas 79 tydens Graan SA se NAMPO Oesdag wees, met 'n groot verskeidenheid van die beste landbou-implemente waarvan die grootste meerderheid trots in Suid-Afrika vervaardig is. Dit sluit in 'n wye reeks strooiers, grondbewerkingstoerusting, weidingsbelugters, voermengers, skrapers, swaailemsnyers en klipverwyderingstoerusting.

Mnr Mike Roest lei die Radium-span saam met sy twee seuns, Grant en Gareth. Saam met die span ervare personeel maak hulle ook staat op die voortdurende terugvoer van hulle kliënte, wat só help met praktiese oplossings vir die produsent, maar terselfdertyd help met die navorsings- en ontwikkelingsprogram.

Radium skryf hul sukses toe aan dekades van soliede ondervinding, onblusbare passie vir die bedryf en hoogstaande naverkoopdiens. Die nuwe, derdegenerasie strooierreeks wat vinniger en meer akkuraat kunsmis, kalk en droë mis kan strooi, sal by NAMPO te sien wees.

Die strooierreeks is uitgebrei en aangepas vir toepassing in nóú boorde en wingerde, asook vir grootskaalse bemestingstoepassings. Die strooiers is beskikbaar met verskeie opsionele ekstras en die Isobus-gereedheid maak dit die mees tegnologies-gevorderde strooierreeks in Radium se geskiedenis tot dusver.

Kom loer gerus na die nuutste weergawes van Radium se grondbewerkingstoerusting, voermengers en na die instandhoudingsprodukte soos die Schulte-swaailemsnyerreeks, -klipopteller en -kliphark. ■


1


2


3


4

▲ 1: Tydens Graan SA se NAMPO Oesdag 2015.
◥ 2: Die nuwe derde generasie, 15 ton ProSpread.
▲ 3: 'n 13-tand PowerRip-beitelploeg.
◥ 4: Die Schulte FX1800-swaailemsnyer.

# Internetbeheer bied toegang tot beheeropsies van spilpunte

**ALFRED ANDRAG,** Agrico

Agrico bied twee opsies vir afstandbeheer met die Advanced Rain-spilpuntpanele.

SMS-beheer laat aksies toe soos om die spilpunt te laat loop of staan, die rigting te verander, te besproei, of droog te loop en om die neerslag van die masjien te stel. Basiese rapportering van die status van die spilpunt is ook moontlik, byvoorbeeld die spilpunt se posisie in die veld en die druk van die masjien. Kennisgewings kan ook per SMS aan die klant gestuur word.

Internetbeheer bied aan die klant vinnige toegang tot die basiese beheeropsies van een of meer spilpunte. Slimfone, tablette en rekenaars kan toegang verkry tot die stelsel. 'n Kaart word vertoon wanneer 'n tablet of 'n rekenaar gebruik word. Ander fasiliteite sluit in die skedulering van spuitprogramme en grafiese voorstellings van statistieke.

Die nuutste toevoeging is pompbeheer via die internetbeheerstelsel. Dit laat die klant nou toe om met behulp van 'n veranderlike spoed drywer (VSD) die stelseldruk aan te pas en om die pomp te laat loop of te stop. Dit lei tot meer doeltreffende gebruik van elektrisiteit.

Agrico gee tans twee jaar gratis toegang tot die internetbeheerstelsel saam met enige nuwe Advanced Rain-toestel. Besoek Agrico by die NAMPO Oesdag, aangebied deur Graan SA, op standplaas 60 en 61. ■










1: Die Agrico Advanced Rain-beheerpaneel.
2: Agrico Advanced Rain-webbeheer vanaf 'n rekenaar met al die spilpunte van die plaas sigbaar en maklik beheerbaar.
3: Agrico Advanced Rain-beheer vanaf 'n slimfoon.
4: Mielies onder 'n Agrico-spilpunt. Die maatskappy gee tans twee jaar gratis toegang tot die internetbeheerstelsel saam met enige nuwe Advanced Rain-toestel.




# Stewige strukture in 'n japtrap

**MABEL SCHMAHL,** namens Staalboer

Gou om te bou, om lank te hou. Dit is die kerneienskappe van Staalboer se beproefde staaldamme, tenkstaanders en uitkyktorings wat nou reeds 16 jaar lank die beste oplossings bied vir boerdery, bosbou, akwakultuur, die mynbedryf en algemene nywerhede.

Die maatskappy se beginsel is om staalstrukture van die hoogste gehalte te bied, wat maklik na enige plek vervoer kan word en sonder spesialisgereedskap of -toerusting deur halfgeskoolde arbeid opgerig kan word deur net die duidelike aanwysings wat saam met elke produk kom, te volg. Staalboer se eie spanne kan ook ingeroep word om die oprigting te doen. Net die beste materiaal word gebruik en al Staalboer se produkte voldoen aan die strengste internasionale standaarde van veiligheid, gesondheid, kostedoeltreffendheid en duursaamheid.

Die staalpaneeldamme is perfek vir water en vloeibare kunsmis. Dit kos minder as betondamme en word veel gouer (binne 'n dag of twee) en makliker opgerig. Geen betonvloer is nodig nie. Die PVC-voering is met poliësternet versterk, wat langdurige digtheid verseker en wat teen 'n wye reeks chemikalieë bestand is.




Staalboer se staalpaneeldamme is dig, duursaam en bekostigbaar en het 'n lewensverwagting van meer as 25 jaar.


Opgaardamme van 15 000 liter tot 1 900 000 liter is beskikbaar en stewige staalkoepels of skadunet kan bo-oor aangebring word. Staalboer se tenkstaanders voldoen aan streng ontwerpspesifikasies wat gesertifiseer is deur 'n ingenieur. Die staander self kan versink of met 'n onderlaag verseël word, maar die platforms waarop die tenks staan, is almal versink. Die strukture is 'n geboute konstruksie, word in bondels verpak wat op enige plek in Suid-Afrika en oor die grens afgelewer kan word.

Die maatskappy is ook geregistreer as 'n uitvoerder. ■

STAALBOER




KWALITEIT PRODUKTE
TEEN BILLIKE PRYSE




TENKSTAANDERS

- 1.5m tot 12m hoogtes vir 5kℓ en 10kℓ tenks
- Ingenieurs sertifikaat op die struktuur
- Geboute konstruksie vir maklike vervoer en oprigting

GEREGISTREER AS UITVOERDERS

STAALPANEELDAMME

- 15kℓ tot 1900kℓ kapasiteit
- Hoogtes van 1.3m, 1.9m, 2.5m, 3.1m, 3.7m en 4.9m
- Maklike vervoer en oprigting
- Staal koepeldak
- 30 Jaar lewensverwagting

MES CONSULTANTS - 082 563 4427

Kantoor: +27 (0) 82 210 0999 | Tel: +27 (0) 82 903 3040
Epos: jan@staalboer.co.za | Webwerf: www.staalboer.co.za




**Vir meer besonderhede:**

***Besoek ons by Nampo standplaas 228***

Ruan Fourie
Tel : 082 776 0405
ruan@flintco.co.za

Tiaan van Loggerenberg
Tel : 082 882 1272
tiaan@rula.co.za

42 Kielboot laan, Honeydew,
Gauteng, Suid Afrika
www.flintco.co.za
011 795 1040

# Gereed met *nuwe oplossings* vir die mark

FLINTCO AGRI

Flintco Agri kry nuwe lewe in Rula Holdings met die dinamiese herlewing van landbou-ingenieurswese om produkte vir kunsmistoediening en plantertoerusting te ontwerp. Nou is ons nog meer gerat om saam met Suid-Afrikaanse produsente toerusting te ontwikkel wat koste-effektief is en eiesoortige behoeftes aanspreek.

Die verskeie dramatiese uitdagings wat landbou tans in die gesig staar en die onvermydelike rimpeleffek wat daarmee saamgaan, kan plaaslike landbou soos ons dit ken, onherroeplik verander. Hierdie is 'n tyd waarin herstrukturering, nie net op die plaas nie, maar ook in die industrie, kardinaal gaan wees.

Flintco Agri het in 2015 deel geword van Rula Holdings, 'n groep van maatskappye wat hoofsaaklik spesialiseer in losmaathantering van grondstowwe en materiaal. Mnr Roelf Odendaal, uitvoerende direkteur van Rula Holdings en 'n gekwalifiseerde landbou-ingenieur en deeltydse produsent, is reg om die mark in te vaar met nuwe oplossings. Odendaal sit ure saam met sy span in om die optimale produk te ontwerp, spesifiek vir die Suid-Afrikaanse mark.

Die diverse struktuur waaraan Flintco Agri nou behoort, plaas ons in 'n unieke posisie waar ons juis in dié uitdagende ekonomiese tye steeds met innovasie produkte kan ontwikkel en gehalte diens kan lewer. Rula is ISO 9001 geakkrediteer en beskik oor navorsings- en vervaardigingsfasiliteite. Ons jong, innoverende en dinamiese ontwerpsingenieurs stel die maatskappy in staat om wêreldklas-landbouprodukte te vervaardig.

Met metodes van grondbewerking, kunsmistoediening en plantprosesse wat uniek is aan sekere areas en individuele produsente, raak dit – met grootskaalse meganisering – al moeiliker vir die produsent om sy behoefte aan toerusting te bevredig uit die hoofstroom van ingevoerde produkte.

Dis hier waar Flintco Agri inkom – as 'n maatskappy wat topgehalte toerusting met die nuutste tegnologie in 'n pasmaak-weergawe aan die produsent kan voorsien teen 'n kompeterende prys.

Die maatskappy het reeds sukses behaal met 'n reeks produkte, hoofsaaklik vir losmaatkunsmishantering, en 'n aantal eenhede is in die afgelope vier jaar in die Suid-Afrikaanse mark verkoop. Baie aanpassings en verbeterings is aan die ontwerpe gemaak sedert die samesmelting en ons is daarvan oortuig dat ons kliënte baie voordele gaan trek uit die opgraderings en nuwe produkte. Hierdie produkte, sowel as 'n reeks van plant- en kunsmistoedieningstoerusting, sal ten toongestel word tydens Graan SA se NAMPO Oesdag vanjaar.

## Losmaatkunsmiswaens

Die 12 ton en 20 ton Ferto-kunsmiswaens het gesorg vir die meeste van dié verkope. Die waens kom standaard met flotasiebande, hidrouliese sluise, twee kompartemente, 'n sifplatform, 'n oprolseil, 'n waterdigte saadkas agter en pakspasie voor, ligte met 'n geseëlde harnas en 'n 60 liter-watertenk om jou hande te was na 'n volmaaksessie.

## Hyskrane vir massasakhantering

Deel van dié reeks van losmaathanteringstoerusting is die C5.8-1000-hyskrane wat ontwerp is vir massasakhantering. Die hyskrane kan 'n produk 5 m ver, 8 m hoog en 340° in die rondte roteer. Die krane is ook standaard toegerus met 'n verlengingsarm en wye stabiliseerders vir optimale stabiliteit.

Die C5.8-1000-hyskraan is beskikbaar in twee opsies: Die driepuntmontering vir direkte koppeling met 'n trekker en die 12 ton tandem-wakombinasie. Hierdie produk is 'n goeie oplossing vir massasakhantering op rowwe terrein omdat die eenheid staties en gebalanseerd is terwyl dit die produk hanteer.

## Presisieplanters

Met die Seedmax-planterreeks kombineer Flintco Agri aanwendingspraktyke wat kompeterend is met wêreldtegnologie, wat aan die produsent 'n pasmaak-planterkombinasie gee wat optimaal sal presteer in sy betrokke omgewing.

Die planters is kompak en effektief vir veelvoudige toepassings. 'n Verkorte afstand van die planteenheid na die trekker sorg vir 'n kleiner wenakker en presteer effektief in kontoerlande. Die dubbelvou-aksieraam stel die planter in staat om kompak op te vou wanneer dit in 'n pad oor 'n afstand verskuif moet word.

Die plant-eenhede is toegerus met presisieplantereenhede en word pneumaties gevoed uit 'n sentrale saad-eenheid. Die planters kan met of sonder kunsmis plant en bied ook die opsie van 'n nat of droë sentrale gifstelsel.

## Meerdoelige presisiekunsmis-toedieningseenhede

Met die X-fert-kunsmistoedieningskas, kan daar twee of drie produkte variërend toegedien word en bykomstige produklewering apart gemonitor word. Dieselfde X-fert kan ook inskakel met die Seedmax-planter. Die X-fert, sowel as die Seedmax-planter, word aangedryf en beheer deur 'n elektroniese stelsel wat voorsiening maak vir opsies soos monitering van rye, tenkvlakaanwysers, variërende uitmeet van produkte en saadmonitering op planteenhede. Die X-fert kan koppel met 'n verskeidenheid van werkstukke, byvoorbeeld 'n voorseisoen-kunsmistoediengseeheid of 'n skeurploegstelsel met kunsmistoedieningseenhede. Die voorseisoen-kunsmistoedieningseenhede maak kunsmistoediening op verskillende dieptes moontlik.

Dit is Odendaal se strewe om die ingenieurs- en vervaardigingskapasiteit van die Rula Holdings-groep te kombineer met die agronomiese behoeftes van die Suid-Afrikaanse produsente in hulle onderskeie streke, om produkte te ontwikkel wat doelgemaak is en produsente in staat stel om die huidige kommersiële uitdagings te oorkom met geöptimaliseerde en koste-effektiewe hulpmiddels.

Kom besoek ons gerus op standplaas 228 tydens NAMPO vanjaar. Ons sien uit om te gesels oor jou nuwe pasmaak-oplossing. ■

**LIUGONG IS HERE TO SUPPORT SUSTAINABLE AGRICULTURE IN AFRICA**


777A BACKHOE LOADER


MINI EXCAVATORS 4 T TO 15 T


SKID STEER LOADERS WITH VARIOUS APPLICATIONS



MINI LOADERS WITH FARMING APPLICATIONS

# DISCOVER LIUGONG'S COMPACT SERIES?

**JOIN US AT NAMPO – STAND A 250**

**WE GIVE YOU CONTROL >>>**

WE GIVE YOU CONTROL OVER THE TOUGH DEMANDS OF THE JOBS YOU DO. WE GIVE YOU INTUITIVE MACHINES BUILT TOUGH FOR EXTREME DUTY. WE OFFER A FULL LINE OF MACHINES TO DO ANY JOB, ANYWHERE.

BurGerS Equipment and Spares
www.burgersafrica.com

Leading Official Dealer
011 979 3636
Liugong South Africa
011 979 0971
www.liugong.com

LIUGONG
TOUGH WORLD. TOUGH EQUIPMENT.

FACEBOOK.COM/LIUGONG MACHINERY SOUTH AFRICA

# WAT IS NAMPO sonder 'n pannekoek of sosatie?

**SA Graan/Grain redaksie**

Almal wat al Graan SA se NAMPO Oesdag besoek het, kan getuig dat jy nie kan sê jy was by NAMPO as jy nie kerrie-en-rys, 'n sosatie of 'n pannekoek geëet het nie. Van die oomblik wat jy NAMPO Park vroegoggend binnekom tot laatmiddag wanneer jy huiswaarts keer, word jou reuk- en proesintuie behoorlik geprikkel. Vanjaar se spyskaart bied weer vir elkeen se smaak iets te ete en te drinke en jy het 'n keuse of jy jou wegneemete van die kiosk op die gras onder 'n boom of op 'n bankie wil geniet.

## Wegneemetes

### Hervormde Kerkkiosk
Kerrie-en-rys, vetkoek, warmbrakke, *jaffles* en pannekoek

### Monate Sosatie
Sosaties, sosatiebroodjies, vetkoek en spiraalaartappels

### Santam Landboukiosk
*Spare rib*-burgers, hamburgers, boereworsrolle, aartappelskyfies, biltong, droëwors en *chilli bites*

### NAMPO-saalkiosk
Vetkoek, *jaffles*, pannekoek, biltong, droëwors en pasteie

### Suidwestelike kiosk
Sosaties, pannekoek, hamburgers, boereworsrolle, vetkoek, kerrie-en-rys en warm aartappelskyfies

### Noordhekkiosk
Pap-en-sous, pap-en-wors, hamburgers, boereworsrolle, kerrie-en-rys, warm aartappelskyfies en *russians*




As jy verlede jaar nie 'n ontbyt of middagete by die Fanie Ferreira-restaurant kon gaan eet het nie, maak seker jy maak vanjaar tyd om by dié restaurant 'n ete te gaan geniet.

Produk-inligting

# 50 jaar oud in 2017


**CONLETH COSTIGAN,** Jooste Suier en Pomp

Jooste Suier en Pomp maatskappy is in 1967 gestig en vier volgende jaar hul 50ste bestaansjaar. Jooste-produkte sluit in boorgatsilinders, forskoppe, druksilinders, vlotterkleppe, handpompe en ander verwante produkte.

Sedert Jooste Suier en Pomp in die vroeë 1980's hul silinders begin nommer het, is daar al oor die 115 000 Jooste-silinders aan produsente verskaf. Alle onderdele vir die produkte is by die maatskappy of hul verspreiders verkrygbaar.

Ons wil graag hiermee aan al ons kliënte die versekering gee dat, sou ons nie onderdele kan voorsien vir 'n silinder wat 25 jaar oud of jonger is nie, ons dit kosteloos met 'n nuwe silinder sal vervang.

Die maatskappy sal weer vanjaar by Graan SA se NAMPO Oesdag wees. Kom besoek ons in die Zest WEG Group-saal by uitstalruimte 12. ■



# WAT IS NAMPO sonder 'n pannekoek of sosatie?

### *Caltex-saalrestaurant*
Hamburgers, boereworsrolle, warm aartappelskyfies en gesondheidsbroodjies

### *NAMPO-saalrestaurant*
Hamburgers, geroosterde broodjies, boereworsrolle en warm aartappelskyfies

### *Biertuinrestaurant*
Boereworsrolle, hamburgers, vleispasteie, biltong en droëwors

### *Suidoostelike kiosk*
Hamburgers, boereworsrolle, wors, *jaffles* en pannekoek

## Groot dors
Les jou dors hiér:

- Absa-koeldrankkiosk
- Caltexrestaurant
- Hervormde Kerkkiosk
- Koeldrankwaentjie by Hek 1
- Monate Sosatie
- NAMPO-koeldrankkiosk
- NAMPO-saalkiosk
- Noordhekkiosk
- Santam Landbou-kiosk
- Suidoostelike kiosk
- Suidwestelike kiosk



Kom geniet 'n koppie koffie en snytjie koek saam met familie en vriende by die Polkadot-teetuin.

## 'n Peuseldingetjie
Vir die soettand (en souttand) is daar lekkernye by die volgende kiosks te koop:

- Hervormde Kerkkiosk
- NAMPO-saalkiosk
- Santam Landbou-kiosk (kyk uit vir die droëwors en biltong by hierdie kiosk)
- Suidoostelike kiosk
- Roomyskiosk (naby die Shell-uitstalling)

Ander items: Sigarette en aanstekers is by die meeste van die kiosks beskikbaar.

## Fanie Ferreira-restaurant, teetuin of biertuin
Diegene wat dalk iets anders as pannekoek, hamburgers of boereworsrolle wil nuttig, kan hul dag afskop met 'n heerlike plaasontbyt by die Fanie Ferreira-restaurant, waar jy 'n keuse het om in die algemene restaurant, op die stoep of by Klub 200 te eet. Met middagete kan jy terugkeer na dié restaurant waar 'n verskeidenheid etes – van braaihoender met bykosse tot 'n braaivleisete – voorgesit word. Middagteetyd kan die vroue in die Polkadot-teetuin gesels oor 'n koppie koffie en snytjie koek oor hul dag se inkopies op NAMPO, terwyl die manne tegnologiestories kan gaan uitruil in die biertuin. ■

*Spyskaarte onderhewig aan verandering.



# Draf nouer rywydtes een-twee-drie kaf met dié planter

**AREND LANGER,** Monosem Suid-Afrika

Een van die tendense wat Suid-Afrika se landboubedryf tans ervaar, is die tendens van nouer rywydtes. Dit gaan meestal gepaard met wyer bewerking en beter tegnologie en vereis dus nuwe, groter planters met hoër akkuraatheid en minder staantyd.

Vir rywydtes van 52,5 cm en nouer, stel Monosem Suid-Afrika hierdie jaar hul nuwe modelreeks, Quad-Max, bekend. Nuut daaraan is die raamkonstruksie, asook die enorme grootte kunsmis- en saadkapasiteit van die planter, terwyl verder op die bekende Monosem-karretjies en die Fertisystem-kunsmisuitdraaiers staatgemaak kan word.

Menige rywydtes – vanaf 45 cm tot by 91,4 cm – is moontlik. Planterkonfigurasies tot 36 rye word bereik sonder 'n swaar raamwerk wat vorentoe of boontoe moet opvou vir vervoerdoeleindes. Wye konfigurasies bestaan uit twee of drie seksies van 6, 8, 10 of 12 rye wat permanent aanmekaar gehaak bly en dwars van die land afgesleep word. Geen waaiers, hidrouliese motors of horisontale vervoerpype is nodig om die saad en kunsmis vanuit 'n massabak tot by die karretjies te kry nie. Egalige gewigsverspreiding oor die volle wydte van die planter is 'n verdere voordeel van die Quad-Max.

Beskikbaar as 'n opregte geenbewerkingsplanter, maar ook as 'n konvensionele masjien, het 'n koper 'n wye keuse van kunsmiswerktuie insluitende Monosem se gewilde kouter en trip-tandkombinasie asook die nuwe "kouter-en-dubbelskyfkombinasie.

Besoek ons gerus tydens Graan SA se NAMPO Oesdag op standplaas 115. ■

1


2


3


1: 'n Twee-seksie Quad-Max met disselboom in plantposisie.
2: 'n Twee-seksie Quad-Max met disselboom in vervoerposisie.
3: 'n Enkelseksie Quad-Max van bo gesien.

# FOKUS OP nuwe reeks by Oesdag

**ANITA VAN ZYL,** namens Barloworld Agriculture

Die nuwe MF 6700-reeks van 83 kW tot 98 kW uit Massey Ferguson se Global-stal bied alles wat 'n produsent in dié gewilde kilowatt-segment soek en meer. Dié reeks is vanjaar 'n fokuspunt op Barloworld Agriculture se Massey Ferguson-standplaas by Graan SA se NAMPO Oesdag.

Die MF 6700-reeks is die grootste trekkers in die Global-familie, wat ook bestaan uit die MF 4708 (61 kW) wat reeds plaaslik bekend gestel is en twee MF 5600-modelle van 69 kW en 76 kW wat later vanjaar hul buiging in Suid-Afrika maak.

"Global-trekkers vervang nie vorige reekse nie – hulle is van grondvlak af ontwerp met een doel voor oë: Om trekkers te skep wat aan vandag en môre se dinamiese produsente se verwagtinge sal voldoen, maar steeds bekostigbaar is," sê mnr Piet Vorster, produkbestuurder vir Massey Ferguson by Barloworld Agriculture.

"Minstens 70% van die komponente in die reeks is nuut ontwerp en ingenieurs uit verskillende lande het saamgewerk om hierdie kampioene die lig te laat sien," sê hy.

Die drie modelle in die MF 6700-reeks is die MF 6713 (98 kW) en twee kleiner weergawes met dieselfde boustyl – die MF 6712 (91 kW) en MF 6711 (83 kW). Kajuitweergawes word later in 2016 verwag.

Al drie trekkers word aangedryf deur nuwe turboaangedrewe 4,4 liter AGCO Power-viersilinderenjins. Die enjins kom uit 'n Finse fabriek wat naam gemaak het vir enjins wat sorg vir uitstekende kraglewering, wringkrag en brandstofekonomie.

Die enjins bereik hul aangeslane krag teen lae revolusies, wat bydra tot 'n lae brandstofverbruik en ook help om lang kommervrye werking met 'n lae onderhoudskoste te verseker.

## Nat of droë koppelaar

Die ten volle gesinchroniseerde 12x12-transmissie is in Frankryk ontwerp en gebou. Die trekkers is beskikbaar met 'n gesinchroniseerde meganiese *shuttle* met 'n droë koppelaar of, vir produsente wat baie *shuttle*-werk doen, 'n Power Shuttle met 'n nat, olieverkoelde koppelaar vir elektro-hidrouliese vorentoe- en tru-skakeling.

Groenteprodusente kry die opsie van 'n fabrieksgemonteerde kruipspoedrat wat die trekker se spoed afbring na 200 m per uur – presies wat die manne met komposomkeerders wil hê.

Die agterstel is ook heeltemal nuut en die ekstra swaar gietstukke gee voldoende ondersteuning vir swaar beladings en verhoogde kapasiteit.

Nat veelplaat-remme bring die trekker met groot gemak in sy spore tot stilstand en fabriekgemonteerde hidrouliese sleepwaremme is opsioneel.

Elektrohidrouliese inskakeling van vierwielaandrywing geskied met die druk van 'n knoppie en in- en uitskakeling kan in die ry gedoen word. Voorwielaandrywing vind plaas deur middel van 'n sentrale as, wat bydra tot 'n kleiner draaisirkel.

## Hidroulika

Die MF 6700-reeks het 'n oop hidrouliese stelsel, met 'n vloei van tot 57 liter per minuut op die hyser en eksterne aftapkleppe.

"Massey Ferguson se elektroniese hyserbeheer bly die beste in die bedryf," sê Vorster. "Omdat dit vinnig reageer en korrigeer, verbeter dit sowel werkverrigting as brandstofverbruik." Met 'n stewige optelvermoë van tot 5,5 ton bied die MF 6700-reeks goeie reserwekapasiteit vir die gemaklike hantering van implemente.

Die trekkers is ontwerp vir produktiwiteit – ook wat die operateursomgewing betref. Die platform is heeltemal herontwerp met die klem op veiligheid, gerief en die gemaklike beheer van alle trekkerfunksies.

## Nuwe groot trekker

Massey Ferguson se hoëtegnologietrekkers het plaaslik deeglik naam gemaak vir brandstofdoeltreffendheid en werkverrigting. Die MF 8660 van 196 kW is die jongste toevoeging tot die MF 8600-reeks, wat ook uit die vlagskip MF 8690 (250 kW) en MF 8670 (213 kW) bestaan. Soos die ander trekkers in die MF 8600-reeks het dit 'n beproefde nuwe tegnologie AGCO Power-enjin wat sorg vir meer doeltreffende kraglewering en brandstofekonomie en 'n deurlopend-wisselende Dyna VT-transmissie vir presisiewerk in strawwe toepassings. Die hysvermoë op die driepunt is 12 ton.

Buiten 'n wye verskeidenheid trekkers sal besoekers ook die jongste Massey Ferguson-plantertegnologie en -hooimaaktoerusting by NAMPO op Barloworld Agriculture se standplaas kan besigtig en met kundiges kan gesels oor presisieboerdery-oplossings. ■



▲ Die nuwe MF 6713 (98 kW) is van grondvlak af ontwerp met hoë spesifikasievlakke vir sy kategorie.

**Barloworld Agriculture**

## NUWEGENERASIE-TREKKERS VIR DIE NUWEGENERASIE-BOER

- Van grondvlak af herontwerp met hoë spesifikasievlakke vir die segment
- Drie platformmodelle: MF 6711 (83 kW), MF 6712 (91 kW), MF 6713 (98 kW)
- Robuuste AGCO Power-enjin – maksimum kraglewering, wringkrag en brandstofekonomie
- Ten volle gesinchroniseerde 12X12-transmissie met meganiese “shuttle” of elektro-hidrouliese “power shuttle”.
- Gerieflike hantering met knoppie-inskakeling vir die meeste trekkerfunksies.
- Hysvermoë van 5,5 ton

**KONTAK JOU MF HANDELAAR NOU!**
**Of skakel 011 898 0074 vir jou naaste handelaar**

DIENSPLAN
BESKIKBAAR




# NUWE MF 6700: 83–98 KW
# HY IS HIER!

**VAN MASSEY FERGUSON**

**MASSEY FERGUSON** is 'n wêreldwye handelsmerk van AGCO.

AGCO
Your Agriculture Company

MASSEY FERGUSON






# THE POWER OF PRECISION

## – helps increase productivity, reduce inputs and maximise yield potential

**CHRISTO HELM,** Topcon Precision Agriculture Africa

Topcon Precision Agriculture's growing portfolio brings the power of precision to farming operations around the world. Topcon Precision Agriculture serves agri-businesses, professional producers and agricultural contractors with leading edge, innovative technology that is easy-to-learn and easy-to-use.

Our solutions make a difference. We have over 40 years invested in providing advanced technology products designed to improve farm efficiency worldwide. The expansion of the Topcon family of brands has enabled us to reach across all phases of precision farming. We can help you increase productivity, reduce inputs and maximise yield potential. No matter what size farm and agribusiness, what role you have, or what season it is, Topcon has the solutions and services to help you get the job done right.

Topcon provides improved efficiency and productivity to every phase of your farming operation. With a proven track record of dependable and reliable products that stands up to the challenge of farm work, we combine precision positioning technology and advanced machine control to help you increase productivity, reduce inputs and maximise farm revenue.

Topcon Precision Agriculture offers a full circle of solutions from entry level applications to the most advanced solutions:

- Guidance including Auto-Steering up to RTK level and controlled traffic
- Seeding/planting (Apollo) up to eight products
- Spreading (Apollo and ASC-10)
- Spraying (Apollo and ASC-10)
- Boom levelling (Norac)
- Crop sensing with on-the-go application (CropSpec)
- Yield mapping
- Water management including AGForm 3D software for processing
- Auto Section Control up to 32 sections (Apollo and ASC-10)
- Variable rate control of up to eight products
- Blockage monitoring
- ISO UT interface compatibility and ISO TC embedded
- ISO11783 compliant
- Data management software (SGIS)
- Cloud-based data management (Magnet)
- Weigh/load cell solutions (Digi-Star)

In an effort to ensure your farm operates throughout the growing season, dealers have access to 24/7 support from the factory. Topcon provides the tools you need to get your work done right the first time. Topcon Positioning Systems (TPS) has been awarded registration to the ISO-9001:2008 International Standard. ISO-9001 certification is recognised throughout the world as having an approved and continuously assessed quality management system.

Visit us during Grain SA's NAMPO Harvest Day in the Caltex hall at exhibition 7. ■

TERRATill Implemente (Edms) Bpk

HORSCH







# PRONTO DC NUUT BY NAMPO 2016

## kom besoek ons by standplaas 243 & 244 en sien vir jouself!







Kantoor 018-788 2457/018 786 1904;
Henry van Vuuren: 083 641 9151; henryvv@terratill.co.za
TERRATILL IMPLEMENTE (EDMS) BPK, CARLETONVILLE, GAUTENG






FL 630 SUPER

- Veeldoelige gebruik vir beide die veld- en pad
- Veld beskerming
- Uitstekende traksie
- Verhoogte dravermoë
- Uitstaande self-skoonmaak funksie

OFF-HIGHWAY TIRE SOLUTIONS

BKT BANDE WORD MET TROTS VERSPREI DEUR

TUBESTONE PRECISION TYRE BRANDS

Kaapstad: +27 (21) 510 6746
Johannesburg: +27 (11) 396 1356
Uitvoere: +27 (82) 411 4419
Durban: +27 (31) 564 0060
Bloemfontein: +27 (51) 432 4000
Port Elizabeth: +27 (41) 486 3879
Windhoek: +264 (61) 224 838
Gaborone: +267 (391) 5690
www.tubestone.co.za

bkt-tires.com

BKT
GROWING TOGETHER

# Vind hier meer uit oor bande

## (terwyl jou voete rus)

**LARA DE GOEDE,** Tubestone

Tubestone is die trotse en eksklusiewe BKT-bande groothandelaar in Suid-Afrika, Namibië, Botswana en Zimbabwe. Dit is met groot trots, jare se harde werk en lojale kliënte en ondersteuners dat Tubestone hierdie jaar ons 15de bestaansjaar vier. En dít saam met Graan SA se NAMPO Oesdag se groot 50!

Tubestone het klein by NAMPO begin, die stalletjie het bestaan uit 'n gazebo en 'n paar uitstalbande. Oor die jare, soos die NAMPO Oesdag gegroei het, het Tubestone ook gegroei en tans spog die maatskappy met 'n permanente stalletjie-uitstalarea en piekniekbankies.

Besoekers is meer as welkom om hul voete by ons stalletjie te kom laat rus onder die skadunette, wat beskerming teen die warm Vrystaatse son bied.

Addisionele dienste wat Tubestone aan BKT-kliënte bied, is die drukmeter en trekkerskale. Die dienste word ten toon gestel by die Tubestone-stalletjie en ons opgeleide personeel verduidelik graag vir jou in meer besonderhede hoe die dienste werk.

Die drukmeter word gebruik om grondkompaksie te meet wat deur verskillende trekkers en bandgroottes veroorsaak word. Hoe laer die grondkompaksie, hoe beter die opbrengs.

Navorsing toon dat meer as 60% van trekkers nie optimaal presteer nie, omdat dit inkorrek opgestel is. Die maatskappy gebruik die trekkerskale om jou trekker te weeg, die inligting word ontleed en ons kan jou adviseer oor wat die korrekte gewigte vir jou spesifieke trekker sal wees. Kom vind gerus meer uit.

Een van die BKT-bande waarop ons besonder trots is, is die Agrimax. Indien jy nog nie self ervaring van die band het nie, beveel ons die Agrimax sterk vir jou aan. Vir meer inligting oor die kenmerke van die band, lees gerus verder.

### Gemak, betroubaarheid en veelsydigheid

Die Agrimax RT 855 vorm deel van die uitmuntende BKT-landbou-reeks. Dit is spesifiek ontwerp om die tyd wat die produsent in die veld spandeer, gerieflik te maak. Dit is hoofsaaklik ontwerp vir grondbewerking, asook veld- en padvervoer, maar sommige groottes van die band is ook geskik vir rygewasse, besproeiing en oes van wingerde. Met 'n meer diepgaande ondersoek is daar drie sleutelwoorde wat die bande ten beste beskryf: Gemak, betroubaarheid en veelsydigheid. Al drie die kenmerke word in een band gevind: Die Agrimax RT 855.

#### *Gemak*

Wanneer 'n band as gemaklik beskryf word, beteken dit nie noodwendig slegs dat jou rit 'n plesier, of prettig, gaan wees nie. Produsente kan getuig van rugpyn en ander kwale wat veroorsaak word deur ure en ure wat in die veld tydens 'n besige werksdag spandeer word. Die bande word gekenmerk deur uitmuntende gemakseienskappe. Die gemakseienskappe wat die Agri RT 855 bied, is dus werklik 'n voordeel vir 'n produsent se rug en algehele gesondheid.

#### *Betroubaarheid*

Vir enige taak wat aangepak word, is 'n betroubare band essensieel. Een van die belangrikste eienskappe van 'n betroubare band is traksie. Die Agrimax RT 855 se unieke struktuur en loopvlak is ontwerp om uitstekende traksie te bied asook duursaamheid en volhoubaarheid – dít dra weer by om die opbrengs te verhoog.

#### *Veelsydigheid*

Die band is ontwerp met uitstekende self skoonmaak-eienskappe en dit vergemaklik die oorgang van veld- na padgebruik. Die band is gepas vir grondbewerking, oes en besproeiing van gewasse. Produsente sal beslis nie teleurgesteld wees met die diversiteit van die Agrimax RT 855 nie. Die bande is beskikbaar in 'n wye reeks groottes en is juis ontwerp om meer opsies aan produsente te bied. Die regte bande maak 'n groot verskil aan die tyd wat in die veld spandeer word, asook die kwaliteit werk wat gelewer word.

Met 'n mededingende landbou- en industriële sektor, is die aanvraag vir kwaliteit bande hoog. Tubestone voldoen in hierdie vraag en voorsien die oplossing: BKT. Die Tubestone-personeel is spesialiste in hul veld. As jy enige navrae oor bande het of tegniese advies benodig, kom loer gerus in by dié stalletjie. Een van ons verteenwoordigers sal jou met graagte bystaan met advies, 'n alternatief, 'n oplossing of rus vir die voete aanbied.

Ons sien uit om jou by NAMPO te sien. Besoek ons gerus by standplaas 8c - 8e en 9c - 9f. ■






▲ 1: BKT-bande word uitgestal voor die Tubestone-stalletjie.
▲ 2: Kom sit en rus die voete onder ons skadunette.

# You spoke. We listened.

Learn more at NAMPO 2016



## The New Benchmark

JOHN DEERE

GRAAN SA/GRAIN SA
# NAMPO
OESDAG/HARVEST DAY

## LANDBOU-ALGEMEEN







▲ Waar die Oesdag in 1967 met net agt uitstallers en 'n tydelike terrein afgeskop het, spog Graan SA se NAMPO Oesdag vandag met 'n moderne, toegeruste terrein wat meer as 650 uitstallers met gemak kan huisves.

# VIR PRODUSENTE; DEUR PRODUSENTE

## – 'n halfeeu van Oesdaggeskiedenis

**Johan Smit, besturende redakteur: *SA Graan/Grain***

Wat in 1967 begin is as 'n geleentheid vir mielieprodusente om meganisasietoerusting op 'n nie-mededingende basis op een plek teen mekaar op te weeg, het gegroei tot 'n gediversifiseerde landbouhandelskou van internasionale formaat. Na 50 jaar word Graan SA se NAMPO Oesdag vandag steeds gereken as die toonaangewende vertoonvenster van landbou in Suider-Afrika.

Die Oesdag het sy ontstaan te danke aan die inisiatief van drie produsente uit die Bloemfontein-distrik, naamlik mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann – destyds al drie lede van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-instituut (SAMPI). Hul drome is in dade omgesit en op 7 en 8 Junie 1967 is die eerste SAMPI Oesdag op Donkerhoek – die plaas van Hannes van Wyk – naby Bloemfontein gehou.

"Ons het die Oesdag begin omdat ons boere en masjinerievervaardigers by mekaar wou uitbring. Die sestigerjare was die oorgangstyd na grootskaalse meganisasie en dit was van die allergrootste belang vir die mieliebedryf om insetverskaffers en landbouers by mekaar te bring. Daar was 'n wesenlike behoefte om trekkers en implemente op 'n groter skaal te sien as wanneer slegs een maatskappy sy produkte op jou plaas demonstreer," het Van Wyk aan *Mielies/Maize* (voorganger van *SA Graan/Grain*) in die April 1989-uitgawe gesê.

Die aanvanklike fokus was uitsluitlik op mielieproduksie; veral die meganisasie-aspek daarvan. Aangesien Suid-Afrikaanse kommersiële boerderye ter wille van volhoubare winsgewendheid toenemend 'n geïntegreerde sakemodel begin aanneem het, het die Oesdagkomitee se keuse van uitstallers en die fasiliteite van die Oesdagterrein oor die afgelope 50 jaar dinamies in pas gebly met nuwe ontwikkelings en die nuutste boerderytegnologie.

"Ons uitgangspunt is dat as daar primêr op landbou gefokus word; dit tuis hoort by die NAMPO Oesdag. Deurlopende fokus op die behoeftes van landbouprodusente en op landbou- en landbouverwante uitstallers van gehalte, is 'n beproefde resep," het mnr Vic Mouton, Oesdagvoorsitter, in 2004 gesê.

Selfs nie die winde van verandering in georganiseerde landbou oor die jare het die karakter van die handelstentoonstelling verander nie. SAMPI is in 1966 gestig deur mielieprodusente wat ontevrede was met die feit dat diegene wat die mieliebedryf hanteer het, nie bona fide-mielieboere was nie én hulle verkeerde hantering van die ekonomiese sake van die bedryf. Dit was, om die minste te sê, 'n opdraande stryd om as wegbreekfaksie die sogenaamde groot mieliestryd teen die regeringsgesteunde mielie-spesialiteitsorganisasie (SAMSO) te stry en om genoegsame steun van uitstallers en die landboupubliek te wen om die SAMPI Oesdag te laat beslag kry.

Na intervensie deur die destydse Minister van Landbou, mnr Hendrik Schoeman, is eenheid in die mieliebedryf uiteindelik bewerkstellig. SAMPI en SAMSO is ontbind en het op 3 Oktober 1980 plek gemaak vir die Nasionale Mielieprodusente Organisasie (NAMPO) se totstandkoming. Die Oesdag – as 'n prominente deel van SAMPI se bruidskat – is gevolglik tot die NAMPO Oesdag herdoop.

Gedurende die bykans 20 jaar wat gevolg het, het die NAMPO Oesdag in elke opsig van krag tot krag gegaan. Wat aanvanklik 'n mieliegefokusde handelskou was, is gediversifiseer en uitgebrei om die Suid-Afrikaanse landboubedryf in geheel te akkommodeer. Dit het ontwikkel tot een van die bekendste plaaslike landbouhandelsmerke en spog selfs met 'n sterk bewustheid in die internasionale landbou-arena.

Eenwording in die graan- en oliesadebedryf het bykans twee dekades later in 1999 gevolg ná die deregulering van landboubemarking in 1997. Spesialiteitsorganisasies wat produsente uit die mielie-, wintergraan-, sorghum- asook olie- en proteïensade-bedrywe verteenwoordig het, het gesamentlik die grootste landbouprodusente-organisasie in die land gestig. Die Oesdag was weer eens deel van die bruidskat wat NAMPO na die nuutgestigte spesialiteitsorganisasie gebring het.

Die organisasie se aanvanklike benaming, die Graanprodusente-organisasie (GPO), het op 8 Maart 2000 plek gemaak vir 'n splinternuwe korporatiewe identiteit, toe "Graan SA" eenparig deur die jaarkongres goedgekeur is. As 'n mens oor 50 jaar terugkyk, het Graan SA se NAMPO Oesdag ontwikkel tot 'n integrerende deel van landbou in Suid-Afrika in geheel. Dit is 'n wenresep wat bestaan uit:

- Moderne, eie Oesdagfasiliteite;
- Rigtinggewende landbou-leierskap;
- Die toewyding van SAMPI-, NAMPO- en Graan SA-hoofbestuurslede en -personeel.
- Volgehoue ondersteuning van plaaslike en internasionale insetverskaffers;

- Dienswilligheid van vrywilligers oor baie jare heen; en
- Groeiende jaarlikse bywoning deur produsente en die algemene publiek.

Hoewel die beheerde meganisasie-demonstrasies vir sowat 40 jaar 'n belangrike komponent van die Oesdag was, het die Oesdagkomitee, na goedkeuring deur die Hoofbestuur van Graan SA, ingestem dat daar vanaf 2009 nie meer praktiese demonstrasies aangebied word nie. Die besluit is geneem om uitstallers van werktuie tegemoet te kom in hul poging om kostes – en meer spesifiek die vervoer van die werktuie – te beperk en om hul voortgesette deelname aan die Oesdag te verseker. Enkele vervaardigers doen steeds demonstrasies in die lande op versoek, maar die meeste uitstallers wend sedertdien rekenaartegnologie, elektroniese tentoonstellings en selfs gesimuleerde ervarings op hul standplase aan om hul statiese uitstallings te ondersteun.

Met 'n trotse geskiedenis wat oor vyf dekades strek, is die Oesdag vandag 'n kombinasie van die nuutste landboutegnologie, produkverskeidenheid, innovasie, gesprekvoering, 'n mekka van netwerkgeleenthede en landbou-gasvryheid, wat sy reputasie gestand doen as Suider-Afrika se vertoonvenster van landbou.

## Uitstallers en bywoningsgetalle

| JAAR | GETAL UITSTALLERS | BYWONING |
|---|---|---|
| 1967 | 8 | 203 |
| 1974 | 32 | "Duisende egte boere" |
| 1983 | 175 | 13 000 |
| 1996 | 280 | 42 000 |
| 2000 | 516 | 50 400 |
| 2005 | 576 | 68 802 |
| 2010 | 650 | 68 900 |
| 2015 | Meer as 650 | 69 584 |

### Uitstallers tydens 1ste Oesdag in 1967

1. Malcomess
2. Sentraalwes Koöperatiewe Maatskappy
3. International Harvester
4. John Deere
5. John Roderick & Southy
6. Lambons
7. Lifa
8. Mangolds







Agritrac Super Universal. 'n Veeldoelige smeerolie wat verseker dat jou plaaswerktuie meer tyd in die veld en minder in die werkswinkel sal spandeer.

Beskikbaar by The Oil Centre, goedgekeurde verspreiders en voorste koöperasies.
Klante-dienssentrum: 08600 36436

**Met ons is jy Nommer Een** | **ENGEN**

# Oesdag – só het dit ontwikkel

1967

## 1. Plaas Donkerhoek naby Bloemfontein

- Die eerste SAMPI Oesdag is op 7 en 8 Junie 1967 op die plaas Donkerhoek van mnr Hannes van Wyk gehou.
- Die SAMPI-distriksbestuur van Bloemfontein het die Oesdag begin. Mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann was die pioniers by wie die gedagte in 1966 posgevat het.
- Die kernfokus was om trekkers en implemente op 'n nie-mededingende basis prakties te demonstreer sodat produsente dit self kan vergelyk.

1968

## 2. Plaas Hopefield naby Bloemfontein

- Vanaf 1968 is die Vrystaatse Oesdag aangebied op die plaas van Haddad.
- Dr AJA Roux, voorsitter van die Raad op Atoomkrag, was die hoofspreker en Fanus Rautenbach, alombekende radioman, was die aankondiger.
- *Die Landman* (voorganger van *SA Graan/Grain*) berig in Julie 1969 dat sowat 2 000 produsente oor die twee dae in 1969 op Hopefield teenwoordig was.

1968 - 1972

## 3. Buiten die Oesdag op Hopefield, is bykomende oesdae in die distrikte van Hendrina en Ottosdal gehou (1969 - 1972)

- By Hendrina, op die plaas Uitgezocht van mnr Tienie Louw.
- By Ottosdal, op die plaas Rietvlei van mev Annie Lombard.
- Volgens *Die Landman* is die normale prosedure gevolg soos wanneer 'n produsent self sy oes sou bewerk. Demonstrasies het ingesluit dié van stilstaande dorsmasjiene, daarna selfaangedrewe en trekdorsmasjiene, waarop die omploeg van geoeste lande gevolg het.
- Planters in aksie is bygevoeg vanaf 1970.

1973

## 4. Eerste nasionale Oesdag tydelik gehou op Oesdagterrein te Ottosdal

- Na aanleiding van die Sentrale Oesdagkomitee se besluit in 1972 om vanaf 1973 die drie onderskeie oesdae in "een massiewe aanbieding" te kombineer.

1974

## 5. Sedert 1974 gehou op die nuwe Oesdagplaas, Marthaville, geleë naby Bothaville in die Vrystaat

- Die SAMPI Sentrale Oesdagkomitee, onder leiding van Van Wyk, het die plaas Marthaville aangeskaf en ontwikkel met die doel om dit "die jaarlikse middelpunt van landboumeganisasie in Suid-Afrika" te maak.
- Bothaville/Viljoenskroon-distrik is deur die Sentrale Oesdagkomitee beskou as 'n lokaliteit wat maklik bereikbaar is vir produsente van reg oor die land. Ongeveer 80% van die destydse mielieproduksiegebied was binne 'n radius van 160 km vanaf Bothaville geleë. Marthaville grens ook aan 'n teerpad, wat toeganklikheid en verkeer optimaliseer.
- Twee restaurante en toiletgeriewe – die eerste geboue op die terrein – is in 1974 opgerig. 'n Karavaanpark is op die terrein ingerig en Rondalia het mobiele kombuis- en eetwaens en mobiele toilet- en wasgeriewe vir die duur van die Oesdae by die karavaanpark beskikbaar gestel.
- *Die Landman* (Februarie 1974) beskryf die ontwikkeling van die Oesdagplaas as "'n skitterende voorbeeld van samewerking en spanwerk tussen SAMPI se Oesdagbestuur en 'n aantal private maatskappye en koöperasies wat die dienstema van die Oesdae op die hart dra."
- Jaarliks het meer as 500 vrywilligers per dag bestaande uit lede van Graan SA en sy voorgangers en/of hul gesinne asook mense uit die gemeenskap, hul moue opgerol om eet- en drinkgoed voor te berei en aan Oesdaggangers te bedien. Alle aktiwiteite op die terrein is met behulp van 'n komiteestelsel bedryf, onder leiding van die Oesdagkomitee.
- Vir die afgelope sowat tien jaar is die restaurante en wegneemete-kiosks egter op tenderbasis aan instansies soos skole, kerke en boereverenigings toegeken.



# SASOL KAN28 NOU BESKIKBAAR BY JOU NAASTE AGRI-WINKEL

**Sasol Chemicals,** a division of Sasol South Africa (Pty) Ltd

sasol
reaching new frontiers

# Oesdag – só het dit ontwikkel

## 6. Internasionale deelname goed gevestig oor jare

- Globalisering het daartoe gelei dat internasionale deelname, naamlik afvaardigings én individuele of georganiseerde uitstallers, reeds sedert die tagtigerjare 'n algemene gesig by die Oesdag geword het.
- Die Oesdag bied 'n ideale geleentheid vir internasionale uitstallers om ondersoek te kom instel of daar 'n mark vir hul produkte in Suid-Afrika is en om kontak te maak met plaaslike verspreidingsnetwerke.
- Waar die tagtigerjare gekenmerk is deur enkele buitelandse uitstallers – soos dié vanaf Wes-Australië en Brasilië – asook besoekersgroepe, berig *SA Graan/Grain*-tydskrif deurlopend vanaf 2002 van individuele internasionale uitstallers asook georganiseerde uitstallersgroepe wat aan die Oesdag deelneem.
- 'n Afvaardiging van Argentinië het in 2008 die eerste keer aan die NAMPO Oesdag deelgeneem – wat intussen gegroei het tot 'n Argentynse paviljoen.
- 'n Samewerkingsooreenkoms is in 2010 gesluit met Expoagro, 'n opelug landboutentoonstelling soortgelyk aan die Oesdag, wat jaarliks in Argentinië plaasvind.
- Die groeiende belangstelling deur oorsese uitstallers het in 2010 gesorg vir 'n groot afvaardiging vanaf Argentinië, sowat vyf Amerikaanse uitstallers en nuwe produkte uit Australië wat uitgestal is.
- Vanaf 2011 het besoekersgroepe uit Afrika begin posvat.
- Teen 2012 het gekombineerde uitstallings vanuit Amerika en Argentinië deel gevorm van die oorsese uitstallers, met individuele uitstallers uit Pakistan, Brasilië, Italië en Denemarke.
- Meer as 45 internasionale uitstallers was teen 2013 by die Oesdag betrokke.
- Internasionale afvaardigings van die volgende lande is in 2014 geakkommodeer: Amerika, Argentinië, Brasilië, Denemarke, Frankryk, Hongarye, Italië, Israel, Indië, Kanada, Oekraïne, China en verskeie Afrikalande.
- Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.

## 7. Insetverskaffers bewys steun en vertroue

- Talle nuwe geboue is in 1982 deur uitstallers ingewy:
  - NAMPO Shell-inligtingskompleks (kantoorgeriewe, persgeriewe en 'n polisiestasie)
  - Malcomess se moderne gebou op hul standplaas
  - Ford se opleidingsentrum vir werknemers op hul standplaas
  - International Harvester
  - Natuurgroei
  - Mobil museum (huisves trekkers en implemente wat tot 1917 terugdateer)
  - Bayer SA
  - Vetsak
- Hallo daar...*Mielie/Maize* (voorganger van *SA Graan/Grain*) berig in April 1982 dat telefoongeriewe by 15 standplase beskikbaar gestel is. Na 'n tydelike selfoontoring in 1996 gesorg het vir selfoonverbindings, het MTN en Vodacom in 1997 'n permanente toring op die terrein opgerig.
- Demonstrasie-proefwerk van verskeie instansies en maatskappye is vanaf 1983 op die terrein gevestig.
- Die Trek-toegangshekke is in 1983 in gebruik geneem. Die hekke het verseker dat besoekers vinnig die terrein kon betree. Die hekke word vandag nog deur Engen geborg en beman.
- Teen 1983 is permanente uitstalruimtes op standplase van meer as R1,5 miljoen opgerig en nuwe gebou ter waarde van R500 000 is jaarliks tot die terrein toegevoeg.
- Die immergewilde Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie is in 1988 begin en word vandag steeds op Omnia se standplaas aangebied.
- In 1996 is die Roodebank Saadkompleks ingewy. Nuwe geboue is ook opgerig deur Staalmeester, Interlov, Sanvet, Pumpmaker en Mercedes-Benz.
- Vooraf verkope van toegangskaartjies is sedert 2006 ingestel. Dit was tot 2014 beskikbaar deur uitgesoekte Engen-depots en Senwes-handelswinkels, totdat daar in 2015 na 'n aanlyn elektroniese kaartjiestelsel met behulp van TicketPro oorgeskakel is.
- Die landboubesighede NWK, Senwes en Suidwes – al drie jarelange uitstallers – het elk hul 100ste bestaansjaar tydens die Oesdag in 2009 gevier.



AFGRI

By AFGRI streef ons na deurlopende vooruitgang, ontwikkeling, vernuwing en, meer belangrik – om ons visie vir voedsel-sekerheid in Suid-Afrika en die res van die Afrika-kontinent uit te leef.

As 'n landboudiens- en voedselmaatskappy met 90 jaar se ondervinding, beskik ons oor 'n omvattende, in-diepte kennis van landbou in Suid-Afrika en omliggende gebiede. Dis meer as net ons werk – dit is ons passie.

Ons produseer veevoer, proteïene, olie en geelmielies. Ons verskaf ook landbouhandelsdienste, finansiële dienste, oplossings en verskeie produkte – kontak ons gerus vir persoonlike, nommerpas oplossings.

**www.afgri.co.za**



# Oesdag – só het dit ontwikkel

- *Graan SA Radio*, 'n radiostasie wat uitsaai tydens die duur van die Oesdag, het in 2012 die lig gesien. Dit word bedryf deur *OFM Stereo* en hou luisteraars op hoogte van verkeersvloei, gebeure op NAMPO Park, handelsnuus en aktuele landboukundige inligting.
- 'n Ploegkompetisie (as deel van die Wêreld Ploegkompetisie) is vanaf 2013 - 2015 deur Graan SA in samewerking met Tubestone aangebied.
- Verskeie saadmaatskappye neem deel aan saadplotte wat in 2015 op die nuwe deel van die terrein gevestig is. Die toevoeging gee Oesdaggangers die geleentheid om verskaffers se kultivars in praktiese produksieomstandighede te bekyk en te vergelyk.

## 8. Oesdagterrein se fasiliteite is deurlopend ontwikkel om tred te hou

- Die Fanie Ferreira-saal (vernoem na die eerste voorsitter van NAMPO) met bedieningsruimte vir meer as 1 000 mense op 'n spesifieke tydstip, is danksy 'n borgskap van Total, in 1983 in gebruik geneem.
- 'n Veekompleks, wat verskeie groot- en kleinveerasse én perde insluit, is in 1983 gevestig. Die vee-uitstalling het oor die jare ontwikkel in 'n verteenwoordigende blik op meer as 90% van rasse of veegenootskappe.
- Vanaf 1983 is voedsel ook by ander punte op die terrein voorsien.
- Wegneemetes is vanaf 1984 op 'n groter skaal ingestel.
- 'n Aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters – met 'n bemande beheertoring tydens die Oesdagweek – is vanaf 1999 op die terrein gevestig.
- 'n Ligte vliegtuig word al vir 'n hele aantal jare ingespan om die verkeer te monitor en verkeersverslae beskikbaar te stel.
- Elektrisiteit word sedert 2000 grootmaat vanaf Eskom aangekoop en verspreiding op NAMPO Park word self gedoen. Watertoevoer en -verspreiding, riolering en vullisverwydering word ook self hanteer. Die Oesdagterrein funksioneer dus soos 'n dorpie op sy eie.
- 'n 4x4-hindernisbaan is in 2000 op die terrein ontwikkel. Verskeie fabrikate 4x4-voertuie word onder praktiese toestande vertoon. Die baan is weer in 2008 opgegradeer.
- Die NAMPO Elite bul- en ramveiling is vanaf 2001 in die veilingskompleks aangebied, maar is in 2006 gestaak aangesien dit nooit die standaard bereik het wat kenmerkend aan die Oesdag is nie.
- Water-afleivore is in 2002 aangebring om die afvloei van water te verbeter en om van die standplase met dreineringspype droog te lê.
- 'n BBP-ontvangslokaal is betyds voltooi vir die Oesdag van 2002.
- Die eerste fase van die 8 000 $m^2$-uitbreiding van uitstalruimtes by die suidelike parkeerarea – asook die skep van 'n nuwe parkeerarea aan die suidekant van die terrein – is gedurende die Oesdag van 2013 in gebruik geneem.
- 'n Ledelokaal vir uitsluitlike gebruik van Graan SA se volopbetaalde lede, is in 2006 op die terrein ingerig. Die lokaal is in 2014 na die ou Klub 200-gebou verskuif aangesien dit nader aan die lede-parkeerarea geleë is en beter fasiliteite bied om gaste te ontvang.
- 'n Gratis trekker-en-waentjie-vervoerstelsel met vasgestelde roetes op die Oesdagterrein is in 2015 ingestel om vervoer dwarsoor die terrein te vergemaklik.
- Tans beslaan die beskikbare onderdak-uitstalruimte 17 060 $m^2$ en die buite-uitstalruimtes trek die skaal op 170 630 $m^2$.

## 9. NAMPO Park 'n gewilde venue

Die tuiste van Graan SA se NAMPO Oesdag, sedert 2003 bekend as NAMPO Park, is 'n gewilde bestemming reg deur die jaar vir konferensies, kongresse, bekendstellings en ander geleenthede. Graan SA se kongres word jaarliks hier gehou. Akkommodasie is ook op die terrein beskikbaar.

# In hulle eie woorde

"Om die eerste Oesdag te organiseer het bloedsweet gekos. Trekker- en implementvervaardigers moes oorreed word om tog deel te neem. Uiteindelik het ses of sewe trekkermaatskappye ingestem, asook nog twee of drie ander uitstallers waarvan Lister een was. Eindelik het Lister die kragopwekker vir krag op die Oesdag voorsien." – ***Hannes van Wyk, een van die Oesdag-pioniers.***

"Ek vertrou dat die Oesdag nog eendag wêreldberoemd sal raak soos die blommefees van Holland, die Rynfeeste van Duitsland en Windhoek se karnaval." – ***Die eertydse direkteur van SAMPI, dr Willie Kotze, in 1967 na afloop van die heel eerste Oesdag.***

"Wanneer jy aan mense terugdink, is dit altyd moeilik om iemand spesifiek uit te sonder. Dit is egter onmoontlik om nie die drie musketiers van Bloemfontein, Moos Haddad, Hannes van Wyk, George Stegmann en hul gades, te vermeld nie. Hulle was dié met die groot idee (van 'n Oesdag) in 1966." – ***Dennis von Abo, Oesdagdirekteur; 1983.***

"Verskeie aansoeke van uitstallers vir die oprigting van permanente geboue is ontvang. Dit beklemtoon die neiging van 'n meer permanente aard van uitstallings op die terrein." – ***Callie van Wyk, Oesdagvoorsitter; 1983.***

"Die Oesdag is een van daardie gebeurtenisse wat 'n mens nie durf misloop nie, want oor drie dae is dit waar alles op die gebied van die landbou gebeur." – ***Japie Grobler, voorsitter van NAMPO; 1996.***

"Dit is veral vir ons insetverskaffers en vertoners waarvoor ek baie dankie wil sê. Hulle is jaar na jaar die lewensbloed van die Oesdag. Groot uitgawes word deur hulle aangegaan om miljoene rande se landboutoerusting en diere na die Oesdag te bring." – ***Bully Botma, Oesdagvoorsitter; 1996.***

"Ons sal daarteen moet waak om nie toe te laat dat die Oesdag in 'n vlooimark ontaard nie. Die doel van die Oesdag is om aan insetverskaffers die geleentheid te gee om op 'n persoonlike basis met ons boere kontak te maak en sodoende die jongste tegnologie op die gebied van landbou aan hulle oor te dra." – ***Giel van Zyl, hoofbestuurder van NAMPO; 1996.***

"Vanjaar – en in die toekoms – sal die klem egter steeds val op landbou- en landbouverwante uitstallers. U is ook reeds bewus van ons uitgangspunt dat ons nie getalle, hetsy besoekers of uitstallers, najaag nie. Die NAMPO Oesdag is en bly 'n besigheidsgeleentheid, waar 'n platform geskep word vir insetverskaffers en produsente ten einde ingeligte produksie- en aankoopbesluite te neem." – ***Vic Mouton, Oesdagvoorsitter, tydens 'n perskonferensie in 2002.***

"Die algemene terugvoer van uitstallers is dat die volume besigheid gedoen bo verwagting is en in baie gevalle selfs die vorige jare se syfers oortref. Eweneens is die terugvoer van besoekers spontaan positief oor die hoë standaard van uitstallings en van die terrein." – ***Jub Jubelius, Oesdagvoorsitter; 2006.***

"Graan SA se NAMPO Oesdag maak 'n ander wêreld vir 'n mens oop. 'n Produsent se behoefte en fokus op sy plaas is elke jaar anders en onder hierdie groot Oesdag-sambreel is daar iets om elke produsent se spesifieke behoefte jaarliks te bevredig." – ***Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2012.***

"Graan SA skep deur die Oesdag 'n baie goeie netwerkgeleentheid vir alle rolspelers in landbou. Dit bied ook die ideale kans om landbou se storie aan die publiek en nie-landboukenners te vertel. Die innovasie en nuwe tegnologie wat in samewerking met insetverskaffers op een terrein ten toon gestel word, is 'n pluspunt. As jy dus tegnologies wil bybly, is Graan SA se NAMPO Oesdag die plek om te wees." – ***Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA; 2012.***

"NAMPO is 'n voorloper in die transformasie van landbou in ons land. Ek het nog nooit so baie swart boere gesien wat 'n verhaal van verandering vertel nie." – ***'n Twiet deur Prof Jonathan Jansen, rektor van die Vrystaatse Universiteit, na sy eerste besoek aan die Oesdag; 2012.***

"Die tafel is nou gedek vir aktiewe dialoogvoering by die NAMPO Oesdag. Ek vertrou dat die *Nasie in Gesprek*-forum, soos wat Senwes, Graan SA en vennote tydens NAMPO 2013 aangebied het asook ander gesprekvoering oor tegniese aspekte, vorentoe selfs meer waarde tot die landbou gaan toevoeg." – ***Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA; 2013.***

"Die infrastruktuur op NAMPO Park is oor jare geskep en uitgebrei om 'n groot getal besoekers met gemak te hanteer en om uitstalgeriewe van 'n hoë standaard aan uitstallers te kan bied. Selfs die aanloopbaan kon vanjaar 'n totaal van 365 vliegtuie en helikopters oor die vier dae gemaklik hanteer. Graan SA is gerat om aanstaande jaar die 50ste NAMPO Oesdag met trots aan te bied." – ***Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2015.***

"Buiten dat die NAMPO Oesdag wêreldwyd vir Suid-Afrika ongelooflike goeie reklame meebring, is dit 'n absolute noodsaaklike gebeurtenis vir enige kommersiële boer. Dit is die plek waar jy alles bymekaar op een plek sien en aankoopsbesluite kan neem. Hier is ook ongelooflike netwerkgeleenthede. Dit is die plek om te wees as jy in landbou is." – ***Johan Loxton, bestuurder: Kommersiële Dienste van Graan SA; 2015.***

"Minister Zokwana se teenwoordigheid was 'n pluimpie vir Graan SA en vir landbou in die breë. Hy is waarskynlik die eerste landbouminister sedert 1994 om die Oesdag te besoek. Dit beklemtoon die NAMPO Oesdag as 'n gesaghebbende platform vir dialoog, gesprekvoering en netwerking." – ***Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA, na die besoek van Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, aan die Oesdag in 2015.*** ■

BECAUSE YOUR PASSION IS TO
**PROVIDE FOR THE COUNTRY...**

AND WE ARE ENCOURAGED TO MAKE IT
# EASIER FOR YOU!

**ACDC DYNAMICS**
www.acdc.co.za

## AGRICULTURAL PRODUCTS

AC/DC Dynamics is a market leader in the manufacture, import and distribution of quality products in the electrical, lighting, solar power, pumps, alarm systems and tool industries.
We have technical specialists on hand to assist with any of your electrical requirements.

**When thinking about making your agricultural lifestyle easier, think ACDC Dynamics. Direct Service, Dynamic Solutions.**




**NATIONAL CALL CENTRE**

| | |
|---|---|
| **Sales** | **010 202 3400** |
| **Technical** | **010 202 3500** |

**BRANCH CONTACT DETAILS**

| | |
|---|---|
| Johannesburg: | 010 202 3300 |
| Germiston: | 011 418 9600 |
| Cape Town: | 021 510 0710 |
| Pinetown: | 031 700 4215 |
| Riverhorse: | 031 492 4800 |

**COME & VISIT OUR STAND AT**

# NAMPO GRAIN SA

R30, Nampo Park, Bothaville, 9660 17 - 20 MAY 2016

**GRUNDFOS HALL STAND NO: 19**

# Droogtebul by die horings gepak in Noordwes

**JOHAN SMIT,** namens NWK

Verskeie aksies om die impak van die droogte te probeer versag en die volhoubaarheid van produsente te help verseker, is in die afgelope weke deur die NWK-Landboudienstegroep van Lichtenburg in werking gestel. Benewens 'n droogtehulpprojek waardeur ruvoer gratis vir Noordwes-produsente beskikbaar gestel word, is verskeie skole en gemeenskappe van vars water voorsien.

NWK, in samewerking met Agri NW, het ook die voortou geneem met die Koedoeskop-droogtehulpprojek – wat volg op 'n aanbod van besproeiingsprodusente van die Koedoeskop-omgewing in Limpopo wat sowat 1 500 ha se mielie-oesreste beskikbaar gestel het vir die droogtegeteisterde Noordwes Provinsie. 'n Projek om die materiaal vanaf die lande te versamel, te baal en op plase af te lewer, is van stapel gestuur. Ondersteuning is van verskeie landbou-insetverskaffers ontvang. Die aanvanklike skatting was dat die projek 5 000 ronde bale sou oplewer, maar nadat die fisiese insameling daarvan goed op dreef gekom het, is die oogpunt nou om uiteindelik 10 000 en selfs meer bale te versprei.

Die voerbale is beskikbaar vir enige Noordwes-produsent wat aansoek doen en word deur Agri NW se strukture hanteer. Voorsitters van plaaslike boereverenigings is verantwoordelik vir die verspreiding in elke gebied. Tot op hede is ongeveer 74 vragte aan 21 boereverenigings regdeur die provinsie versprei – wat sowat 4 070 groot rondebale verteenwoordig. Die mikpunt is om nog 6 000 bale hierheen te bring.

Erkenning word gegee vir die reuse-spanpoging om hierdie noodprojek moontlik te maak. NWK en Agri NW se vennote hierin, is soos volg:

- Koedoeskop Boerevereniging.
- Vervoer: ZZ2 Boerdery, Velox Logistics, Sub Sahara, JayDee Transport, Hendrik van Wyk Vervoer en NWK Beperk (verskeie departemente en filiale).
- Insameling en baal: New Holland SA, Total SA, Jupidex, Radium, Eqstra, Agrinet, Rovic Leers, Engen, Agrinet, Deutz en NWK Beperk (verskeie departemente en filiale).
- Ander landboumaatskappye: VKB/NTK en Obaro.
- Groot dank vir kontantskenkings deur besighede en die publiek.

### *Gemeenskap*

Met 'n waterprobleem in Lichtenburg, is die dogters- en seunskoshuis by Hoërskool Lichtenburg met nagenoeg 200 leerders, van water voorsien. As deel van Jacaranda FM se *#ProjectWaterDrop* is 1 000 x 5 liter bottels water deur NWK en personeel geskenk. Ter ondersteuning van 'n Agbiz-inisiatief, is 'n gebedsbyeenkoms vir die landswye droogte op 20 Januarie by die hoofkantoor en bedryfspunte gehou.

## Ondersteuning met produsenteskuld

Moontlike bykomende opsies wat NWK aanbied om produsente te ondersteun – soos uitstel van produksieskuld en/of die konsolidasie van produsenteskuld – is op die radarskerm. Onderhewig aan goedkeuring deur die direksie, finale kwantifisering van die impak op NWK se besigheid en sekere voorwaardes, word droogtehulp-opsies vir produsente tans ondersoek.

NWK het produsente oor die afgelope jare ondersteun deur die skep van konsolidasierekenings ter waarde van R140 miljoen vir die afbetaal van onbetaalde produksielenings en ander korttermynfinansiering – waarby 69 klante gebaat het. Skikkingsooreenkomste en afbetalingsreëlings met 47 produsente, wat sowat R50 miljoen beloop, is ook getref. Dit volg nadat die huidige graanproduksieseisoen se buitengewone hoë temperature en lae reënval gesorg het vir 'n vierde agtereenvolgende ondergemiddelde jaar in NWK se bedieningsgebied.

'n Opname wat vroeg in Januarie vanjaar deur NWK gedoen is, dui daarop dat gemiddeld slegs sowat 45% van die beplande kontantgewasaanplantings in die gebied gedoen is. Net meer as 50% van die beplande mielies en 27% van die beplande sonneblom is tot en met hierdie datum geplant. Relatief gunstige neerslae is in Januarie ontvang, met die gemiddelde reënval wat naby aan die gemiddeld vir die maand was. 'n Tweede opname wat teen die einde van Februarie vanjaar gedoen is, het getoon dat bykans al die beplande aanplantings afgehandel was teen daardie tyd.

Bykans die helfte van die mielie-aanplantings en nagenoeg 70% van die sonneblomaanplantings was gevolglik baie laat. Swak reënval is egter sedertdien oor bykans die hele Noordwes Provinsie ontvang en die grondvogtoestande is ongunstig. Die uiteindelike impak van die droogtetoestande op die graanproduksiepotensiaal in die gebied is nog onduidelik, maar daar kan reeds met sekerheid gesê word dat die verwagte graanlewerings betekenisvol minder as die gemiddeld sal wees. Aangesien elke klant se situasie verskil, sal NWK Finansiering poog om binne die voorskrifte van die Nasionale Kredietwet, die klant se terugbetaalvermoë en sekuriteit beskikbaar asook NWK se kontantvloeisituasie, by te staan in uitstel, konsolidasie en finansieringsaansoeke vir die 2016/2017-seisoen. ■



**▲ Nagenoeg 10 000 bale voer behoort uiteindelik ingesamel te word na 'n skenking van 1 500 ha se mielie-oesreste deur weldoener-produsente van Limpopo vir verspreiding aan produsente in die droogtegeteisterde Noordwes Provinsie.**

# NAMPO OESDAG UITKLOP-BESPARINGS!




**Jóú greep op die mark**

**Die NAMPO Oesdag is vanjaar 50 jaar oud en ons vier saam fees met hope besparings vir oud en jonk.  Besoek die NWK-stalletjie in die NAMPO-saal vanaf 17 - 20 Mei 2016, vir uitklop-besparings op topklas produkte.**

- ***Venture Gear en Ducks Unlimited:*** *Oog- en gehoorbeskerming vir skuts*
- ***SSG:*** *Canvas-geweersakke*
- ***Kaufmann:*** *Flitse, kampeerlanterns en flesse*
- ***Silent Hunter:*** *Knaldempers*
- ***Tarzan:*** *Aanglip-veldskoene vir seuns en dogters*
- ***Stevenson Hamilton:*** *Leer- asook materiaalhoede*
- ***Javlin:*** *Tweestuk-oorpakke vir kinders*
- ***Nikon:*** *Geweerteleskope, verkykers en afstandmeters*
- ***Peregrine:*** *Herlaaipunte*

VOLG ONS OP

TEL  +27 (0) 18 633 1000
SCHOLTZSTRAAT 81   POSBUS 107   LICHTENBURG   2740
www.nwk.co.za

*NWK Beperk is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (lisensienr. 44998) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (registrasienr. 2789)*

NWK RETAIL

*Welkom by die familie!*

Tindrum 16/054

# SHELL NAMPO SPECIAL PRICE

Receive the exclusive Shell Special Price when you place your order for any Shell Lubricants at the Nampo Harvest Day between 17 and 20 May 2016! There are also Shell branded Rugby Balls and Springbok Rugby hampers up for grabs. This offer is available from participating Shell Lubricants Distributors.*




Enquire at the Shell exhibition stand number 7.

Shell RIMULA Shell Gadus Shell Spirax

* Promotion is valid 17 – 20 May 2016 and while stocks last. Terms and Conditions apply.



# GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER




Die internasionale belangstelling in die Oesdag is onderstreep deur die ondertekening van 'n samewerkingsooreenkoms met die Argentynse Expoagro-skou in 2010. Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.



# hou peste uit

- Geënkapsuleerde aktiewe bestanddeel met verbeterde veiligheidsprofiel
- Vinnige uitklopaksie beperk insek vreetskade
- UV-bestand vir langer beskerming teen insekskade

**KARATE ZEON® 10 CS. Die slim keuse.**

SmartFarm Inspired

KarateZeon® 10 CS

syngenta®

LEES DIE PRODUK ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
KARATE ZEON® 10CS bevat lambda cyhalothrin (Reg. Nr. L9023, Wet Nr. 36 van 1947). Skadelik.
Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000, www.syngenta.co.za, @Syngenta
KARATE ZEON® 10CS is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Group Maatskappy.

@SyngentaSA

# DAMES, beplan jou inkopie-padkaart

*SA Graan/Grain* redaksie

Voor die internet en *Google* die hoofbron van inligting geword het, is 'n dik, geel boek nadergetrek om 'n besigheid of bepaalde diens op te spoor. Hul klingel, "Los die voetslaan vir jou vingers, deur die die geel bladsye" het aan hulle 'n plek besorg as een van die Top 10-klingels van die 20ste eeu.

By Graan SA se NAMPO Oesdag is dit grootliks jou voete wat die voetslaanwerk sal moet doen, maar laat jou vingers vooraf in die *NAMPO Oesdagbylae* rondloop, sodat jy gewapen met 'n terreinkaart vinniger by die uitstalruimte kan kom waar jy die ideale Oesdag-kopie kan aanskaf. Dames, neem kennis dat die sale wat hoofsaaklik na die skoner geslag se belange omsien, die Hopefield-, die SAMPI- en SAMPI-saal Anneks is. Met twaalf nuwe uitstallers in dié sale, is daar beslis iets wat die oog en hartsnaar sal vang.

## Haastig na die Hopefield-saal


In die Hopefield-saal is daar vanjaar drie nuwe uitstallers: The Alpaca Loom wat produkte en wol van die nimlike alpakkas uitstal, Hadeco wat onder andere blomboIle en organiese groentesade asook glasware verkoop en Vryheid Country Furniture wat handgemaakte houtmeubels te koop aanbied. Vir die dames wat op soek is na iets nuuts vir hul voorkoms, bied hierdie saal iets vir kop tot tone: La Belle Chic bied haarbykomstighede en -stukke terwyl 'n interessante nuwe uitrusting by Anasekash aangekoop kan word.

HDL Juwele, Jenna Clifford en Ronel Gouws sorg vir 'n blink dingetjie terwyl egte leerprodukte by Klein Karoo International se uitstalruimte besigtig kan word. Mint en Mitat het klere en ander items te koop.

Vir kunsliefhebbers is al die gereelde uitstallers weer daar: Art de Olivia, Crouse Kunshandelaars, Matie Art en Miemie Louw en vir 'n snoesige winterslapie is daar Emberdown met hul gansdonsprodukte. Alles van kussings tot eetstelle kan by Ventersburg Werkskepping, Liza-Marie van Wyk, Wilma Steyn, Niki's Country Collections en Phuka Pottery uitgesnuffel word.

1



2


3


▲ 1: Op soek na iets vir daardie kaal muur in jou huis?
▲ 2: Onthaal in styl: Piouter-items, tafeldoeke en plekmatjies.
▲ 3: Niki's Creations se gewilde stalletjie bied produkte wat nie 'n arm en 'n been kos nie.

## Stap na die SAMPI-saal vir stylvolle produkte

Dit is hier waar ou vriende – uitstallers en Oesdag-besoekers – mekaar weer raakloop. Soos altyd gaan AMC Cookware en Snappy Chef dames oorreed om elektrisiteit te bespaar met hul kookware. At Fourie wil dames help om betyds te wees met sy staanhorlosies en Makoti Donsprodukte kan 'n rustige nagrus verseker. Met uitstallers soos Inge's, Ken Maloney, Liefie Love, Redhill Pottery, Limpopo Ceramics, HB Pewter en Fraai in Sink, wat dekor met 'n antieke inslag verkoop, is hierdie saal die regte plek om te wees as binnehuisversiering jou opgewonde maak.

Pas gerus een van die meng-en-pasmodes van Authentic Fashions aan en kry sommer bypassende juwele by Silhouette Imports of Studio Silver. Vanjaar kuier Mademoiselle vir die eerste keer saam in die SAMPI-saal – met alles van Carrol Boyes-produkte tot servette.

## Aanstap na die Anneks

Sedert 2015 het die Damesprogram plek gemaak vir nuwe uitstallers wat in die SAMPI-saal Anneks gehuisves is. Met agt nuwe uitstallers in hierdie uitstalruimte, gaan hierdie saal beslis 'n miernes van bedrywighede wees. Items vir die kleinding se kamer en lyfie kan by die Big Heart Company en Eco Punk Kids Clothing aangeskaf word.

Dalk is 'n skildery van Annie's Art (net wat daardie vaal muur in die huis nodig het) óf is Blissful Events se dekor met 'n *vintage*-styl dalk meer na jou smaak? Alles van handgemaakte beddegoed tot keramiek- en houtprodukte kan by die ander nuwe uitstallers – Hartsgoed, Luvit, Streepsak en Val du Charron – besigtig word.

Uitstallers wat verlede jaar ook in die Anneks was, is Fabulous Fabrics met pragtige materiaalkrale, Hyties Corner met hout- en metaalitems en Chieppa Potteries en Creative Love, waar unieke geskenke aangekoop kan word.

## Maak tyd

As jou voete kans sien vir nog 'n paar treë (en die beursie natuurlik nie leeg is nie) stap gerus deur die ander sale waar manlief se belange aangespreek word, waar daar ook 'n uitstaller of twee is wat op die dames gemik is. ■

# Nuwe, revolusionêre **voor-opkoms-onkruidbeheeroplossing** vir mielies

**SEAN STILES,** gewasbestuurder: BASF SA Crop Protection

Intelex® met Kixor® is die nuutste toevoeging tot BASF se voor-opkomsplaasbestuuroplossings wat sal uitblink in die onkruiddodermark as gevolg van dié nuwe chemie se hoë vlak van aanpasbaarheid en effektiwiteit.

Die Suid-Afrikaanse produsent sal voordeel trek uit die onkruiddoder se nuwe wyse van werking wat weerstandige en moeilik-om-te-beheer-onkruide beheer. Die nuwe oplossing bied buitengewone lang voor-opkomsonkruidbeheer tot so 'n mate, dat dit die produsent toelaat om later te besluit of 'n na-opkomstoediening nodig sou wees.

## Wyse van werking

Kixor se nuwe wyse van werking sal weerstandige onkruide op mielies beheer. Een van die maatskappy se hoofdoelwitte is dat produsente volhoubaar moet produseer en sodoende vir hulle hoër wins en opbrengs op belegging kan verseker.

BASF is toegewy om te belê in navorsing en ontwikkeling van nuwe chemie met aktiewe bestanddele wat 'n nuwe wyse van werking het. Innoverende formulering is ook een van BASF se strewe na volhoubare plaasbestuursoplossings.

Kixor is die maatskappy se nuutste, innoverende aktiewe bestanddeel en stel 'n nuwe standaard in breëblaaronkruidbestuur. Dit is 'n protoporphyrinogeen IX oksidase (PPO) inhibeerder (HRAC Groepkode E) en is die eerste van die nuwe pyrimidinedione-klas van chemie.

Die nuwe chemie in Kixor is 'n revolusionêre oplossing vir mielieprodusente met glifosaat, ALS en triasien-weerstandige onkruide in hul landerye. Die middel se nuwe wyse van werking verseker die effektiewe beheer van dié moeilik-om-te-beheer-onkruide en het ook 'n gunstige omgewings-, toksikologiese- en ekotoksikologiese profiel wat volhoubaarheid vir grondbiologie verseker. Intelex is 'n hoogs-effektiewe, voor-opkomsonkruiddoder wat ontwikkel is vir die beheer van moeilik-om-te-beheer-onkruide. Die kragtige kombinasie van Kixor en dimethenamid-P is geregistreer om tien grasse en 13 breëblaaronkruide te beheer met hoë onderdrukking van geeluintjies op mielies.

## 'n Voor-opkoms program in een bottel

Beide aktiewe bestanddele van Intelex bied 'n oplossing aan die produsent sonder die vereiste van ander produkte in die tenkmengsel. Hierdie voordeel verlaag dus die risiko van onverenigbare produkte en verseker gemoedsrus.

## Langdurige residuele beheer

BASF het talle proewe met Intelex gedoen (onder spesifieke veldtoestande) waar residuele beheer van tot tien weke na toediening aangeteken is. Hierdie uitstekende resultate wys dus dat die middel die potensiaal het om 'n enkel-toediening-onkruiddoderoplossing te wees totdat die blaredak gevorm het. Dit lei tot 'n verhoging in beide tyd- en kostebesparings vir die produsent.

Beide aktiewe bestanddele in Intelex se formulering het hoë wateroplosbaarheid en vereis dus minder water vir aktivering, wat beteken dat daar tydens droë toestande steeds hoër effektiwiteit verkry word in vergelyking met ander voor-opkomsonkruiddoders in die mark.

## Gemoedsrus met opvolggewasse

Die voordeel van 'n enkel Intelex-toediening bied aan die produsent 'n atrasien- en mesotrione-vrye voor-opkomsonkruidbeheeroplossing. Gevolglik verhoog dit die produsent se keuses van opvolggewasse en lei dit ook na 'n verlaging in die risiko van skade aan opvolggewasse soos sojabone, koring, gars en ander peulgewasse.

## Geskik vir alle produksiepraktyke

Intelex is hoogs aanpasbaar by enige produksiepraktyk – insluitend geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) en konvensionele variëteite, onafhanklik van bewerkingspraktyke. ■







**1 en 2: 'n Intelex-plaasproef gedoen in die 2015/2016-seisoen in Ermelo-Oos. Foto's geneem op 22 Januarie 2016. Foto 1: Onbehandelde kontrole. Foto 2: Enkel toediening van Intelex op 'n mielieland met planting.**

Vir volledige aanwysings verwys na die Intelex-produketiket.
Intelex Reg. Nr. L9895, Wet Nr. 36 van 1947.
Aktiewe bestanddele: Kixor 68 g/l en dimethenamid-P 600 g/l. Versigtig. Kixor – Saflufenacil.
Kixor is die geregistreerde handelsmerk vir Saflufenacil.
Intelex en Kixor is geregistreerde handelsmerke van BASF.


Intelex®
'n Kixor® gedrewe oplossing.
Binnekort Beskikbaar
Wees gereed vir BASF se nuutste, revolusionêre onkruiddoder op mielies. Binnekort beskikbaar.
BASF
We create chemistry
lärä.co.za 5444
Intelex® Reg. Nr. L9895 Wet Nr. 36 van 1947 ▪ Aktiewe bestanddeel: saflufenacil 68 g/ℓ. dimethenamid-P 600 g/ℓ. Versigtig. ▪ Kixor® - saflufenacil
BASF Suid Afrika (Edms) Bpk ▪ 852 Sestiende Straat, Midrand, 1685 ▪ Posbus 2801, Halfway House, 1685 ▪ Tel: +27 11 203 2400 ▪ Fax: +27 11 203 2461
Webblad: www.agro.basf.co.za ▪ Mobiele webblad: m.agro.basf.co.za.
Intelex® is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

# doen dit een keer, en doen dit deeglik



- Een kan, drie aktiewe bestanddele
- Ongeëwenaarde grasbeheer
- Mengbaar met glifosaat

**LUMAX®. Die SLIM 3-in-1 beskerming teen onkruid en grasse**

SmartFarm Inspired

Lumax®

syngenta®

LUMAX® bevat mesotrioon (callistemoon), S-metolachlor & terbutielasien (Reg no L8567, Wet Nr 36 van 1947) SKADELIK LUMAX® is ’n geregistreerde handelsmerk van ’n Syngenta Groep Maatskappy Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel (011) 541 4000 www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.

@SyngentaSA

50

GRAAN SA/GRAIN SA

# NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY

## SAAD




- In 1967 is die eerste Oesdag deur 203 produsente bygewoon. Hierdie bywoningstal het saam met die Oesdag gegroei. Teen 1985 het meer as 10 000 mense opgedaag terwyl die syfer in 2015 op bykans 70 000 Oesdaggangers te staan gekom het.




Sit jou diere in die
beste kondisie
EENJARIGE
GEMATIGDE WEIDINGS
• Raaigrasmengsel
• Italiaanse Raaigras
(diploïd asook tetraploïd)
• Westerwoldse Raaigras
(diploïd asook tetraploïd)
MEERJARIGE
GEMATIGDE WEIDINGS
• Swenkgrasmengsel
• Langswenkgras
• Kropaargras
• Raaigras
(diploïd asook tetraploïd)
• Asook verskeie peulgewasse wat goed met hierdie weidings kombineer.
agricol
aan die groei
Skakel gerus jou naaste AGRICOL-tak
vir 'n aanbeveling in jou area.
De Tuin: 021 981 1126
George: 044 878 2408
Howick: 033 330 2765
Kimberley: 053 841 0675
Nigel: 011 814 4466
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470
Pretoria: 012 803 6033

# Produkreeks bereik nuwe hoogtes

**JOUBERT SWANEPOEL,** Agricol

Agricol is oor die jare heen gevestig as 'n saadmaatskappy met die grootste verskeidenheid kwaliteit produkte in Suid-Afrika. Die produkreeks bestaan uit akkerbou-, weiding- en dekgewasse, asook turfgrasse en nismarkprodukte soos voëlkos en gesondheidsade.

"'n Produk vir elke boer" is die leuse wat Agricol volg om in elke produsent se behoeftes te voorsien. Kwaliteit weidings vir beesprodusente wissel van geharde somergrasse vir die droër dele tot wintergrasse vir die koel en natter gedeeltes van Suid-Afrika.

Saaiprodusente kan voordeel trek uit Agricol se bekende akkerboureeks, wat al oor vele seisoene bewys is. Wildprodusente sal waarde aan hul boerdery kan toevoeg met die beste weidingmengsels wat geskik is vir alle soorte wild. Produsente wat biologiese- of geenbewerkingspraktyke volg, kan hul doel vinniger bereik met die maatskappy se uitstekende reeks dekgewasse en dekgewasmengsels.

Die NAMPO-saadplotaanplantings is 'n inisiatief om produsente bekend te stel aan 'n wye reeks produkte om sodoende 'n ingeligte besluit te neem oor 'n produk vir hul aanplanting. Agricol is trots om weer betrokke te wees en gaan vanjaar 'n groter gedeelte van sy produkreeks uitstal.

Die maatskappy se volledige reeks somerweidings en -mengsels sal deur produsente besigtig kan word. 'n Aantal winterweidings, soos raaigras en swenkgrasse, word ten toon gestel, terwyl 'n wye spektrum dekgewasse teenwoordig sal wees wat vir verskeie doeleindes aangewend kan word. Agricol se kundiges staan gereed om enige vrae te beantwoord by die uitstalling. Die volgende produkte sal by vanjaar se Graan SA NAMPO Oesdag-demonstrasie-aanplantings gesien kan word:

## Winterdekgewasse

- Japannese radys
- Voerbeet
- Voerraap
- Wit mosterd

## Somerweidings

- Borseltjiegras
- Bloubuffelgras
- Kleinbuffelgras
- Witbuffelgras
- Oulandsgras
- Rhodesgras
- Smutsvinger

## Voersorghumreeks

## Peulgewasse

- Lusern
- Soetwitblomklawer (*Melilotus alba*)
- *Dolichos*
- Akkerbone

## Winterweidings

- Raaigras
- Hawer
- Stoelrog
- Swenkgras

## Akkerbougewasse

- Mielies
- Graansorghum
- Sonneblom
- Sojabone

Kom besoek ons gerus by NAMPO. Die NAMPO-saadplotte is geleë by die nuwe uitbreiding van die terrein aan die suidekant van die Caltex-saal. ■







▲ 1 en 2: Agricol se saadplotaanplantings op NAMPO Park.

# NEEM 'N INGELIGTE besluit by saadplotte

**_SA Graan/Grain_ redaksie**

Kom ervaar vanjaar weer eerstehands by Graan SA se NAMPO Oesdag saadmaatskappye se verskillende kultivars en gewasse wat in saadplotte aan die suidoostekant van die terrein aangeplant is.

Buiten die saadmaatskappye se tradisionele statiese stalletjies wat jy kan besoek, sal jy ook die maatskappye se produkte onder praktiese omstandighede by dié plotte kan besigtig. Agricol, Pannar, Monsanto, Syngenta, Sakata, DuPont Pioneer en BRAZseed se kundige personeel sal jou by hul onderskeie saadplotte ontvang en van meer inligting oor hul verskeie kultivars kan verskaf en advies en aanbevelings kan gee ongeag jou verbouingsarea.


## Saadmaatskappye gee 'n voorsmakie

Mnr Joubert Swanepoel (sonneblomgewasbestuurder: Agricol) vertel dat 'n groot gedeelte van **Agricol** se uitgebreide weiding-, dekgewasse en akkerboureekse by die saadplotte uitgestal sal word. "Produsente kan Agricol se kundiges op verskeie weiding- en akkerbougewasse kom raadpleeg om ingeligte besluite te neem vir die komende seisoen se voervloei- en gewasbeplanning."

Volgens mnr AK Geldenhuys (produklandboukundige: Pannar) het die diversiteit van **Pannar** se witmielies, geelmielies, sonneblom, sojabone, droëbone, graansorghum en weidings vanjaar net weer gewys hoe jy by Pannar jou pakket kan aanpas al verander die seisoen drasties. Mnr Peet van der Walt (advertensiebestuurder: Pannar) sê: "Ongeag die gewas wat jy verbou of die uitdagings wat die natuur bied, kan ons die regte kultivars vir jou aanbeveel. Ons ondersteun produsente met goeie advies en praktiese boerderyoplossings om hul produksie te verbeter en die risiko's en uitdagings waarvoor hulle te staan kom, ten beste te bestuur."

By **Monsanto** se saadplot kan jy jou vergewis van die nuwe Dekalb-basters wat beskikbaar sal wees vir die komende plantseisoen. "Hierdie basters vul ons bestaande reeks produkte aan en vul ook die leemtes wat daar was," het me Magda du Toit (korporatiewe kommunikasiebestuurder: Monsanto SS Afrika) gesê. Benewens die mielie- en katoenkultivars is daar ook stand-, rywydte-, chemiese-, plantdatum- en aalwurmproewe by Monsanto se saadplot aangeplant. Van Monsanto se tegniese toerusting (soos 'n presisieplanter) sal ook daar uitgestal word.

**Syngenta** sal vir jou meer inligting kan gee oor hoe om jou risiko te bestuur en opbrengste te optimaliseer wat tegnologie in plantbeskerming en saadbehandeling betref. "Die tegnologie sluit onder andere die beproefde Callisto®- (plantbeskermingstegnologie wat bestendig presteer en die produsent se



Die NAMPO-saadplotte is naby die Caltex-saal. Daar is 'n spesiale waentjie wat tussen die Roodebank Saadkompleks en die saadplotte loop.

belegging beskerm) en Amistar®-tegnologie (Syngenta se wêreldbekende swamdodertegnologie wat opbrengste vir die produsent optimaliseer) in," het mnr Stefan van Zyl (produkbestuurder: Rygewasse, Sentrale streek, Syngenta SA) gesê. Hy nooi produsente na hul visuele uitstalling, waar die effek van Syngenta se saadbehandeling op die ontwikkeling van plante gesien kan word. 'n Verdere nuutjie by Syngenta se saadplot is 'n uitstalling wat dié maatskappy met behulp van die Landbounavorsingsraad gedoen het. "Dit handel oor die grootste uitdagings in terme van onkruide, insekte, aalwurms en siektes wat produsente knel, asook die oplossings wat Syngenta bied vir hierdie uitdagings. Hierdie is dus 'n 'oplossingsplatform' waarna produsente kan kom vir spesifieke probleme in hul boerdery," aldus Van Zyl.

Die **Sakata**-saadplot sal vir besoekers die geleentheid bied om verskeie grasse te sien wat gebruik kan word vir verskeie areas – van grasperke, sportvelde tot bosveldareas. "Die verskil tussen nuutgesaaide gras en oorwinterde gras, sowel as blomspesies (wat kleur selfs in die koeler wintertye verskaf) sal ook waargeneem kan word," het mnr Johan Stronkhorst (produkspesialis: Sakata) gesê. Maak ook gebruik van dié geleentheid om met Sakata se talle spesialiste te gesels oor hul wye reeks groentegewasse. "In die huidige ekonomiese omgewing is dit altyd goed om te kyk na ander kontantgewasse wat optimaal presteer, gerugsteun deur kundige diens en uitnemende genetika," het Stronkhorst gesê.

Mnr Rikus Schoeman (bemarkingsbestuurder: DuPont Pioneer) nooi besoekers uit om **Pioneer** se twee nuutste witbasters – P2842W en P2864WBR – vir watertafelgronde te kom besigtig. Wil jy in Maartmaand reeds mielies stroop? Kom kyk dan gerus na Pioneer se twee ultrakort witbasters – P1517W en Phb 32B07BR. Kom vind ook meer uit oor die nuutste sojaboon- en sonneblomkultivars.

Mnr Gielie Nieuwoudt (bemarkingsdirekteur: **BRAZseed**), die alleenverskaffer van die grassaad van 'n Brasiliaanse saadmaatskappy Facholi in Suid-Afrika en die res van Afrika, nooi produsente uit om te kom kyk hoe die meerjarige grasse die afgelope seisoen – ten spyte van die erge droogte – hergroei het. "Ek kan met trots sê dat daar vandag 50 000 ha Brasiliaanse gras in Suid-Afrika is wat bewei word. Dié weiding is met 400% en meer verbeter," het Nieuwoudt gesê. ■

# MELD probleme híér aan

*SA Graan/Grain* **redaksie**

Met duisende besoekers wat jaarliks Graan SA se NAMPO Oesdag besoek, is dit vir die Oesdagkomitee belangrik om probleme wat op die terrein mag ontstaan, so gou moontlik op te los sodat elke besoeker 'n aangename NAMPO-ervaring sal hê.

"Ons vra dat besoekers enige probleme wat hulle mag ondervind met krag, water of badkamers by die noodrapporteersentrum, geleë oorkant die SAMPI-saal en tussen die NAMPO-ouditorium en Mediasentrum, sal aanmeld.

"Besoekers se veiligheid is vir ons belangrik. Daarom sal die Suid-Afrikaanse Polisiediens by dié sentrum en op die terrein aan diens wees, sou jy enige ongelukke of diefstal wou aanmeld," het mnr Wim Venter (administratiewe beampte: Oesdag) gesê.

Indien jy mediese hulp benodig, besoek die personeel van Life Anncron Kliniek en die Wilmed Park Privaat Hospitaal op NAMPO Park. Life Anncron Kliniek sal jy by standplaas 112, langs Mutual & Federal se standplaas, kry. Wilmed Park Privaat Hospitaal is geleë binne die sinkdakgebou, langs die Biertuin. ■




▲ Die noodrapporteersentrum, geleë oorkant die SAMPI-saal en tussen die NAMPO-ouditorium en Mediasentrum, is daar vir elke besoeker om probleme wat op die terrein mag ontstaan, aan te meld.

## BÊRE DIE NAMPO-NOODNOMMERS IN JOU SAK:

- Noodrapporteersentrum: 056 516 2154
- Life Anncron Kliniek: 078 282 9011
- Wilmed Park Privaat Hospitaal: 083 388 1028 of 084 505 5548




Ons help jou om die hoë opbrengste vir 'n vooruitstrewende boerdery te behaal. Ons witbasterpakket is 'n seker keuse vir goeie risikobestuur en optimale opbrengste. Ons is verbind tot jou sukses.

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2016 PANNAR BPK

2016/WMAIZE/A/01A

ULTRAMODERNE NAVORSING EN ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE
UITSONDERLIKE PRODUKTE EN GEWASPAKKETTE
GEWASVOORSORG
OPTIMALISEER PRODUKSIE
GEWASBESKERMINGS-BESTUURSPRAKTYKE

# VIER OESDAGVOORSITTERS kyk terug...

***SA Graan/Grain* redaksie**

Graan SA se 50ste NAMPO Oesdag word vanjaar aangebied. Vier vorige voorsitters van die NAMPO-Oesdagkomitee, mnre Japie Grobler, Bully Botma, Vic Mouton en Jub Jubelius, kyk met trots terug oor hul ampstermyne.

## Japie Grobler

Grobler, wat van 1987 tot 1989 die Oesdagvoorsitter was, meen die Oesdag is die grootste uitstalling van landboumasjinerie en lewendehawe van sy soort in die Suidelike Halfrond en die grootste van sy soort ter wêreld in privaat besit.

"Die uniekheid van die Oesdag is geleë daarin dat dit die geleentheid is waar alle vervaardigers en verspreiders van landboumasjinerie, hulpmiddels en dienste by wyse van statiese uitstallings, sowel as beheerde demonstrasies op versoek, hulle produkte aan produsente in hoofsaaklik die somersaaigebiede kan vertoon en demonstreer.

"'n Verdere unieke kenmerk van die Oesdag was destyds dat dit nie deur betaalde amptenare bedryf is nie, maar deur produsente vir die produsente. Hierdie konsep is deur 'n stelsel van subkomitees moontlik gemaak. Tydens die duur van die Oesdag is alle take op die terrein deur dosyne vrywillige Graan SA-lede verrig.

"'n Projekspan bestaande uit myself, Bully Botma en André Ferreira (voormalige landbou-ekonoom verbonde aan Graan SA) het destyds navorsing gedoen, veeveilingskomplekse in Amerika besoek en breedvoerig verslag daaroor gedoen. 'n Veeveilingskompleks is dan ook tydens my termyn as voorsitter opgerig," vertel hy.




1: Japie Grobler
2: Bully Botma

Die uitstallers het tydens Grobler, wat op die plaas Karookom boer (net oorkant die grensdraad van NAMPO Park), se termyn van ongeveer 200 tot 250 gegroei terwyl die bywoning oor die drie dae van die Oesdag gewissel het tussen 15 000 en 19 000 besoekers.

Vir Grobler was die heel lekkerste daarvan om betrokke te wees by die Oesdag, die feit dat produsente in staat gestel word om die volledige reeks landboumasjinerie te sien, om die doeltreffendheid en werkvermoë daarvan te bepaal en om dan hierdie kennis vir die aankoop van sodanige toerusting te gebruik. Hierdie kontak is nie net tussen insetverskaffer en klant nie, maar ook tussen produsente en medeprodusente. Die Oesdag het die belangrikste byeenkoms vir produsente en insetverskaffers geword. Dit is die plek waar alles wat nuut is, verander het of verbeter is, op een perseel aan die landbouer vertoon word.

Grobler verkneukel homself daarin dat mense hul motors elke jaar miskyk. "Soggens stap hulle maklik tot 2 km na die ingangshekke, net om in die namiddag te beweer dat hulle nie verder as 200 m van die hekke af stilgehou het nie en die voertuig beslis gesteel moet wees."

Hy besoek vandag nog steeds die Oesdag om ou vriende weer te sien en nuwes te ontmoet. "Dit is die een plek in Suid-Afrika waar produsente bymekaarkom en die nuutste toerusting en boerderybenodigdhede kan besigtig. Dit gaan steeds oor alles van belang vir Suid-Afrikaanse landbou en produsente. 'n Mens kan in 'n ontspanne atmosfeer pryse en produkte met mekaar vergelyk sonder om na elke verskaffer oor die land heen se verkoopslokale te gaan."

## Bully Botma

Die bywoning van die Oesdag het tydens Botma, wat in September 1989 die leisels as voorsitter oorgeneem het en dié amp tot Februarie 2001 beklee het, se termyn vanaf 19 000 tot 'n volle 57 000 besoekers gegroei nadat die Oesdag vanaf 1998 na vier dae verleng is. Die uitstallers het gedurende die periode van 250 tot 513 toegeneem. Botma, wat steeds in die Bothaville-distrik woon en in 'n mindere mate saam met sy seun by die familieboerdery betrokke is, beskryf Graan SA se NAMPO Oesdag as die samekoms en weersiens van vriende soos by 'n jaarlikse familiefees. Die kameraadskap van produsente wat hul tyd vrywillig opoffer vir 'n saak waarin hulle glo, asook die era van tegnologie wat met rasse skrede vooruitgegaan het, het vir hom uitgestaan in sy termyn.

"Dis heerlik om jaarliks ou vriende te sien en op hoogte te probeer bly van die nuutste tegnologie.

# DEEL DIE nuus oor NAMPO

**SA Graan/Grain redaksie**

Het jy geweet dat dit verlede jaar gedurende Graan SA se NAMPO Oesdag omtrent op sosiale media gegons het oor dié groot gebeurtenis in Suid-Afrika?

- Meer as 'n miljoen *Facebook*-indrukke (*posts and shares*) van NAMPO Oesdag is gedurende NAMPO 2015 aangeteken.
- *@GrainSA Twitter* het gegroei en was deel van die top 10% internasionale sosiale media-rekeninge gedurende NAMPO 2015.
- Daar is boodskappe na meer as 30 000 *WeChat*-gebruikers uitgestuur.
- Suid-Afrikaanse sosiale media glanspersoonlikheids-ambassadeurs het NAMPO-nuus met meer as 400 000 volgelinge gedeel.

Hier is 'n paar van verlede jaar se *Facebook*- en *blog*-inskrywings, asook 'n paar twiets:

## Facebook

**Marketschool:** "Soos altyd baie goed georganiseer vir al die voete wat daardeur gaan. Goed gedoen, Graan SA!"

**Illne Klindt:** "Dit lyk so lekker, volgende jaar gaan ons! Hou solank jou datum oop!"

## Blogs

**Santa Gertrudis Suid-Afrika:** "Ons het 'n uitstekende NAMPO 2015 gehad en wil elke besoeker, helper en belangstellende bedank."

**Frense Ambassade in Pretoria:** "*French pavilion at NAMPO 2015: The NAMPO Harvest Day, Grain SA's agricultural fair, took place in Bothaville (Free State) from 12 to 15 May 2015. With 600 exhibitors and 70 000 visitors this year, NAMPO is the largest agricultural fair in sub-Saharan Africa. For the second consecutive year, BusinessFrance had a 'Pavillon France' involving ten companies in the sector. The event was very successful and highlighted the French offer in the agricultural sector.*"

## Twitter

**@wilhelmst5:** "Landbou is die hoeksteen van voedselsekerheid. Dit is wonderlik om te sien hoe @GrainSA met #NAMPO vanjaar SA se boere ondersteun."

**@SyngentaSA:** *"Africa's biggest #agricultural show @GrainSA NAMPO Harvest Day at NAMPO Park in Bothaville.*

**@OFM9497:** "OFM News: NAMPO Oesdag weer eens 'n dawerende sukses." ■

GEWAS TOT KRIP: GEELBASTERS OM DIE VEEBEDRYF TE VOER.



Die sleutel tot goeie risikobestuur is diversifikasie. PANNAR se voortreflike geelbasterpakket met verskeie groeiklasse en agronomiese eienskappe behoort 'n goeie opbrengs op jou belegging te lewer. Vertrou op PANNAR se geelbasters en kundige advies vir optimale produksie.

PANNAR®
Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2016 PANNAR BPK

2016/YMAIZE/A/03A

ULTRAMODERNE NAVORSING EN ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE
UITSONDERLIKE PRODUKTE EN GEWASPAKKETTE
GEWASVOORSORG
OPTIMALISEER PRODUKSIE
GEWASBESKERMINGS-BESTUURSPRAKTYKE

# Vier Oesdagvoorsitters kyk terug...

'n Produsent verloor tred met die nuutste ontwikkelings as hy nie die Oesdag bywoon nie, want dit is die ideale geleentheid om die buitewêreld se implemente en die fantastiese planne by die boerepatente te aanskou," sê hy.

Botma onthou 'n snaakse insident toe 'n pragtige dame met 'n spierwit katpak tydens 'n swaar reënbui van 'n droë gebied na 'n ander gebied probeer oorstap het. "'n Baie galante heer het haar opgeraap en wou haar oor die watergat help. Net voordat hulle die droë gebied kon bereik, het die man, wat vroeër die dag êrens tierwater in die hande gekry het, per ongeluk gestruikel en bo-op die dame in die water beland. Sy was natuurlik briesend en wou selfs die Oesdagkomitee opskroef om haar eer te red en die skade te herstel – ongelukkig sonder sukses."

## Vic Mouton

Mouton het gedurende sy termyn as voorsitter, wat van Februarie 2001 tot Junie 2005 geduur het, die Oesdag as 'n hoogtepunt op sy kalender ervaar. Elke jaar se Oesdag was vir hom die beste ooit. Die uitstallers het gedurende sy termyn van 513 tot 576 gegroei en die bywoning van die Oesdag het van 57 000 tot 68 000 toegeneem. "Ons het nie getalle nagejaag nie. Jy moet die regte besoeker by die regte uitstaller kry – die Oesdag is immers gereël om besigheid te doen." Mouton onthou dat almal daardie jare vrywillige werkers was wat verniet gewerk het, maar sê dat dit steeds wonderlik is om die nuutste landboutegnologie te sien en om al jou vriende weer raak te loop.

"Ek het wonderlike herinneringe aan my ampstermyn. Ek het een Woensdag omtrent die hele dag op 'n watertenk gesit en gekyk of die water nie gaan opraak nie! Ons het in daardie jare ook begin om die Oesdagterrein op te gradeer en te ontwikkel. Boorgate is oor tyd geboor om die watersituasie te verbeter en die elektrisiteitsisteem is opgradeer, oorgedoen en gekarteer. Ons het ook die toiletgeriewe op strategiese plekke opgerig en opgegradeer. Dit was belangrik dat die Oesdaggangers tevrede moes wees.

"Dit is belangrik vir produsente om die Oesdag te besoek, want só kan hulle verseker dat hulle aan die voorpunt van landboutegnologie bly en alles wat nuut is op een dag sien en ervaar," sê hy. Mouton, wat nou in Potchefstroom woon, is steeds betrokke by die boerdery naby Derby waar sy seun, Cobus, boer.

## Jub Jubelius

Jubelius het die leisels in Junie 2005 by Mouton oorgeneem en dié amp tot Junie 2011 beklee. In hierdie termyn het die uitstallers van 600 tot 672 toegeneem terwyl die bywoning van 68 000 tot 73 000 toegeneem het.







▲ 3: Vic Mouton
◥ 4: Jub Jubelius

Die vriendelikheid, positiewe gesindheid en wonderlike gees onder die mense was vir hom die heel lekkerste tydens sy betrokkenheid by die Oesdag. "Hoewel ons almal as vrywilligers by die Oesdag gewerk het, was die gees so lekker onder die produsente dat 'n mens hulle saans by die hek moes uitdra. Dit was vir hulle só lekker om daar te wees, dat hulle glad nie omgegee het om toegang te betaal nie en spesiaal verlof ingesit het om daar te kom werk."

Jubelius vertel dat hy al baie snaakse insidente by die Oesdag beleef het. Een insident wat nogal amusant was, is toe een van die sekuriteit se vragmotors een aand spoorloos by die hek uit "verdwyn" het. Die komitee is bymekaargeroep, maar die vragmotor het intussen weer wonderbaarlik sy verskyning gemaak. Sy enjin was nog warm, wat 'n teken was dat hy wel iewers heen gery het. Die vragmotor het gery en weer teruggekom sonder dat enigiemand geweet het waarheen dit was. Dit het later aan die lig gekom dat dit die sekuriteit self was wat met die diensvoertuig verdwyn het!

"Ek besoek nog steeds die Oesdag omdat die mense so positief en vriendelik is. Daar heers 'n atmosfeer wat jy nie op 'n ander plek sal kry nie. Alles wat jy in landbou soek, is op een terrein beskikbaar, ongeag of dit uitstallings, verskaffers, produkte, fabrikate of verskaffers is.

"Hierdie samevoeging van landbou-aktiwiteite is van onskatbare waarde. Die Oesdag is noodsaaklik vir 'n landbouer, ongeag waarmee hy boer. As 'n produsent nog nie daar was nie, weet hy nie wat hy mis nie," sê hy.

Jubelius woon deesdae op Kroonstad en is semi-afgetree. Hy boer nog deeltyds met beeste, maar sy seun hanteer die saaiboerdery en het die res van die boerdery grootliks oorgeneem. ■

# KOOP JOU kaartjies aanlyn

*SA Graan/Grain* redaksie

Besoekers aan Graan SA se NAMPO Oesdag wat lang toue by die hekke wil vermy, moet slim wees en hul kaartjies weer vanjaar aanlyn koop.

Me Rialeen Lombard (ondersteuningsbeampte vir die Oesdag) sê kaartjies is sedert Maart aanlyn by *www.ticketpros.co.za* te koop. Die pryse vir aanlynkaartjies is R80 vir Dinsdag en Vrydag en R90 vir Woensdag en Donderdag. Kaartjies by die hekke sal R10 duurder wees as bogemelde pryse.

Die kaartjies is datumgebonde vir 'n spesifieke dag. Besoekers wat aanlyn koop, moet op die dag kliek waarvoor hulle kaartjies benodig en dan vir spesifieke dae kaartjies koop. Betalings kan per kredietkaart gedoen word, waarna elke persoon sy kaartjies self kan druk.

Lombard raai mense ten sterkste aan om hul kaartjies vroegtydig vooraf aanlyn te koop om lang toue voor die NAMPO-hekke te vermy.

Mense wat nie hul kaartjies aanlyn wil koop nie, kan op die webblad *http://www.ticketpros.co.za/portal/web/index.php/outlets/* gaan loer by watter afsetpunte hulle alternatiewelik kaartjies kan koop.

Lombard sê daar sal borde met duidelike aanwysings by die hekke wees, asook persone wat besoekers met die skandering van kaartjies sal help.

"Drukgange met vaste skandeerders word by die hekke aangebring. Besoekers moet dan net hul kaartjies, wat hulle vooraf by die huis gedruk het, se strepieskode skandeer om in te gaan."

Die hekke maak om 07:00 oop en sluit weer om 17:00. Geen troeteldiere, fietse, karretjies of motorfietse word op die terrein toegelaat nie.

Vir meer inligting oor kaartjies, skakel haar gerus by 086 004 7246 of stuur 'n e-pos na *rialeen@grainsa.co.za*. ■



▲ **Drukgange met vaste skandeerders word by die hekke aangebring om die vloei van besoekers deur die hekke te verbeter.**





Maak op PANNAR se besproeiingsbasters staat vir buitengewone resultate. Ons ondersteun jou met nuttige boerdery oplossings en praktiese advies vir optimale produksie. Gebruik ons kundige advies tot jou voordeel.

PANNAR®
Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2016 PANNAR BPK

2016/IMAIZE/A/05A

ULTRAMODERNE NAVORSING EN ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE
UITSONDERLIKE PRODUKTE EN GEWASPAKKETTE
GEWASVOORSORG
OPTIMALISEER PRODUKSIE
GEWASBESKERMINGS-BESTUURSPRAKTYKE

# Verbind tot die ontwikkeling van 'n wye reeks geïntegreerde oplossings

**MAGDA DU TOIT,** korporatiewe kommunikasiebestuurder: Monsanto SS Afrika

Landbou word voortdurend deur uitdagings in die gesig gestaar. Klimaatsomstandighede is een van hierdie uitdagings en die huidige droogtetoestande wat in die land ervaar word, het hierdie uitdagings onderstreep.

Die gebruik van tegnologie op verskeie terreine in die landbou en verwante bedrywe neem toe. Enersyds omdat dit produktiwiteit verbeter, maar andersyds omdat dit ook meer moontlikhede meebring. Nuwe tegnologie, soos geïntegreerde presisieplanters en programme, word jaarliks verbeter en vind verdere toepassing wanneer gewasse geoes word. Ook in die verwerkingsbedryf word aanlegte jaarliks opgegradeer om prosesse te vergemaklik en te verbeter.

In dieselfde asem kry datawetenskap al meer prominensie, want nuwe tegnologie maak die deur oop vir die insameling van meer data. Dit is belangrik dat hierdie data egter weer sy pad terugvind na die land toe. Data wat bloot net ingesamel word, is nutteloos as dit nie geïnterpreteer en van toepassing gemaak word op die bestuur van die boerdery nie.

Daar word voorsien dat die gebruik, toepassing en stoor van landbou- en produksiedata die landbou in sy geheel gaan verander. Monsanto as landboumaatskappy probeer om hierdie tendens, asook uitdagings op vele vlakke, te antisipeer. In ons produkontwikkeling soek ons na oplossings wat dit vir die produsent makliker kan maak om hierdie uitdagings beter en makliker te bestuur.

Ons ontwikkelings en produkte word ontwikkel om 'n bydrae te lewer tot die verkleining van die landbouvoetspoor in die omgewing, maar kyk ook na die beskerming van die bestaande hulpbronne in die omgewing deur die impak van omgewingstoestande te verminder.

Die maatskappy is verbind tot die ontwikkeling van 'n wye reeks geïntegreerde oplossings om produsente te ondersteun en ons navorsing fokus op die verbetering van produktiwiteit van produsente, ongeag die grootte van hulle onderneming en die manier waarop hulle verkies om voedsel te produseer. Ons glo deur hierdie ontwikkeling kan ons volhoubare voedselproduksie en ekonomiese groei nie net in Suid-Afrika nie, maar op die groter kontinent aanhelp deur die innoverende oordrag van tegnologie, landbou-oplossings en verbeterde produkte.

Monsanto wil seker maak dat ons op die voorpunt van produkverbetering bly en is baie trots op die nuwe Dekalb-produkte wat ons vanjaar bekendstel. Hierdie basters vul ons bestaande reeks produkte aan en vul leemtes wat daar was. Hierdie produkte is beskikbaar vir die komende plantseisoen: DKC74-74BR en DKC74-26R; DKC71-44B en DKC71-42; DKC68-58BR en DKC68-56R; DKC62-52BR en DKC64-54BR; en DKC63-53.



## Besoek die saadplotte by NAMPO

By die NAMPO Oesdag (aangebied deur Graan SA) het besoekers wat by die saadplotte aandoen die geleentheid om meer oor die nuwe basters uit te vind. Ons gaan ook van ons tegniese toerusting, soos 'n presisieplanter, uitstal en daar sal verskeie kundiges wees wat kliënte met advies en aanbevelings vir verskillende verbouingsareas kan bedien. Benewens die mielie- en katoenkultivars, is daar ook stand-, rywydte-, chemiese-, plantdatum- en aalwurmproewe geplant.

Besoek gerus ook Monsanto se stalletjie by die Roodebank Saadkompleks (uitstalruimte 2). ■



**Monsanto se navorsing fokus op die verbetering van die produktiwiteit van produsente, ongeag die grootte van hulle onderneming en die manier waarop hulle verkies om voedsel te produseer.**




... sorg saam vir 'n volhoubare toekoms.

Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of
**customercare.sa@monsanto.com**

**DEKALB**® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

DEKALB
PLANT JOU SUKSES

MONSANTO




Die besproeiingskoringkultivars PAN 3400, PAN 3471 en PAN 3497 behaal groot sukses in die kommersiële aanplantings en beskik oor goeie siekteverdraagsaamheid en graderingseienskappe. Die wenkombinasie van droëland- en besproeiingkultivars is 'n goeie keuse.

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za

ULTRAMODERNE NAVORSING EN ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE

UITSONDERLIKE PRODUKTE EN GEWASPAKKETTE

GEWASVOORSORG

OPTIMALISEER PRODUKSIE

GEWASBESKERMINGS-BESTUURSPRAKTYKE

2016/WHEAT/A/23/A4

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2016 PANNAR BPK

# *Harnessing technology* for producers

CHRISTIN HUNTER, media manager: Pannar Seed

At Pannar Seed we have always believed that Africa has the potential to be the breadbasket of the world. There are tremendous opportunities for productivity improvements through technological innovation. We have seen first-hand how better performing maize seed products have a knock-on effect on producer profits and standards of living.

If we can get agriculture right on this continent, we can go a long way towards solving Africa's social, economic and food security issues. We live by our slogan 'Together we farm for the future'. We consider producers our strategic partners in this pursuit – we need to work together to be sustainable while feeding all of Africa's population.

Visit our stand at Grain SA's NAMPO Harvest Day (stand 14a to 14c) and seed plot (near the Caltex hall) to see first-hand how our access to world-class technologies results in a robust product pipeline of ever-improving seed products, including new maize hybrids with second generation stalk borer protection. Pannar has the broadest crop and seed portfolio in Africa. Whatever crops you grow, however nature challenges you, we can supply the right cultivars for your farming needs.

In our view, it is equally important to manage the environmental factors that erode genetic yield potential. Our Panacea® seed and crop protection and Panagri® crop production initiatives aim to do just that.

Panacea provides a complete risk management package spanning disease diagnosis, advice and guidance as well as seed treatments and fungicide and insecticide spray programmes. The Panagri programme, on the other hand, offers production management guidelines for optimising factors such as growth class, prolificacy, planting density and cultivar type for optimum yield.

To further package and extend this expertise we introduce Pannar Sprout™, a smartphone app that provides:

- Latest practical farming news.
- Information and a detailed overview of our products.
- Disease facts with explanatory photos.
- A hybrid comparison tool.
- Plant population recommendations.
- Estimated yields.
- Replanting calculator.

Visit our stand at NAMPO to see how our producers are now equipped with a pocketful of useful information. Bring us your burning questions, we're ready to help with practical, localised advice to make the most of every inch of your farm, making you more resource efficient and profitable. ■




▲ Explaining Pannar's handy farming app to a visitor at the Delmas Extravaganza.

Roundup Ready®, YieldGard®, Genuity® and design are trademarks used under license from Monsanto Technology LLC

# MONSANTO en jy ...

## ... sorg saam vir ons gemeenskap.

Het jy geweet dat jy en **MONSANTO** 'n belangrike rol speel in die skep van 'n gesonde gemeenskap?

**MONSANTO** was instrumenteel in die stigting van die Buhle Akademie waar boere in-diens opleiding ontvang en is ook in jou gemeenskap betrokke by skoleprojekte, die instandhouding van skoolbussies, vrouedae, sportaktiwiteite, gemeenskapopleiding, natuurbewaring, veiligheidsaksies en ander skenkings.

Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of
**customercare.sa@monsanto.com**




**Saam sorg ons vir 'n volhoubare toekoms.**



MONSANTO

uppe marketing A13604

Monsanto is 'n geregistreerde handelsnaam van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

GRAAN SA/GRAIN SA

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY

# VOERTUIE EN TOEBEHORE





▲ 'n Aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters – met 'n bemande beheertoring tydens die Oesdagweek – is vanaf 1999 op die terrein gevestig. 'n Totaal van 365 vliegtuie en helikopters het gedurende die 2015-Oesdag hier geland.

# KOM ERVAAR die opwinding

**_SA Graan/Grain_ redaksie**

Vir avontuurlustige Oesdagbesoekers is 'n besoek aan die 4x4-hindernisbaan, aan die suidekant van NAMPO Park, 'n móét. Hier sal jy verstom staan oor wat hierdie voertuie – met die regte bestuurder agter die wiel – kan vermag.


Nuwe uitstallers wat vanjaar vir die eerste keer hul voertuie by Graan SA se NAMPO Oesdag vertoon, is Kia Motors SA, Chrysler SA en Jaguar Land Rover SA, wat ook besluit het om te kom wys waartoe hulle voertuie in staat is. Nes verlede jaar word die 4x4- en *side-by-side*-demonstrasies op dieselfde baan, maar apart van mekaar, gehou. Die *side-by-sides* kom direk ná die 4x4's aan die beurt.

Demonstrasies vind daagliks om 10:00 en 14:00 op die demonstrasiebaan reg langs standplaas 152b plaas.

Buiten die drie nuwe uitstallers, gaan die volgende vervaardigers vanjaar hul produkte demonstreer: Ford Motor Company, Foton SA, General Motors SA, Iveco SA, John Deere, Mahindra SA, Mercedes-Benz SA, Mitsubishi SA, Nissan SA, Smith Power Equipment, Suzuki SA, TATA SA, Toyota SA Motors en Volkswagen Commercial Vehicles. ■




▼ Sonder 'n gesukkel tot heel bo – as dit by 4x4's kom, is grootte nie al wat tel nie.




**DUBBELKAJUIT** 2.4 GD-6 4x4 SRX 6MT | 2.4 GD-6 4x4 SR 6MT | 2.4 GD-6 RB SRX 6MT | 2.7 VVTi RB SRX 5MT | 2.8 GD-6 RB RAIDER 6MT | 2.8 GD-6 RB RAIDER 6AT | 2.8 GD-6 4x4 RAIDER 6MT | 2.8 GD-6 4x4 RAIDER 6AT | 4.0 V6 RB RAIDER 6AT | 4.0 V6 4x4 RAIDER 6AT **ENKELKAJUIT** 2.0 VVTi 5MT | 2.0 VVTi 5MT A/C | 2.4 GD 5MT | 2.4 GD 5MT A/C | 2.4 GD-6 RB SRX 6MT | 2.4 GD-6 4x4 SRX 6MT | 2.4 GD-6 4x4 SR 6MT | 2.7 VVTi RB SRX 5MT | 2.8 GD-6 RB RAIDER 6MT | 2.8 GD-6 4x4 RAIDER 6MT | **XTRAKAJUIT** 2.4 GD-6 RB SRX 6MT | 2.8 GD-6 RB RAIDER 6MT | 2.8 GD-6 4x4 RAIDER 6MT |

Toyota SA @ToyotaSA

HILUX

BH67659/A




FORD RANGER

# New tougher, smarter, more capable *bakkie*

**MINESH BHAGALOO,** Ford Motor Company South Africa

The new Ford Ranger establishes new benchmarks in the light commercial vehicle (LCV) segment with an uncompromised blend of robust capability, craftsmanship and advanced technology.

The new Ranger will continue to be produced at Ford's Silverton assembly plant in Pretoria and will be exported to 148 markets in Africa and Europe. The Duratorq TDCi engines are manufactured at the Struandale engine plant in Port Elizabeth.

The updated exterior has been combined with a stylish new interior that creates an even more comfortable, contemporary and car-like environment for the driver and passengers. Behind the steering wheel, a new dual thin film transistor (TFT) instrument cluster provides drivers with information about the vehicle, as well as entertainment and cell phone features at a glance.

With an exceptional 800 mm water wading depth, and with 230 mm of ground clearance, it is designed and engineered to handle the most extreme terrains with ease. Thanks to a 28° approach angle and 25° departure angle, drivers in the new Ranger can feel confident when taking on steep obstacles.

A robust electronically controlled transfer case allows drivers in 4x4 models to shift-on-the-fly from 4x2 to 4x4 high via a knob on the centre console. For low-speed torque or additional downhill control, drivers can also engage low-range 4x4 gearing, while an electronic locking rear differential helps to improve traction in difficult conditions. These off-road strengths are matched to a towing capability of up to 3 500 kg and impressive payload capacity.

The driving experience is further enhanced by an electric power-assisted steering system. With electric power assisted steering (EPAS), steering is light and manageable for low-speed manoeuvring, such as parking, and precise at higher speeds.

Engineers fitted the new Ranger with advanced sound-deadening materials and improved insulation for one of the quietest cabins.

SYNC®2, the company's in-car connectivity system, gives drivers smarter and safer ways to stay connected and is standard on the new Ranger XLT and Wildtrak. Using natural voice commands the driver can control the multimedia system. An eight-inch touchscreen places more controls at the driver's fingertips too.

The entire new Ranger line-up features an impressive level of standard equipment, including electronic stability program (ESP) and ABS on all but the base model (ABS is an option).

The ESP system integrates traction control, hill launch assist, hill descent control, adaptive load control and trailer sway control, while ABS includes emergency brake assistance and electronic brake force distribution.

In addition, the top-specification new Ranger Wildtrak gets lane keeping alert and lane keeping aid, adaptive cruise control with forward alert, tyre pressure monitoring system, driver impairment monitor, as well as front and rear park assist.

The new Ranger's impressive power, capability, payload and towing capacity are made possible thanks to the latest generation of powerful, more refined and fuel-efficient Duratorq TDCi diesel engines, as well as the proven Duratec petrol unit.

Ford's mighty 3,2-litre Duratorq TDCi five-cylinder diesel engine tops the range, and has earned an impressive reputation for its segment-defining levels of performance. Upgrades include a new exhaust gas recirculation system that helps improve fuel efficiency by up to 18%, while still producing 147 kW of power and 470 Nm of torque.

Similarly, the revised 2,2-litre four-cylinder Duratorq TDCi benefits from a raft of upgrades in the interests of performance, refinement and efficiency. The peak outputs of the high-power derivative climb from 110 kW on the previous model, to 118 kW while torque is boosted by 10 Nm to an impressive 385 Nm.

An economical mid-power 2,2 Duratorq TDCi engine is also available in certain models, producing 88 kW and 285 Nm. The new Ranger is also available with Ford's dependable 2,5-litre Duratec petrol engine, providing 122 kW of power and 226 Nm of torque.

Depending on derivative, the new *bakkie* is equipped with a six-speed manual or automatic transmission, or a five-speed manual on the mid-output diesel and petrol versions.

The new Ford Ranger is available in a wide range of models and specification levels, with a total of 33 derivatives.

All models are sold with a four-year/120 000 km comprehensive warranty, five-year/100 000 km service plan (excluding base derivatives), three-year/unlimited km roadside assistance and five-year/unlimited km corrosion warranty.

Service intervals are every 20 000 km on both petrol and diesel derivatives. All 4x4 vehicles sold include a free 4x4 training course.

Visit the Ford stand (stand 129) at Grain SA's NAMPO Harvest Day for more information. ■



▲ **Built Ford tough.**

# Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie: Beweeg saam met die tye

28 jaar

**GRAAN SA SE NAMPO OESDAG 2016: 17 - 20 Mei**




## AMPTELIKE INSKRYWINGSVORM

### Aangebied deur Graan SA en Omnia. Vindingryke produsente kry weer geleentheid om gemodifiseerde landboutoerusting te demonstreer.

Die doel van die Boerepatentekompetisie is om produsente met oorspronklike idees aan te moedig om toerusting wat deur hulle gebou is vir spesifieke aanwending of vir die doel om hul eie probleme op die plaas te oorkom, met hul medeprodusente te deel wat sal lei tot algemene en groter doeltreffendheid en gerief op die plaas.

**Wat is 'n boerepatent?**
Dit is 'n oorspronklike toestel of toerusting wat deur 'n individu ontwerp en gebou is om in 'n spesifieke behoefte te voorsien wat nie deur bestaande toerusting bevredig word nie. Die toestel of toerusting mag nie gepatenteer wees nie en mag deur enige persoon vir eie gebruik nageboots word. Sien ook Reël 9.

**Inskrywings**
Rig alle inskrywings aan mnr Wim Venter, Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660. Daar sal dan 'n eerste keuring gedoen en 'n sertifikaat van deelname aan alle gekeurde inskrywings uitgereik word. Inskrywingsvorms is ook beskikbaar by die Graan SA-kantoor – skakel hulle by 086 004 7246.

Let wel: Sou jou patent van so 'n aard wees dat dit nie voor die tyd vervoer kan word nie, is ons meer as bereid om 'n DVD/video te ontvang (ten minste 'n maand voor die kompetisie) of as jy graag van die nuutste inligtingstegnologie wil gebruik maak, kan jy dit op *YouTube* plaas – stel egter dan net vir Wim Venter daarvan in kennis.

1. **Naam:**.................................................................
2. **Adres:**.................................................................
3. **Kontaknommer:**.........................................................
4. **Dui met 'n kruisie die afdeling aan waaronder jy inskryf:**
   - A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
     - ☐ A1: Nuut ☐ A2: Gemodifiseer/aangepas
   - B. Gereedskap
     - ☐ B1: Nuut ☐ B2: Gemodifiseer/aangepas
   - C. Huishoudelike-/tuintoerusting
     - ☐ C1: Nuut ☐ C2: Gemodifiseer/aangepas
   - D. Ope-afdeling
     - ☐ Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).
   - E. Skoliere
     - ☐ Enige leerling wat 18 jaar of jonger is en wat by 'n primêre of sekondêre onderriginstelling ingeskryf is.
   - F. Studente
     - ☐ Enige leerling wat 18 jaar of ouer is en wat by 'n tersiêre onderriginstelling ingeskryf is.
5. **Volledige beskrywing van toestel/toerusting en algemene inligting:**
.................................................................
.................................................................
.................................................................

**Ek onderneem om by die reëls van die kompetisie te hou.**

**Geteken:**.................................................................

**Naam en van in blokletters:**.................................................

## REËLS VIR DIE KOMPETISIE

1. Ingeskrewe artikels moet op die voorgeskrewe wyse by die Graan SA NAMPO Oesdag ten toon gestel word. Daar sal van die uitstaller verwag word om sy patent prakties te demonstreer vir die duur van die NAMPO Oesdag, met ander woorde, al vier dae.
2. Inskrywings sal slegs op die amptelike inskrywingsvorm aanvaar word.
3. Inskrywingsvorms moet Graan SA se kantoor minstens twee weke voor die aanvang van die NAMPO Oesdag bereik. Behalwe in die geval van 'n DVD/video, moet dit die beoordelaars ten minste een maand voor die tyd bereik.
4. Die uitstaller is verantwoordelik vir die vervoer van en toesig oor sy patent gedurende en na afloop van die uitstalling.
5. Graan SA of Omnia kan geensins verantwoordelik gehou word vir enige verliese gely deur die uitstaller weens sy deelname aan die kompetisie nie.
6. Patente (en uitstallings) moet die oorspronklike idee van die uitstaller wees.
7. Slegs bona fide produsente of ander individue wat geen belang by die kommersiële vervaardiging van soortgelyke toerusting of toestelle het nie, mag inskryf.
8. Geen toerusting wat kommersieel bemark of in die proses van registrasie is, mag meeding nie.
9. Die inskrywing van gepatenteerde produkte wat omgeskakel word in 'n nuwe patent, sal toegelaat word mits dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
10. Die aangewese beoordelaars se beslissing ten opsigte van die toekenning van pryse is finaal en geen appèl teen enige besluit sal aangehoor word nie.
11. Die beoordelaars sal pryse toeken na goeddunke en inskrywings afkeur wat volgens hul oordeel nie inpas nie.
12. Afdelings waaronder deelgeneem kan word:
    - A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
      - A1: Nuut
      - A2: Gemodifiseer/aangepas
    - B. Gereedskap
      - B1: Nuut
      - B2: Gemodifiseer/aangepas
    - C. Huishoudelike-/tuintoerusting
      - C1: Nuut
      - C2: Gemodifiseer/aangepas
    - D. Ope-afdeling
      - Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).
    - E. Skoliere
      - Enige leerling wat 18 jaar of jonger is en wat by 'n primêre of sekondêre onderriginstelling ingeskryf is.
    - F. Studente
      - Enige leerling wat 18 jaar of ouer is en wat by 'n tersiêre onderriginstelling ingeskryf is.
13. (a) Uitstallings moet op die laatste Maandag, 16 Mei 2016, teen 14:00 op die terrein wees. Kundige teenwoordigheid vir die duur van die NAMPO Oesdag word verwag. Inskrywingsvorms moet saam met die patent by die ingangshek getoon word.
    (b) Geen uitstalling mag voor Saterdag, 21 Mei 2016, verwyder word nie.
    (c) Alle inskrywings word as permanente uitstallings vir die duur van die NAMPO Oesdag beskou. Waar daar byvoorbeeld van 'n voertuig soos 'n bakkie gebruik gemaak word om 'n patent te demonstreer, sal die bakkie as 'n permanente deel van die uitstalling beskou word en mag dit nié tydens die periode wat die NAMPO Oesdag duur, van die terrein verwyder word nie. *Sien 13(a)*.

**Beoordeling vind op 17 Mei 2016 plaas en produsente word genooi om patente te kom besigtig op standplaas 104 langs die Omnia-gebou. Moet dit nie misloop nie!**

# DIERE




Die Oesdag se rol as gespreks- en dialoogplatform het sedert 2013 beslag gekry met die *Nasie in Gesprek*-forum waarvan daar tydens die Oesdag-week TV-opnames gemaak en dan wyd gebeeld-send word. Dié toevoeging stimuleer diskoers wat gevoer word oor aktuele landbousake asook makro-faktore wat die ekonomie en samelewing beïnvloed.

# BOEREPATENTEKOMPETISIE – gee jou verbeelding vrye teuels

**SA Graan/Grain redaksie**

Hierdie jaar se Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie bied aan produsente die ideale geleentheid om die boer die kuns af te vra. Die kompetisie vind plaas tydens die 50ste NAMPO Oesdag (aangebied deur Graan SA) en spog met twee splinternuwe afdelings.

Kennis is mag en die hoofdoel van hierdie jaar is om meer jong mense (toekomstige produsente) te betrek aangesien hulle tog die toekoms van landbou is. Derhalwe is die besluit verlede jaar geneem om 'n nuwe kategorie vir studente te skep en hierdie kategorie is vir die 2016-kompetisie uitgebrei na skoliere.

Daar kan vir die volgende afdelings ingeskryf word:

- Masjinerie, implemente en landboutoerusting – die uitvindsel of patent moet van die nuutste tegnologie gebruik maak om boerdery te vergemaklik.
- Gereedskap – dit sluit in enige uitvindsel wat betrekking het op landbouwerkswinkels.
- Huishoudelike- en tuintoerusting – patente wat 'n verskil in om die huis maak.
- Ope-afdeling – die afdeling is oop vir enige individu met 'n patent wat relevant is vir die verbetering van boerdery (graan en vee).
- Skoliere – enige leerling wat 18 jaar of jonger is en wat by 'n primêre of sekondêre onderriginstelling ingeskryf is.
- Studente – enige leerling wat 18 jaar of ouer is en wat by 'n tersiêre onderriginstelling ingeskryf is.

## Tegnologie is die toekoms

Aangesien dit moeilik kan wees vir die jong mense om hul uitvindsels by NAMPO Park uit te stal (omrede hulle nie hul eie vervoer het nie en ook omdat die kompetisie gedurende skooltyd is) is daar voorsiening gemaak om hulle te akkommodeer.

Studente en skoliere mag dus deur middel van e-pos inskryf. Die videogreep van jou uitvindsel sal op die skerms by die Boerepatente vertoon word.

Indien jou patent van só 'n aard is dat dit nie vooraf vervoer kan word nie, is dit moontlik om 'n DVD/video ten minste 'n maand voor die kompetisie te stuur of op *YouTube* te laai. Kry jou inskrywingsvorm op bladsy 108 van dié uitgawe.

Oesdagbesoekers kan gerus op standplaas 104 langs die Omnia-gebou presies gaan loer hoe maak 'n boer 'n plan! ■




André Dippenaar (CP Minnaar en seun Boerdery en Vervoer, Letsitele) by die mobiele insleepkraan wat verlede jaar by die Oesdag met 'n spesiale toekenning vereer is. Hierdie sleeptoestel het drie en 'n half jaar geneem om te voltooi en pas soos 'n sleepwa op 'n vragmotor se perd.

# DIE VIERVOETIGES BY NAMPO

## – altyd die moeite werd om te sien

*SA Graan/Grain* redaksie

### DAAGLIKSE VEEVERTONINGS

**Beesprogram**
**08:00 tot 17:00** – Statiese vertoning van beesrasse in die KK Animal Nutrition Beeskompleks en Suiwelkompleks
**15:00** – Beesrasbekendstellingsparade

**Skaapprogram**
**08:00 tot 17:00** – Statiese vertoning van skaaprasse in die MSD Animal Health Skaapkompleks
**14:00 tot 17:00** – Statiese vertoning, sowel as skaapskeer-, wolklas- en hanteringsdemonstrasies by die MSD Animal Health Skaapkompleks

**Perdeprogram**
**08:00 tot 17:00** – Statiese vertoning van perde agter die MSD Animal Health Skaapkompleks
**16:00** – Perderasbekendstellingsparade

Of jy nou 'n stadsjapie of 'n plaasjapie is, 'n besoek aan die viervoetiges sal definitief een van die hoogtepunte word tydens jou besoek aan Graan SA se NAMPO Oesdag.

Die veekompleks huisves soos altyd 'n reuse-verskeidenheid groot- en kleinvee. In die KK Animal Nutrition Beeskompleks sal jy die gebulk van die verskeie beesrasse – van Afrikaner- tot Sussex – kan hoor. Bring gerus besoek aan die beestelersgenootskappe en uitstallers wat hierdie verskeidenheid beesrasse in Suid-Afrika verteenwoordig. In die Bees Anneks kan belangstellendes na die Chianina- en Senepolbeeste gaan kyk.

By NAMPO word die skape en bokke nie van mekaar geskei nie en kan besoekers skape en bokke van verskillende rasse hoor blêr in die MSD Animal Health Skaapkompleks. Die Varktelersgenootskap van Suid-Afrika staan ook hul plek vol om kennis met mede- of potensiële varkprodusente te deel. Verskeie ander uitstallers, wat byvoorbeeld skaapskeertoerusting verskaf, sal ook in dié kompleks gevind word.

Die skaapskeer-, wolklas- en hanteringsdemonstrasies wat daagliks vanaf 14:00 tot 17:00 by die Skaapkompleks te sien is, lok jaarliks baie belangstelling. Statiese vertonings van skaaprasse word ook hier aangebied.

1


Die Fries- en miniatuurperde pronk in die uitstalruimte agter die MSD Animal Health Skaapkompleks. Indien jy meer oor hierdie spogdiere wil uitvind, kan jy die kenners in hierdie saal gaan uitvra. Moenie die perderasbekendstellingsparades en -demonstrasies daagliks om 16:00 misloop nie!

Weens die groei in die wildbedryf, word wildverwante uitstallers ook sedert 2014 by Graan SA se NAMPO Oesdag geakkommodeer. Besoek hulle in die Hinterland-saal en Caltex-verlenging. ■

2



**1: Die miniatuurperdjies trek jaarliks baie belangstelling van veral die jonger geslag.**
**2: Oesdagbesoekers moet nie die skaapskeerdersdemonstrasies misloop nie.**
**3: Oud en jonk geniet dit om aan die wollerige Angorabokke te vat.**

3


# Graan SA se NAMPO Oesdag
# Grain SA's NAMPO Harvest Day

Skematiese voorstelling van NAMPO Park
Schematic presentation of NAMPO Park

NAMPO PARK TERREINKAART
AANWYSING VIR LEDE NA GRAAN SA KLUBHUIS




The Bulk Grain Storage Revolution!
A complete and cost effective system for your grain storage.
Silo Bag®
www.silobags.com
Baggers
De-Baggers
Sweepers
Silo Bags
Fertilizer Carts
Grain Carts
Forage Baggers
Silo Seala - Exclusive to Silo Bag
Wilhelm Grütter
Tel: +27(83) 457-9372
wg@silobags.com
Jan Dreyer
Tel: +27(83) 279-3211
jd@silobags.com
Fax: +27(58) 303-9600
37 Naude Street, Bethlehem, 9700
PO Box 2319, Bethlehem, 9700

# AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiers





Met uitstaande standaard eienskappe en verskeie opsies:

NUUT: Internetbeheer



Spilpunte word in-huis gegalvaniseer; minimum 100mikron (1.8 keer die ISO 146 standaard). Dit beteken 80% langer lewensverwagting.



"Windsaver" masjiene is stabiel en vir 4 jaar gewaarborg teen omwaai.



"Cablesaver" beperk kabel diefstal. Die kabel loop binne-in die pyp en word nie maklik bygekom nie.



"Autoflush" spoel die spilpunt wanneer die pomp aankom.



Die AGRICO 3-been senter met sy wye voetspoor is besonder stewig.



AGRICO naatlose diens: Opmeet, ontwerp, vervaardiging, aflewering, oprigting en naverkopediens.

NAVRAE: Alfred Andrag 082 824 1214 ☎ 021 950 4111 950 4208 alfred.andrag@agrico.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

• Aliwal-Noord • Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Vredendal •

**AGRICO**

*Meer as 100 jaar van diens!*
*More than 100 years' service!*